# DIE NUWE NOOT

BEVATTENDE OOK DIE VERHAAL

## DIE JAAR 1925

DEUR

FRANCOIS J. HAARHOFF
Bus 92, Graaff Reinet.

Prys per eksemplaar 2/6 of Posvry 2/9.
Gewone diskonto aan Boekhandelaars.

Verkrybaar by
DIE VOLKSBLAD BOEKHANDEL, Bus 325, Bloemfontein.
En by alle Boekwinkels.
Ook by die Skrywer F. J. HAARHOFF, Bus 92, Graaff Reinett.
1920.

## TOEWYDING.

,,Elke menselike siel het 'n behoefte. Die uitdrukking van daardie behoefte verskil in die indiwidu, maar daar is nie één wat dit nie voel nie. Dit is 'n geestelike behoefte wat die vorm neem van die besondere ontwikkeling van 'n siel. Dit is 'n diepe honger, wat nie kan versadig word deur die uiterlike dinge, hoe ryk ook al die siel daarin is. Maar die meeste, met onvoldoende kennis, en verlei deur verskynsels, soek om hierdie honger te stil deur te ywer na stoffelike besittings, met die hoop om also hulle behoefte te voorsien, en om vrede te bekom. Maar die behoefte is geestelik. Sommige soek dit onbewus; andere, wat verder gevorder is, soek dit in volle bewustheid. Hulle wat in volle bewustheid soek is hoog geseen. Hulle *moet* die regte pad kry, na die ywer van hulle soek. Kristus het dit belowe! Dit is sulke wat in die ,,enge weg'' wandel, reguit na die Vader. Die wat onbewus soek, loop nog in die maklike, breë weg van ewolusie. Vir 'n tyd mag dit hulle geluk om 'n valse vrede te verkry, maar hulle is besig om vir hulle self 'n weg te baan, waarlangs hulle sal moet loop met bloeiende voete, met groeiende en onversadigde honger, en uiteindelik sal daardie siel moet gedrywe word, deur die sweep van Liefde, om uit te roep na sy verlore erfenis, sy ewige erfenis van die Vader se liefde.''—(James Allen).

Hierdie boek is toegewy aan die wat in volle bewustheid soek; hulle wat nie langer hulle vrede kan vind in die uiterlike, die stoffelike genot, wat nie hulle honger kan stil met die doodse selfsug, eie-geregtigheid, en eie-eer van die ortodoksie. Hierdie waarhede is vir die wat genoeg ontwikkel is om dit te ontvang, vir die soekende siel wat voorberei is om dit aan te neem.

Geseen is hulle wat ernstig en verstandig soek, want dit is 'n saak van onmoontlikheid, dat hulle tevergeefs sal soek. Die wat soek MOET vind die onuitputtelike fontein van Vrede, wat alle verstand te bowe gaan.

DIE SKRYWER.

# VOORWOORD.

Waarom het ek hierdie boek geskrywe? Omdat ek nie anders kon nie. Die Gees van Liefde het my daartoe gedrywe! Ek het gevoel dat sulk 'n taak vir my te groot is, dat ek te klein is om sulk 'n boodskap af te lewer, maar Gods Gees het vir my oortuig dat dit nie die Wil van die Vader is om die ryke, die grote, die Godgeleerde, te gebruik om Sy boodskap te doen nie, maar die nederige, die ongeleerde. Kristus het nie Sy dissipels gesoek onder die Fariseërs, of by die Skrifgeleerdes nie, maar by die nederige, die ongeletterde vissers by die See van Galilea! Net soos Jonah sou ek graag gesien het dat iemand anders die werk sou doen, want ek weet goed dat die „Vyand" grote struikelblokke in my weg sal lê om my te hinder om so 'n boodskap die wereld in te stuur, en ek weet goed dat die ortodoksie magtig is, sterk genoeg om my te vernietig, te verpletter, met boodskap en al! Maar Gods Gees sê vir my, dat dit Sy behae is om Sy sterkte te toon in my swakheid.

Ek het my bes gedoen om te gehoorsaam—die uitwerking laat ek oor aan die bestiering. Is dit Sy boodskap, dan sal geen mag op aarde of in die ganse Heelal, dit kan stuit of vernietig nie. Is dit somaar my eie verbeeldingskrag, dan sal dit verval en te niet gedoen word, soos 'n ontydige lemoentjie, wat deur die ryp ten einde gemaak word.

My doel is nie om iemand seer te maak nie, maar om die te help wat, net soos ek, s o e k e n d e is na die Waarheid, en tevergeefs soek in die ortodoksie. Dit is v e r b a s e n d hoeveel sulke daar is! 'n Mens vind nie uit hoeveel voordat jy begin te praat met sulke nie. Baie het die gevoel, maar is bevrees om te praat, om te verneem na verder lig, want die ortodoksie is magtig! Dan ook is daar altyd die vrees vir die „*Hel*" voor die oë van die een wat mag durf om te twyfel aan enig iets wat die „Godsgeleerde" mag verkondig! Van kinderdae word ons geleer dat daar 'n ewige ver-

doemenis van Helse vuur wag vir die een wat durf om sy eie gedagte te vorm van die Ewige Waarhede Gods. Meeste van ons *is* dan so gebonde aan daardie vrees vir die ortodoksie, dat al was dit dat 'n Engels des Ligs tot ons kom met die „blyde boodskap," daar is geen „Hel" nie, daar is geen ewige verdoemenis nie, daar is net LIEFDE in die ganse Heelal van die God van Liefde!" Dan sal ons uitroep met siddering en bewing: „Wyk Satan! Ga weg van my met jou valse leuens!"

Ja! So is dit! Kristus het wel gevra: „Sal die Soon des Mensen geloof vind op die Aarde, wanneer Hy weer kom?" Ek twyfel ook—somtyds!

Wanneer ek praat van die sogenaamde Kristelike Kerk, dan bedoel ek nie die een of ander besondere Sekte nie. Ek spreek in die algemeen. Veral bedoel ek nie die Hollandse Kerk in uitsondering nie. Ek weet dat die Hollandse Kerk 'n groot werk volbring in die volkslewe. Ek weet dat die Kerk 'n bestemde doel bereik, maar dit is daarom nie te sê dat die tyd nie nou gekom is om die *grote* doel van haar bestaan te bereik nie! Die *doel van Kristus*!—om te word „Die Bruid van die Lam." *Is dit nou so*?

My doel is nie om af te breek nie, maar om op te bou. Ek sien die goeie hoedanighede van die Kerk. Nou dat my oë geope is, sien ek meer dan ooit dat daar predikante is wat hoër oogmerke het dan eie ambiesie; dat daar waarlik sulke is wat die gebod van Kristus vervul om „Sy Lammers te wei, Sy kudde te hoed!" Ja, dat daar vele lidmate is wat aan die Kerk gebonde is deur hulle liefde vir die Saligmaker! Maar hoeveel? Kan daar nie baie meer wees nie? Ons is nie almal so vol van die nederige liefde, sodat ons die liefde kan vind, sonder dat die aantrekkingskrag van Gods Liefde in die Kerk geopenbaar is nie. Ons soek die Openbaring van die Liefde in die lewe, sowel as in die Leer.

As die Kerk maar net wil erken dat die Vader vandag nog net so vol Liefde is, as in die dae van Abraham, Moses, Samuel en die ander profete! Dat God nog Sy kinders ken, en Sigselwe aan hulle openbaar, as hulle net gewillig is om

te ontvang. Die Kerk staan stil by die ouere openbaringe, en om stil te staan is om agteruit te gaan! Dit is 'n Wet van die Natuur! Die Wysheid van die Skepper eis dat ons moet *vorentoe* gaan; vooruit in die kennis van Sy Wysheid!

Aan die ou profete het die Vader Sy wysheid geopenbaar na hulle vatbaarheid, na hulle toestand van ewolusie.

Die mens vorder in vatbaarheid, in bekwaamheid van verstand. Vandag is daar siele wat verder gevorder is dan Abraham, of Moses, of selfs Salomo! Aan hulle het God die beginsels der Wysheid geopenbaar. Deur Kristus het die Vader ons veel meer geopenbaar! Deu Hem is aan ons bekend gemaak die *volheid* van die Wysheid. En—met al ons vordering verstaan ons vandag nog nie die Volheid van die Leer van Kristus nie! Die tyd was nog nie daar nie. Die ontwikkeling van die mensdom was nog nie bekwaam nie. Al die tekens van die tyd toon dat die rypheid, die bekwaamheid nou begin te kom. Die Gees van Liefde is nou besig om die verstand te open van almal wat gewillig is om die *Volheid* van die Leer van Kristus te verstaan! ,,Die Ewige Evangelie'' van ons Leidsman, die Evangelie van LIEFDE! Ja, Kristus Self stort die invloed van Sy Liefde in die harte van Sy ontwikkelde volgelinge.

Die wat wil, mag kom: *Almal* wat gewillig is! Daar is geen partydige uitwerking nie.

Doen die Kerk—die Kerk wat die naam van die Kristus dra haar plig?

Dit is waar, daar is 'n ontwaking: In Amerika word 'n poging gedaan om daardie aartsvyand van die vordering van Kristelikheid, die Sektegees, te beveg. Nie minder dan twee-en-twintig Sektes het hulle aangesluit by 'n beweging om die skeiding tussen sekte en sekte te eindig, om die leërs van Kristus te verenig. Mag dit geluk—deur die Liefde!

Maar hoor wat 'n groot Kerkman self sê van die hedendaagse Kerk.

Dit is Bisskop Lloyd van Illinois, Amerika. Hy skrywe in die ,,Chicago Daily News'': ,,Die Kerk wat die naam van Kristus vir sigself toeëien, is die mees onkristelike instituut

in die hele wereld. Dit is nou, selfsugtig, vermetel, onverdraagsaam en baie jaloers op haar eie plek *in die wereld*, terwyl in tussentyd daar duisende siele is wat met blydskap die boodskap van selfverlogende leraars sou ontvang, maar die nou nie in staat gestel word nie om naby te kom, by daardie hulp en inspirasie wat te vinde is by die gees van sulke helde soos Paulus en St. Francis nie. Eers moet die verdelging kom, en dan die konstruksie, as die hoër beroep van die Verlosser ooit moet deurdring, deur daardie sisteem van die instituut wat vir haarself Sy *naam* toeëien, *maar* die wat Sy Boodskap vergeet het."

Ons moet erken dat daar maar min van die gees van Paulus en van die ander Apostels te vinde is in die Kerk van vandag, om nie eers te praat van die Gees van Kristus nie. Ons moet buitekant die Kerk gaan om daardie Gees nou te vind!

Of is dit waarlik soos gesê word, dat die sogenaamde Kristelike Kerk haar doel in die Voorsienigheid nou volbring het, en dat sy *nou moet* afgebreek en vernietig word—soos dit alreeds gebeur daar in Europa—sodat die *ware* Kerk van Kristus kan opgerig word? Dat die Kerk gefeil het in haar roeping, en moet plaas maak vir 'n nuwe inrigting? Moet die Kerk dan ook deel in die algemene omwenteling? Dit mag wees? Ek weet nie. Maar dit lyk amper so. Maar dit weet ek: Die Kerk het nie gefeil in haar bestemde roeping—tot vandag toe nie! Anders kon sy nie bestaan het nie.

Die Kerk het ongetwyfeld haar werk in die „plan" volbring, soos bestemd deur die Wysheid, vir die Ewolusie van die Mensdom. Maar dit is duidelik dat daar nou 'n verandering sal moet kom. Die Kerk sal *moet* verander, meer in eenstemming kom met die Ware Leer van Kristus, of plaas maak vir 'n nuwe *orde*!

Dit is nie onmoontlik vir die Kerk om te verander nie. Veral hier in Suidafrika is die Kerk, met al haar foute, nog nie so ver afgedwaal dat sy nie kan terugkom na die gebode van die Kristus nie.

Daarom is my doel nie om af te breek nie, maar om op te

bou! Laat ons almal saam werk in liefde, en alles is moontlik in die naam van die Liefde! Maar laat die Kerk aanhou om die Gees van Liefde, en van die Openbaring teë te werk, dan kan daar net één gevolg wees: Verdelging!

„Wanneer die Soon des Mensen weer kom, sal Hy geloof vind op die Aarde?"

God sy dank! al verstoot die Kerk Hem, wanneer Hy kom, Hy sal nie geheel verlogen word nie! Die Gees van Liefde werk nie te vergeefs nie—al is dit ook al buite die sogenaamde „Kerk." Die ware Kerk van Kristus bestaan nie uit vier mure, deur mensehande gemaak nie. Dit bestaan uit alle harte wat die Leer van Kristus aanneem en *volg*!

Dit sal die predikante verbaas hoe veel siele daar is wat nominaal aan die Kerk behoor, *uit vrees vir die wereld*, maar wat hulle geestelike saligheid soek *buite die Kerk*!

Daar is 'n honger wat nie meer gevoed kan word; 'n dors wat nie meer gestil kan word deur die leë vorme van dogma en ortodoksie nie. 'n Honger en dors wat roep na die Hemel, en die nie onbeantwoord sal bly nie. Die God van Liefde sal antwoord deur middel van die Kerk, of sonder die Kerk. Sy Almag, sowel as Sy Liefde, is *onbeperk*. Maar die geleentheid is *daar* vir die Kerk. Sal dit waargeneem word?

DIE SKRYWER.

# INLEIDING.

## DIE NUWE NOOT.

## LIEFDE!

Afrikaners—neem waarskuwing! 'n Nuwe periode is aangebreek! Vereenselwig julle daarmee, anders word julle verbreek, vernietig!

Alle ernstige ondersteuners van die tyd het gesien dat profesie nooit opgehou het nie, maar dat daar aanraking tussen die aarde en die Hemelse Lande altyd bestaan het deur die wat bekwaam was om te verstaan. Daar was 'n donker tyd in die geskiedenis van die wereld toe die aanraking so gering was, dat dit amper verdwyn het, maar die aanraking het darem bly staan en later weer versterk geword. Byna ongesien, ongehoor deur die menigte, het die aanraking weer sterk gegroei in die laaste tyd. Daar is vandag uitverkorene mense wat in tasbare aanraking is met die Hemelse Ryk. Hulle werk in die stilte; hulle adverteer nie hulle kennis nie; hulle gooi nie hulle pêrels voor die swyne nie. Maar met grote wysheid en onselfsugtigheid, deel hulle hul wetenskap mee aan die wat vatbaar is vir sulke kosbare kennis. ,,Die soek, sal vind; en die klop, sal opegedaan word.''

Onder sulke *sieners*—sulke mense met geopende oë—is dit lang al bekend dat die wereld 'n nuwe periode ingetree is—die periode van *Liefde,* Gods Koninkryk; en dat die periode van geweld—die oorwinning of oormag van geweld—afgeloop is. Geweld kan nie meer wen nie; *Liefde* alleen kan wen! Dit is moeilik om vir die ou sondige, geweldliewende wereld, om homself te skik na die nuwe orde wat nou bestaan.

Geweld, die groot eienskap van die Satan, het solang sy volle rol van oormag gespeel, dat dit onwillig is om toe te

gee aan die nuwe orde deur Kristus self gestig. Dit is daarvandaan dat die groot wereldoorlog ontstaan het. Geweld maak sy laaste poging om baas te bly. Hy kan nie baas bly nie—hy sal moet ingee!

*Liefde*—die eienskap van Kristus—is sterker dan *geweld*!

Die groot wereldoorlog is ook bedoel deur die besturende Hand van Kristus, om die wereld te suiwer van geweld, deur oortuiging van die kragteloosheid van geweld, tot een voorbereiding vir die nuwe regering van die Kristus idee, *Liefde*, die *broederskap* van die *mensdom*, om die mensdom in eenstemming te bring met die nuwe „vibrasie," of trilling van die nuwe noot van Liefde wat afgedaal het op die aarde van die Hemelland. Maar—en daar kom die part wat ons moet bedink—om geweld teë te staan met geweld, help nie! Hoe langer ons trag om geweld teën te staan met geweld, hoe langer duur die lyding van die wereld en van die mensdom. Ons moet *Liefde* gebruik om die geweld te oorwin. Dit is omdat vele vatbare, geskikte persone die invloed, die trilling van die nuwe Eeu gevoel, dat die ideaal van 'n Volkerebond om die Vrede te bewaar, ontstaan het. Die ideaal is reg, dit is in die regte rigting; wat verkeerd is, is die metode! Die metode van imperialisme!

Die ideaal, die vibrasie van die nuwe noot, werk alreeds as 'n suurdesem in die harte van vele, die deur God in eenstemming gebring is met die noot van die „Kristus idee" van die *Broederskap* van die Mensdom, van die Koninkryk Gods op aarde. As 'n suurdesem werk dit om die wereld ook in eenstemming te bring, sodat die wereld gered kan word van vernietiging.

Geweld kan nie geweld oorwin nie. Dit kan *Liefde* alleen doen. Daarom moet die wereld nog so baie ly. Die Vrede kan nie volmaak kom nie. Stakinge, Rewolusie, Hongersnood, Pestilensie hou aan en neem toe, omdat die mensdom nie wil verstaan dat die tyd van geweld op aarde op 'n end is, en dat die tyd van Liefde, deur Kristus gestig, aangebreek het. (Dit is die „Koninkryk Gods" deur Kristus beloof).

Ons weet dat dit moontlik is om seker fyngevoelige glase

in stukke te doen vlie, deur 'n valse, of 'n ander musieknoot te klink, waarmee die glas nie in eenstemming is nie. So is dit met die wereld vandag. Solang die wereld nog die ou *noot van geweld klink*, en weier om saam met die nuwe noot van *Liefde* te klink, klink die wereld 'n vals noot, en vervolgens bly die uitwerking van die mensdom 'n wanklank. Ons weet wat 'n pyn die klank van 'n wanklank aan 'n gevoelige oor kan veroorsaak. Die wereld, die mensdom, sal *moet in eenstemming kom met die nuwe noot* van die Hemelse Lande gestuur, of die wereld sal moet aanhou met ly; en, as ons glad nie wil gehoor gee nie, en in ooreenstemming kom nie, dan sal die wereld net soos bowegemelde glas, in stukke moet vlie, en vernietig word.

Daar is waar die kans vir ons Afrikanervolk inkom om die hele wereld te red. Ons Afrikanervolk is besonder geskik om die nou ingetreë koninkryk van God, die noot van *Liefde* vir God en mens, aan te neem. As ons Afrikanervolk die noot aanneem, dan red ons nie alleen ons eie land en volk nie—ons red die *hele wereld,* die hele mensdom, deur om die ander nasies te leer dat *Liefde,* Liefde jegen God, Liefde jegens die medemens, nou *moet* regeer, anders vernietig die wereld sigself.

Dit kan nie anders nie. Elke woord en tittel van Gods woord het dit voorspel, en nou breek die tyd aan. Die Koninkryk van Kristus moet nou kom, die Koninkryk van *Liefde,* die „nuwe Jerusalem," wat uit die Hemel neerdaal.

Sal ons Afrikanervolk die kans waarneem? Sal ons die eerste wees om die nuwe Koninkryk te ontvang; om ons in ooreenstemming met die noot van Gods *Liefde* te bring? Wat 'n heerlike vooruitsig! 'n Kans wat ons tog nie moet verloor nie.

Daar is persone (nie van die Afrikanervolk nie) wie se oë geopen is, en die sien kan, en wie erken dat die Afrikanervolk die heerlike kans het, dat hulle die geskikste geleentheid het, om daardie glorieuse posiesie te beklee. Dit is reeds al voorsê dat dit so sal gebeur, as ons net wil gehoor gee aan die oproeping.

Hoe moet ons gehoor gee? Vriende, dit is tog so maklik, dit lyk amper te maklik om waar te wees. Ons is nog op die regte weg; ons moet net in *die* weg bly: Die weg van *geen* geweld, die weg van *Liefde* alleen!

Ons het hoë ideale, ideale van vryheid en vrede! Laat ons die ideale behou, maar laat ons dit skoon behou. Laat ons nie die minste gedagte van geweld droom nie. Laat ons besluit om ons ideale te bereik met vrede, met *Liefde* volgens die nuwe nooit wat God op die aarde van die Hemel gestuur het. Dan is ons veilig, ons toekoms groot, ons geluk sal tot die Hemel toe reik, want die nuwe, vasgestelde noot is die Koninkryk Gods, die nou as 'n suurdesem in die wereld werk—die ideaal van Vrede, van Broederskap, van Vryheid sonder geweld—van LIEFDE!

Afrikaners! dink daaraan! Van julle hang dit af, hoe dat julle die saak, die boodskap, aanneem; of julle nie alleen julle eie volk, julle eie land red nie; maar ook of julle die hele wereld red van vernietiging deur geweld—die helse eienskap van die ,,*Satan*."

Van ons besluit hang af die hele bestaan van ons Afrikaner nasie!

Ek het nie die minste twyfel dat daar baie, baie is wat graag, gewillig is, om die Nuwe Noot te klink. Baie mag vra: ,,Maar hoe? Wat moet ons doen om te leer om in eenstemming te kom met daardie heerlike Nuwe Noot van Liefde?"

Dit is om diesulke te help, om daardie vraag te beantwoord, dat die hier volgende verhaal geskrywe is. Dit is nie bedoel vir diegene wat alreeds volmaak is, alreeds die Koninkryk ingegaan is nie. Ek wil maar net probeer om nederig in die voetstappe van my Meester te volg, wat gesê het: ,,Ek het nie gekom om die volmaakte te soek nie, maar om die verlore skape van die Vader te red."

# INHOUD.


| | | Bladsy. |
|---|---|---|
| Toewyding | ... | 3 |
| Voorwoord | ... | 4 |
| Inleiding—Die Nuwe Noot—Liefde | ... | 9 |
| I. | Wat is Waarheid—die Soekende Siel ... | 15 |
| II. | Vindende ... | 21 |
| III. | In die „Vallei" ... | 25 |
| IV. | Die Antwoord ... | 32 |
| V. | Die Lig ... | 38 |
| VI. | Die Grote Wet—Liefde! ... | 42 |
| VII. | Die Goddelike „Plan" ... | 49 |
| VIII. | „Die Koninkryk" ... | 56 |
| IX. | Soas die Mens dink in sy hart, so is hy ... | 63 |
| X. | Liefde en Diens ... | 72 |
| XI. | Opsomming ... | 78 |
| XII. | Verdere Opsomming ... | 88 |
| XIII. | Die „Heilige Beker" ... | 96 |
| Nota | ... | 108 |
| Die Jaar 1925—'n Denkbeeldige Verhaal | ... | 109 |

# DEEL I.

## WAT IS WAARHEID?

## DIE SOEKENDE SIEL.

Die predikante sê: ,,Die kerkbanke word leeg! Die jonggeslag kom nie meer Kerk toe nie.'' Waarom? Waarom is dit dat die siel wat self begin te dink, wat bewus word dat daar 'n innerlike wereld is wat nie somaar oppervlakkig kan gesien word nie, begin te soek buite die Kerk? Waarom verlaat so baie hulle eie sekte en soek lig en waarheid by vreemde en nuwe leerstellinge?

Is dit omdat hulle onpatriots is? Nee! dit is 'n fout! Godsdiens is nie patriotisme nie! Maar wag 'n bietjie, is dit nie een van die redes nie? Ja seker! Die Kerk verval onder die politiek! Ons kan God nie dien met politieke partydigheid nie! Laat enigeen sê wat hy wil. God is 'n Gees en moet in Gees en in waarheid gedien word, en nie deur die twis en tweedrag van politieke partydigheid nie. Maar dit is maar net een van die kleinste oorsake dat so veel 'n afsku kry aan die Kerk van hulle vadere.

Wat is daar dan nog meer wat hinder? Is dit omdat die Kerk, of liewers, die Kerk ambtenare, so 'n geldsoekende saak maak van die Kerk? Dit word gesê die Kerk is maar 'n gewone besigheidsbedryf. As jy gebore word en gedoop moet word, dan moet jy betaal! Word jy lidmaat, betaal! Vat jy 'n vrou—haal uit jou beurs! Gaan jy Kerk toe—dan word die geldbordjie onder jou neus gedruk—net soos jy begin ernstig oor jou siel dink! As jy die dag dood gaan, dan moet jy nog betaal om in die grond gelê te word, onder die seën van die Kerk! Niks as *betaal, betaal*—aan die Kerk!? Ja seker! Dit is een grote rede! Kristus het gesê: ,,Julle ontvang om niet, julle moet om niet weer gee!'' ,,Kom tot My

almal wat dors, en Ek sal vir julle Lewens water gee, sonder geld en sonder prys.'' 'n Arm man kan nie eers 'n sitplaas in sommige kerke kry nie, want Gods Huis word in ,,plots'' uitgehuur! *Geld! Geld!! Geld!!!* ,,Gij hebt Mijn Vaders Huis tot een plaats des woekeaars gemaakt!''

Maar dit is nie die vernaamste nie. Daar is nog groter rede.

Wat is daar dan nog, o gy arme soekende siel, dat gy nie gespysig kan word in die gemeente Gods nie met die brood des levens die u Verlosser Self vir u gebring het van die Hemel, dat u dors naar die beloofde lewendmakende water nie geles kan word nie?

Is dit omdat, wanneer jy om 'n brood bid, dat jou 'n steen toegewerp word; as jy 'n vis vra, jy 'n skerpioen ontvang?—As jy om die waarheid Gods smeek, dan word jou 'n oppervlakkige, 'n materiale kerk aangebied om te aanbid! Wanneer jy naar die Liefde van jou Skepper, wat jy, as van natuur, in jou hart voel gloei, soek, dan word jou vertel van 'n God van wraak, van toorn, 'n God van haat! 'n God wat alleen met bloed kan versoen word?

Is dit omdat wanneer jy so na die bediening van die sogenaamde Kristelike Kerk kyk, dan sien jy niks dan huigelary, skynheiligheid, geveinsheid? Wanneer jy na die leer van die Kristus soek, dan vind jy eie-eer, selfsug, wereldwins? Ja! wanneer jy na die Kristus Self soek in die Kerk die Sy naam dra, dan vind jy Hem nêrens nie!

Is dit om al *die* oorsake dat jy tot die droewige besluit kom dat jou honger en jou dors nie gestil kan word in die kerk nie? Jy is verplig om elders te soek, want die knaënde dors, die vretende honger, moet op een of ander manier versadig word! Gods roepende stem in jou hart, kan nie geignoreer word nie. Dit is 'n wet van jou wese—jy moet Gods waarheid en Sy Liefde soek, al is dit ook nou al waar.

Ons is 'n nuwe periode, 'n nuwe tydkring ingetree hierdie dae. Dit is asof Gods Heilige Gees, die Gees van Waarheid, oor die wereld sweef, en elk ontwikkelde siel daartoe drywe om te soek, te soek naar waarheid, naar lig, maar vooral naar

die *Liefde.* Die Gees sê : „Die tyd is aangebreek : Berei die weg vir die komende „Prins des Ligs !" Berei die weg vir Gods Koninkryk wat nou *moet* kom—die koninkryk van *Liefde* en *Vrede.*"

Die dryf kan nie teengestaan word nie. Geen sekte, geen dogma kan die drang weerstaan nie ! Selfs ortodoksie sal moet beswyk voor Gods drywende Gees.

In hierdie dae is daar geen geestelike ontwikkelde siel die nie in sy hart die stem van God hoor nie, die nie die getuienis van Gods Gees gevoel nie, en dit alles oortuig hom dat „God is Liefde" : „God is Regvaardig" : God is Wysheid" :

En wanneer hy die natuur rondom hom beskou, en veral, begin te bestudeer, dan sê sy verstand ook vir hom sonder aarseling : „God is Liefde, God is Almagtig, God *is* Regvaardig." Dan begin die siel *die* Heerlike God van Liefde ook lief te kry. Dan begin hy na die liefdevolle, die regvaardige God te soek, te soek met alle mag, met alle ywer, met smagtende dors. Niks kan hom dan stuit nie, nie dogma, nie sekte, ook nie ortodoksie nie.

As so 'n siel dan by die kerk kom om lig te vind, om van die liefdevolle God te verneem en te hoor, dan sê die predikante : „Ja, ons kan vir jou van die God van Liefde, die God van Regvaardigheid, die God van Wysheid *alles* vertel. Jy het na die regte plek gekom. Dit is ons werk, waarvoor ons betaal word, om jou van daardie God te vertel, en om vir jou alles duidelik te maak. Huur maar vir jou 'n sitplek in die kerk, en gooi maar altyd so 'n bietjie geld in die bordjie, en gee maar so nou en dan geld vir die kerk, ons sal dan vir jou alles vertel wat jy wil weet van die hoëre dinge, en wat jy moet doen om salig te word."

En dan begin hulle vir die arme soekende siel te vertel van 'n God van Liefde, die so wraaksugtig is dat niks Hem kan versoen dan bloed alleen :—Dat om genade te toon jeëns sy aardse kinders, Hy geen ander versoening wil aanneem dan die bloed,—die dood, van Sy enig gebore Soon ! Hy is so vervul met Liefde dat Hy Sy arme aardse kinders verdoem

tot 'n ewige, onuitblusbare helse vuur, as Sy enige Soon nie Sy bloed, Sy lewe, vir hulle opoffer nie!

Die God van die Predikante is so regvaardig, dat hy Sy kinders straf tot in die derde en vierde geslag om die sonde van hulle ouers! So regvaardig, dat Hy Sy kinders, Sy eie skepsels, die Hy self gemaak het, so swak as hulle van natuur is—dat Hy hulle verdoem tot 'n ewige marteling van pyn en smart, 'n marteling wat nooit in der ewigheid verlig of geëindig kan word nie! Waarom? Omdat hulle onbekwaam gemaak is, deur hulle Skepper, om Sy strenge gebode te vervul, en omdat hulle nie kan verstaan waarom hulle Hemelse Vader so onbarmhartig is, dat bloed, en bloed alleen van sy Eie, enige Soon, Hem kan versoen. Tot ewige marteling verdoem, omdat hulle miskien eenmaal gesondig het, en nie die versoening van Kristus kon aanneem nie (soas die kerk dit verklaar), daar dit teënstrydig is met hulle begrip van 'n God van Liefde!

'n God van Regvaardigheid, die 'n mens toelaat om in die grootste sonde te lewe, sy lewe lang, as hy maar net op sy sterfbed sê, dat hy spyt het, en dat hy glo dat Kristus vir sy sonde gesterwe het, dan is hy volmaak, dan is hy rein en heilig genoeg, om reguit Hemel toe te gaan, om in Gods Heilige teenwoordigheid te staan asof hy altoos 'n suiwere, skoon en heilige lewe gevoer het!

As die arme Soekende Siel al die teenstrydighede, en nog dergelyke kontradiksies hoor, en as die „Siel" iemand is die ontwikkeld genoeg is om self te dink, eie bewustheid besit, dan daal hy neer in 'n hel van hopeloosheid, moedeloosheid, teleurstelling, wanhoop! Sy hart, nog minder sy verstand, kan so 'n leerstelling aanneem nie! So 'n leer is leeg! hol! sonder troos! So 'n filosofie is vals, geveins, sieldodend!

Vir die arme Soekende Siel lyk dit dan asof die Kerk van Kristus 'n bedrog is, bedoel vir die eieeer, wins, voordeel en selfsug van die predikante en ambtenare van die kerk! Vir hom is daar geen saligheid, geen lig, geen waarheid in die kerk wat sulke dinge leer nie. Wat is die gevolg? Die resultaat is verskeie, maar gewoonlik is die eerste gevolg vir 'n

eerlike, ongeveinsde siel, 'n walging in die godsdiens, 'n afsku van die kerk en haar leer!

Die verder gevolg vir die Soekende Siel hang af van sy mate van geestelike ontwikkeling. Is hy nog nie vergevorder nie, dan sink hy tot die diepste, eiegemaakte hel, tot materialisme, Godlogening. Ten beste word hy 'n agnostiek! Vir hom is daar geen lig of waarheid meer nie, behalwe wat sy natuurlike oë kan sien.

Maar is sy eie Sielsbewusheid so sterk, so groot, dat hy oortuig is dat daar iewers 'n God van Liefde, van Waarheid, van Regvaardigheid te vinde is, dan begin hy te *soek*, buite die Kerk! Wonderlik! Is dit nie? Om van die ewige waarhede van die Lewende God, en van die ware Liefde van die Kristus te hoor, word die hongerige en dorstige siel, gedrywe om buite die Kerk te soek! Vir die ernstige, ongeveinsde, waarheidliewende Siel, is daar geen waarheid in die Kerk te vinde nie! In die Kerk wat die naam van die Hervormende Kristus dra, is Kristus nie te vinde nie! Dit is alles Vorm! Geveinsheid! Menseleringe! Selfsug! Wereldse Eer! Skynheiligheid! *Woeker*! *Geldsoek*! Hebsug! Maar kom, My vriende, ek sal maar verder vir julle my eie ondervindinge vertel. Miskien kan ek 'n ander arme Soekende Siel enkele van my eie bitter ervaringe spaar. Altemit is daar valle wat ek afgetrap het, wat julle kan oorspring as julle gewaarsku is.

Dit is my plig, want die lig wat ek ontvang het dryf my daartoe! Daar is geen verder vordering vir my nie, tensy ek meedeel wat ek ontvang het. Dit is één van die dinge wat ek geleer het, dat dit saliger is om te gee, dan om te ontvang, want deur te gee, uit liefde, *sonder selfsug*, dan ontvang men dubbel terug. Maar hierop kom ek later weer terug.

Ek sal so kort molik vertel wat, en hoe, ek geleer het. Ek sal maar 'n honderdste gedeelte hier kan vertel, wat ek ondervind het, want om sulke ewige waarhede ten volle te openbaar in so 'n klein boekie, is onmoontlik! Ek kan maar net 'n paar punte aanwys, sodat die leser verder self kan ondersoek. „Die soek sal vind, die klop sal opengedaan word."

In my swakheid sal ek verhaal enige besluite waartoe ek

gekom het, soas dit vir my skyn, deur die leiding van Gods Gees. Maar, merk-op, ek wil nie dogmaties wees nie. Ek sê nie julle moet alles glo, wat ek sê, of niks nie! As daar één puntjie is wat iemand 'n stap verder help op sy weg naar die hemelryk, dan is ek tevrede.

Ek beweer nie dat ek alleen reg is nie, of dat ek alle waarheid besit. Gods Waarheid is so oneindig as Sy Liefde. Lewe, en leer ek nog 'n duisend jaar, dan is daar nog baie vir my om verder te leer. „Die beginsel van die wysheid is die kennis van God." En self *die* „beginsel" is nog nie ten volle myne nie. Ek vind nog al daë dat om te sê: „Ek ken God", maar vergelykend kan wees. God is so groot, so oneindig, so wonderbaar, dat ons Hem nie ten volle kan ken nie, voordat ons weer ten volle *Een* met Hem word! En dit gebeur nie in hierdie lewe nie. Maar ons kan darem leer dat God Liefde is, dat God Regvaardig, Almagtig, Alomteenwoordig, Alwetend is. Die kennis is verkrybaar deur soek, deur ervaring, en dan het ons die eerste trap van „die beginsel der wysheid."

Nou sal ek vertel hoedat dit met my gegaan het toe ek die stadium van hopeloosheid en moedeloosheid, soas bowe vermeld, bereik het.

Moenie bang wees dat ek vir julle gaan preek nie, of dat ek vir julle wil afraai van julle Kerk! Of dat ek julle wil ompraat om nie in Godsdiens te glo nie! Nee! Ver daarvandaan, maar die teenoorgestelde!

Ek wil maar net vir julle die wonderstorie vertel. Miskien sal dit vir julle help.

## DEEL II.

## VINDENDE.

Dit is 'n vreeslike ding om in geestelike wanhoop en moedeloosheid te verval, om die anker van al jou hoop en geloof te verloor, om eers op te rys met die arendvleugele van geloof tot aan die wolke van die Hemel, en dan skielik te vind dat die ketting van jou anker breek, jou vleugels slap en hulploos hang —en dan te sink, sink, val, val, met die vreeslike gevoel dat daar geen vaste grond onder jou is nie, dat jy val, sink, sak tot in die diepste hel van twyfel, ongeloof, kaos!

Keer op keer het ek getrag om in geestelike aanraking te kom met die hoëre dinge deur middel van die Kerk en haar leer. Maar tevergeefs! Dit was nie lang nie, of die skynheiligheid, die huigelagtige geveinsheid, die gierigheid, die Liefdeloosheid het my teruggedrywe.

Uiteindelik het ek moed opgegee! Toe sak ek in die duisternis, tot in die hel! Dit was vreeslik! Dit was vir my asof daar geen waarheid, geen vaste fondament, in die ganse heelal te vinde was nie. My hele lewe was verbitter. Ek het geen liefde vir God of mens gehad nie, want ek geloofde in niks, en vertroude niemand. Maar die toestand het maar net vir 'n korte tyd geduur, want spoedig het my eie verstand (en soas ek nou geloof, gelei deur Gods Gees), my weer oortuig dat daar seker *Eén* waarheid in die heelal te vinde was,—en dit was *God*! Ek het gevoel in my hart: Laat die Kerk sê wat sy wil, maar God *is*! en God *is* Liefde, God *is* Waarheid! Toe het ek weer stadig begin te lewe.

Dit het toe so geduur vir 'n lange tyd, en altyd het ek diep gedink en veel gesoek, maar ek kon by my self geen troos of uitkoms vind nie. Ek het eers gebid, maar altyd kom die gevoel op: „Tot Wie bid ek?" In Wie geloof ek? Dan hou ek op met bid vir 'n lang tyd.

Om al my gedagtes, spekulasies en konklusies van die dae op te noem, sal te lang neem.

Uiteindelik, in 'n ernstige oomblik van bittere wanhoop en moedeloosheid, het ek tot God geroep uit die diepte van my hart, aldus :—

,,Heere God, indien Gy waarlik *Syt*. Indien Gy waarlik die gebed van U kinders hoor en antwoord, hoor my dan nou. Ek gee op ! Ek soek nie meer nie ! As Gy my Vader syt, hoor my dan, ek laat my self in U hande. As Gy my liefhet, lei Gy my dan tot U waarheid, U Liefde. Van nou aan soek ek nie meer nie, totdat Gy self vir my U weg aanwys !"

En van toe aan het ek opgehou om te soek, om te bid, of om te sorg, of te kommer. Ek het net gewag ! Ek was toe innerlik 'n agnostiek.

Ek het 'n heel tydjie gewag.

As ek nou terug sien op daardie dae, dan begryp ek wel dat alles geskied het onder die leiding van die Gees. Elke stap wat ek geneem het was onder bestiering ! Ek moes eers in die duisternis afsak, om die Lig te begryp; eers dors, om te verlang naar die lewende waterstroom; eers my alleenheid gevoel, om te verlang naar die gemeesnkap van die Heilige, maar in daardie dae het ek niks begryp nie. Ek het net gewag. As ons maar net eers so ver kan kom om te verstaan dat gedurende ons hele lewe daar niks met ons by toeval gebeur nie, dan sal ons baie beter voel, en beter verstaan; dan sal ons nie so ontevrede gevoel nie; dan sal ons geloof, en weet dat ,,God *alles* ten goede skik vir Sy kinders."

Maar, om die waarheid te sê, ek het nooit, deur al my wanhoop, moedeloosheid en twyfel, my geloof in God verloor nie. Ek het aan alles getwyfel, behalwe God. Die oortuiging dat God *Is*, was te diep ingebore in my geestelike bewusheid vir my om aan Hem te twyfel. Dit was daarom, om dat ek in Hem geloofde, dat ek so verlang en gesoek het na Sy Waarheid.

Met waarheid, kon ek al die tyd in die woorde van David sê : ,,Gelyk 'n hert skreeu naar die waterstrome, also skreeu my siel tot U, o God. My siel dors naar God, naar die lewende God; wanneer sal ek ingaan, en voor Gods aangesig verskyn ?

My trane is my tot spys dag en nag, omdat sy die ganse dag tot my sê: Waar is U, God?" (Psalm 42).

Soas ek alreeds gesê het, die leiding van Gods Gees is te wonderlik vir ons om te verstaan! Eers naderhand sien ons die wonderbare wysheid van Gods leidende Gees. „Mijne wegen zijn niet uwe wegen."

Hoeveel van ons kan begryp of verstaan, dat wanneer ons dink dat ons in 'n hel van ongeloof, twyfel, en wanhoop verval, dat dit alles geskied onder die leiding van die Gees. Ja! Self wanneer ons dink dat ons nou onder die invloed van die Satan is, dat die sonde die oorhand oor ons kry, dan is dit maar nog Gods Gees, Gods Liefde, die ons wonderbare lesse van ontwikkeling leer, sodat ons beter Sy Liefde en Sy Wysheid kan begryp.

Hoeveel van ons geestelike leiërs begryp en verstaan dat daar geen kwaad of euvel in die uiteinde is nie! „God beskik alles ten goede vir Sy kinders." Wonderlik! Nie waar? Maar dit is tog so. Dink 'n beetjie daaraan. Daar lê 'n groot geestelike verborgenheid hierin.

In daardie daë van twyfel, en wanhoop, en soek, kon ek nie verstaan waarom die ortodokse godsdiens so 'n walging in my veroorsaak het nie. Ek kon liewers 'n dop kastorolie drink dan om 'n ortodokse preek te lees. Ek het probeer, keer op keer, maar die walging teen alles wat ortodoks en dogma was, was so akelig, dat ek met al my wilskrag dit nie kon win nie. Naby 'n Kerk het ek nie gekom nie; die afsku teen die valsheid, die geveinsheid was te groot. Die skynheiligheid was te verfoeilik! My oë was nog nie oop nie; ek kon nog nie verstaan nie. Ek het begin om te vrees dat 'n bose Gees my in besit geneem het! Waarom moes ek die enige Godsdiens, die ek ken, haat? Waarom lyk dit vir my dat almal vervul is met so 'n opgesmugte tevredenheid, met wat vir my skyn te wees niks dan skynheiligheid, valsheid?

Dan roep ek weer tot God, myn God, om my Sy Waarheid te openbaar, en uiteindelik het ek my antwoord gekry.

Nou weet ek waarom dit alles gebeur het. Ek moes my geheel en al ontledig van alle voorafgevormde konsepsies, van

alle dogma, van alle ortodoksie, sodat Gods Gees my kon vul met Sy *Eie* waarheid!

Gods Gees wou nie op die fondament van die leringe van mense gedagtes bou nie. Hy wou Sy Eie fondament lê in my hart, om op te bou. „Sy weë is nie onse weë nie!"

Soas ek alreeds gesê het, eindelik het ek my antwoord gekry. En die antwoord was wonderlik! En nou dat ek kan terugsien met 'n groter perspektief, is dit nog veel meer wonderlik vir my! Die Liefde, die wysheid van Gods Gees is onbegrypelik. Ek was gelei op 'n weg dat geen menselike verstand sou uitgedink of verwag het nie: *Dit* is die wonderstorie wat ek hier wil vertel.

As daar iemand is die in die duisternis verval is, as daar iemand is die dink dat hy so diep in die sonde gesink is, so vas aan die wereld dat hy nie kan weer opstaan nie, dat hy van God verlaat is, dan wil ek hom help om daardie verborgenheid te verstaan.—God is *overal.* God bestier *alles.* Niks gebeur sonder Sy leiding nie! Selfs in die diepste donker, in die grootste sonde, dan is hy nog onder die invloed van Gods Gees. Al daal jy neer tot in die Hel—as daar 'n Hel is—dan is Gods Geest nog by jou om jou te lei en te bewaar. Kan jy dit glo? Probeer maar—dit is so!

## DEEL III.

## IN DIE ,,VALLEI."

Wat was die antwoord wat ek gekry het? Dit wil ek nou vertel.

Een dag (by toeval, sou ek toe gesê het, maar ek weet nou beter), het 'n seker boek in my hande gekom. Die boek het somaar meteens my aandag getrek. Dit behandel die leer van die versoening van Kristus. Dit was 'n nuwe lig vir my. Dit was heel anders as ek vantevore verstaan het. Dit het my laat diep dink.

En van toe af aan, op die wonderlikste manier, van onverwagte bronne, van ongesoekte kante, het daar 'n stroom van boeke op my toegevloei. Dit was verbasend! Ek was altoos 'n gretige leser, en het nooit 'n boek my laat verbygaan, sonder om dit te ondersoek. Waarom het daar nooit één van daardie boeke in my hande al eerder gekom nie? En nou stroom dit op my toe in 'n eindelose vloed!

Ek het later vir die bibliotekaris gevra waarom daar nie één van *die* wonderlike boeke in die biblioteek te kry was nie? Hy sê dit is omdat die biblioteek onder die bestuur van die predikante staan. Hulle is bang dat die boeke die geloof van hulle gemeentes sou weglei!

Hoe dit nou ook al is, ek het selfs nie eers geweet dat daar sulke boeke in die wereld te kry was nie; dat daar sulke ligte te sien was op die weg van die ,,Soekende Siel"! En nou *stroom dit van self in op my*! Ongesoek! En die wonderlikste van alles was, dat elkeen op die regte tyd, en op die regte plek gekom het! Nie één het gekom voordat ek klaar was om te ontvang nie! Nie één het buite beurt gekom nie: Elk een het gekom naar my behoefte was. Al het ek ook twee of meer boeke gelyk gekry, ek het nooit die verkeerde een eerste begin

lees nie! Nee! Elkeen was opgeneem in sy regte vervolgorde, soas Gods Gees goed geweet het, na my behoefte was, en na ek klaar was om 'n ander stroom van gedagtes te volg. Die een het altoos die ander opgevul—die vorige een verduidelik. Geen skoolmeester kon sy leerling sy leerboeke in beter vervolg order toereik nie!

En wat het al die nuwe boeke van vertel? Wat was die wonderlikste lig die hulle op my weg gegooi het? Dit is maklik om so 'n vraag te vra, maar swaar om korteliks te antwoord. Ek wonder self nou, of daar ooit iemand anders deur die Gees langs dieselfde weg gelei was. Ek glo nie, want dit skyn vir my as of Gods Gees 'n biesondere weg het vir elke siel! Geen twee wandel juis op dieselfde weg nie. Gods Waarheid is so oneindig. Elkeen ontvang naar sy eie besondere behoefte, naar sy onderskeidelik geaardheid.

Die boeke die die Gees na my gestuur het, was byna elk een onderskeide van die ander. Byna elkeen het 'n ander stroom van gedagtes gevolg! Elkeen was 'n uitlegging van 'n ander geloof, 'n ander teorie, 'n ander bespiegeling, of 'n ander filosofie! Dit was wonderlik hoe dat ek gelei was om die een aanspraak op die ander vir die besitting van wysheid, kennis of openbaring van Gods Waarheid, in oorweging te neem. Elke hoë filosofie van ouds, of van ons dae; elke nuwe spekulasie of nuwe ontvangs van geestelike rewelasie was my voorgelê! Ek moes almal ondersoek, oorweeg en oorpeins; dit bedink, en uitvind watter boodskap dat dit vir my gebring het. Elkeen het 'n diepe les vir my gehad. Spiritisme, Buddhisme, Theosofie, Confusuisme, Platonisme, Mahommedanisme, Brahmanisme, Judaisme, Materialisme, Mystisisme, Okkultisme en nog meer, maar vooral die „Nuwe Skool van Dink (New Thought), die so groot toeneem ook in Europa, maar vooral in Amerika gedurende die laaste jare. Almal moes ek naspeur of hulle enige lig vir my bevat!

En het dit alles my gelukkig gemaak, vrede in my siel gegee? My somaar dadelik verlos van al my sielskwellinge? Nee! glad en geheel nie! Dit het my dieper ingedompel in die verdoemenis van twyfel en ongeloof, in die loop van my

ondervindinge? ? Dit is waar dat ek so nou en dan gedink het dat ek nou reg kom, dat ek verlos raak van die donker, van die twyfel, van die misverstand—gedink het dat ek nou ten laaste die regte waarheid gevind het;—maar dit duur nie lang nie of ek kry 'n ander boek in my hande die my hoop vernietig en my terug gooi in die modder, in die slyk van die „vallei van die skadu des doods!"

Uit al *die geloofsbelydenisse*, leerstellinge, en *filosofies* die ek ondersoek het, kon ek minstens ses uitsoek wat my goed geval het, naar die hart sowel as naar die verstaand. So goed het hulle vir my gelyk, dat ek enigeen van hulle kon aanneem as hoër waarheid, en meer gepaard met Gods Liefde, dan die *ou ortodokse dogma* die ek so lang geken het, en die wat my so gewalg het. Maar dan moes ek net *die* één geleer of ondersoek het! Daar ek *al* ses ondersoek het, was dit vir my onmoontlik om enigeen van hulle aan te neem as die volle en enige waarheid, die suiwere en uitgesoekte openbaring!

Die moeilikheid was dat die een altyd die ander wederspreek het. Hulle was so teenstrydig, dat die een die ander vernietig as besittende die enigste Revelasie! Om nou dié eerlike waarheid te vertel:—

„Hoe lief kon ek gelewe het met enigeen van hulle—maar met almal saam?—dit was onmoontlik!" En die een was so jaloers op die ander, dat ek nie die een bo die ander kon uitsoek, en die ander verwerp nie!

Maar dit was wonderlik hoe dat ek deur die Gees gelei was deur daardie tyd van skoolgaan! Dit was of Gods Gees elke leerstelling, elke openbaring my voorstel en sê: „Is dit wat jy soek?" As ek sê „Ja!"—dan bring hy my 'n ander een, en sê: „Is die een nie beter nie?" „Ja, waarlik! die een *is* beter!" Dan bring die Heilige Gees van God my nog 'n ander, en die verslaan al die vorige, sodat daar niks oorbly nie, en dan sink ek dieper in die modder, dan ooit tevore! So moes ek les opsê, en my self voorberei vir die eindelike les, die eindelike openbaring van Gods Liefde. Ek was so ver verlei deur die nuwe filosofie, die nuwe revelasie ("New Thought and Spiritism"), dit was so lieflik en verleidelik, so

aanlokkend, dat ek my uiteindelik gevind het—sonder Kristus!

Toe begin ek skrikkerig word: Dit was so aangenaam, so verheffend om te dink dat ek, as 'n *Soon van God,* self alle mag besit; dat ek in my eie reg, as deel van God self, Gods almag kon gebruik om my eie begeertes te verkry; om te verstaan dat ek, in my self, die Kristus besit,as ek maar net dit wil ontwikkel,—dat ek vir 'n tyd nie kon sien dat dit alles maar net 'n halwe waarheid is.

Toe ek begin te begryp, dat ek die *Persoon* van Kristus verloor het, toe word ek onrustig. Ek het iets binne in my gevoel wat vir my sê dat ek die Persoon van Kristus nie kon afgee, en net die skadu van 'n „*Kristuskrag*" (Christ-force), die ek besit, as 'n „Soon van God", oorhou nie! Ek het my eie swakheid te veel gevoel! Ek kon myself nie oortuig dat ek Gods Almag, as vanself, binne in my besit nie. Tot wie moet ek dan my gebede rig? Ek kon myself nie aanbid nie! en in my swakheid gevoel ek toe die behoefte van gebed in tye van nood, van angs, van donkerheid.

Toe ek uitvind dat ek my geloof in die Kristus verloor het, toe verloor ek al my nuwe gevonde geluk en vrede! Ek sak toe in 'n dieper donker dan ooit tevore! Waarlik, toe gaan ek deur „die dal van die skadu des doods". En daar was niemand om my 'n hand toe te reik, om my uit te help nie, want ek het Kristus verloor! Ek het sy versoening, sy Liefde ontken. Ek kon nie na Hem roep om my uit te help nie, want ek het sy Persoon afgegee, en ek het Sy regte aan myself toegeken. Aan wie moes ek nou bid om my uit die modder uit te trek? Toe het ek uitgevind dat 'n halwe waarheid 'n gevaarlike ding is! Ek het gesien deur eie ondervinding, dat—al is ek 'n soon van God, al is Hy my Vader, tog is ek nog afhanklik van Hem: In Hem is nog gevestig my asem, my beweging, my lewe! Dat as Hy die instroom van Sy lewe in my wegtrek, vir maar net één oomblik, dan is daar 'n einde aan my! Dan bestaan ek nie meer nie! Die ondervinding van *behoefte* aan Kristus was so groot, dat ek dit nie kan beskrywe nie—dit moet ondervind word, om dit te be-

gryp, 'n gevoel van *behoefte* die weier om tevrede gestel te word deur enig iets dan deur voldoening!

Om die stempel te set op my gevoel van hopelose wanhoop, was my toe twee boeke voorgelê deur die leidende Gees. Daar was geen genade of uitkoms vir my nie, ek moes my les leer tot die uiterste, die beker drink tot die bittere afsaksel! Dit was nodig vir my.

Ek sal maar die name van die twee boeke opnoem, dan kan die leser self die saak verder ondersoek, as hy so geneë is. Die eerste een is "Spirit Teachings," deur "The Revd. William Stainton Moses." Die skrywer was 'n Predikant van die protestante Kristelike Kerk. Hy was bekeerd geword om te geloof in Spiritisme. Hy was 'n „medium" die algemeen erkend was as van die hoogste waarde en skoonste vertroue! Niemand twyfel aan sy eerlikheid. Sy kommunikasie was met geeste van die hoogste sfere uit die geestelike wereld. Die leerstellinge van die geeste die met hom gepraat het was *edel, skoon, aantreklik, verheffend!* So *edel,* so *skoon,* dat as 'n mens dit lees dan kan jy nie help om te glo, dat dit 'n boodskap is van die Hemel! Jy kan jou nie verbeel dat so 'n boodskap vals of boos kan wees nie. Hulle leer spoor aan tot skone lewe, edel dink, heilige diens! net, hy ontken die Kristus; die versoening, die missie van ons Verlosser! Kristus was wel 'n goeie man, 'n „Meester", 'n hoë Leraar! Maar dit is Godslastering om Kristus Goddelike eer te gee, om Hem te aanbid, wat alleen aan God moet gedaan word! In die geestelike wereld, sê daar die geestelike openbaring, was Kristus maar net 'n gewone mens—God alleen word gedien—Hy alleen word aanbid. God is *Eén!*

Die ander boek is maar net een van 'n hele serie boeke van 'n ander leer, 'n nuwe openbaring. Die naam is "The Divine Plan of the Ages" deur Pastor Russel, die leier van die „International Bible Students Association", Brooklyn, N.Y.

Pastor Russel bewys alles wat hy leer uit die Bybel. Hy maak geen verklaring sonder om 'n teks aan te wys nie. Sy leer is pragtig, aantreklik, maar—O! so verskillend van die eersgenoemde boek! Die onderskeid is soas dag en nag! Tus-

sen lig en donker! Waar die eerste Kristus ontken, daar erken die twede die Kristus as die fondament van alle saligheid, die enigste naam in die Hemel, of op die aarde, deur welke die mens kan lewe. Hy verhef die Kristus as die ware manifestasie, openbaarmaking, van God die Vader. En wat nog meer is, hy toon aan dat die valse verfoeisels in die ortodokse leer, waar Gods Liefde, Gods Regvaardigheid vervals word, dat dit maar alles menselike inmengsels is, en dat Gods Woord, die Bybel, nie so iets leer nie. Dat al die walgende leer van Gods toorn, Gods wraak, en Sy liefdeloosheid—invoeringe was van die priesterlike ambt, vir hulle eie wins en voordeel! Die leer van Pastor Russel is nie ortodoks nie; en alhoewel dit ook maar regte dogmatiek is, is dit vol van liefde en wysheid. In die Leer word ons nie gesê dat God Sy kinders na 'n ewige marteling, in 'n onuitblusbare helse vuur verdoem nie. Nee! Dit gee die ware leer van Gods liefde. God verdoem niemand! Sy liefde is groot genoeg om *elke* siel te red van die sonde, van die vloek op Adam—deur die Versoening van Kristus. 'n Leer vér verhewe bo die ortodokse leer van helse vuur en ewige verdoemenis, van Gods wraaksug, en haat, teen Sy eie skepsels! Maar daar was darem dinge in die leer die gehaak het! Ek kon nie alles aanneem nie. Daar was dinge in die teenstrydig was teen suiwere wetenskap. Die Skepping bevoorbeeld. Dan ook dat wanneer 'n mens sterwe—so sê hy—dan *is* 'n mens waarlik dood! Siel en liggaam! Dood deur die vloek op Adam, en dat die siel net weer lewend gemaak word by die „opstanding" deur die versoening van Kristus! Nee! Dit kon ek nie alles glo nie! My vaste oortuiging is dat daar is *geen dood nie*. Wat ons noem die dood, is maar 'n oorgaan in 'n hoër lewe, 'n geboorte in 'n beter wereld, 'n afwerping van die oue, en nou nutteloos geworde liggaam; soas ons 'n oue baadjie afwerp, om 'n beter en nuwer een aan te trek!

Maar hierop kom ek miskien later weer terug.

Dit was juis toe ek daardie punt bereik het, dat ek in die diepste wanhoop van twyfel en ongeloof gesink het. Met Pilatus roek ek uit: „Wat is waarheid?" en net soas Pilatus moes ek tevrede wees om sonder antwoord te bly vir 'n tyd.

Dit het vir my gelyk of daar geen waarheid te vinde was van die ongesiende dinge nie, want met al my soek kon ek nie twee teories, of openbaringe kry wat ooreen kom nie; en teenstrydigheid was vir my 'n volkome bewys van onwaarheid. Ek het gedink dat Gods Waarheid kon maar E é n wees, en dat alle ware openbaring dus ook moet E én wees.

In die diepste van my gees was ek tog darem nog oortuig dat daar op een of ander manier waarheid te vinde was; maar één groot les het ek nou alreeds geleer, een ernstige waarheid was nou alreeds my eie, en dit was, dat ek tevergeefs die volle waarheid by die mens, of in mense leerstellinge soek! Ek moet verder, dieper soek!

Toe? Toe ek in die diepste modder en slyk van die „vallei van die skadu des doods" gesink was, toe kom ek weer tot my verstand! Ek begin toe weer om te bid! Ek het toe begin om in te sien dat daar geen ander verlossing, geen waarheid te vind was dan by God Self, by Kristus alleen; want die twee is E é n: Toe begin ek weer om te bid! Hoe wonderlik het die Gees my daartoe gelei!

„Die beginsel van die wysheid is die kennis van God." Hoe waar! *Hoe diep!*

## DEEL IV.

---

## DIE ANTWOORD.

---

Ek het die waarheid van God gesoek in die storm, maar tevergeefs, in die aardbewing! maar in alles vind ek maar net halwe waarhede. Toe was ek deur die Gees gedwing en ek gaan toe in die „stilte", in die binnekamer van my hart, en ek hoor die gesuis van 'n stille sagte wind, die belade was met Gods onbegrypelike vrede, op hare vleugele. En uit die gesuis hoor ek die tedere, erbarmende stem van Gods liefde:

„Mensekind, wat soek jy?"

In diepe ootmoed antwoord ek, „Ek soek Gods Waarheid, Sy Vrede, Sy Liefde!"

„En waar het jy gesoek?" vra die sagte medelydende stem weer.

„Ek het gesoek by die wysheid van die Godgeleerde, by die openbaringe die onse leraars ons sê dat hulle van God Self ontvang het, ek het gesoek by die menslike wetenskap! Maar tevergeefs! Gods Waarheid, Sy liefde, Sy Vrede, ontglip my keer op keer. En nou is ek gesink in die hopelose slyk van wanhoop en twyfel. Ek roep na die Alwetende: „Is daar Waarheid, is daar Liefde, is daaar Vrede te vind vir die arme soekende siel? Ek roep om hulp, maar daar is geen antwoord nie."

„Ek het jou geroep gehoor, daarom is Ek gekom, o soekende Siel," was die sag gefluisterde versekering. „Daar is onvervalste Waarheid, onuitputtelike Liefde, onbegrypelike Vrede te vind—by God! Ek bring dit vir jou nou. Tot hiertoe het jy die waarheid gesoek in die vlakte, waar die stroom vertrap en bemodderd is deur die voete van die eiesinnige mensheid. Die waarheid *is* daar, in daardie stroom, die so luierig, so besoedeld deur die vlakte heen loop; maar jy kon

dit nie herken nie, omdat die lewensstroom so bemodderd is met die inmenging van die mensegedagtes, die ontstaan is deur menselike begeerlikhede, gierigheid, selfbedrog, skynheiligheid, selfsug!

,,As jy die skone Lewenswater wil vind, wil geniet, dan *moet jy opklim uit die vlakte, na die Gebergte, waar die bron* van Waarheid, Liefde en Vrede ontstaan! Daar is dit suiwer en skoon. Daarom het Ek vir jou hierheen gelei! Hier is jy nou by die Bron. U Vader Self staat by om jou te antwoord, om jou *alles* te gee na jou verlange. As jy tot die Vader Self kom, in geloof, in die naam van Sy Soon, die Kristus, dan is daar niks wat jy kan begeer, wat jy nie sal ontvang nie. ,,Die vra, sal gegee word; die soek sal vind; en vir die wat klop sal opegedaan word. Dit is Sy belofte."

Aldus sprak Gods Gees tot my in die ,,stilte"; en toe Hy nog met my praat, toe voel ek die ,,Vrede", die ,,Liefde" in my hart invloei! 'n Vrede soas ek *nooit* tevore begryp het *nie*! 'n Liefde die tasbaar was.

,,Jy het gedink jy is alleen, dat daar niemand meer in die wereld is wat soek soas jy nie! Jy het so gedink omdat jou oë nog nie oop was nie. Daar is nog vele knieë die nog nie gebuig het voor die Baäl van skynheiligheid, van valsheid, van selfsug nie. Jy het deur die waarheid gewandel, dag na dag, maar jy kon dit nie erken, onderskei van die valsheid nie; jou oë was nog nie oop nie. Van nou af aan sal jou oë oopgaan, en jy sal Gods kindere rond om jou leer ken; Sy Waarheid sal jy leer onderskei; Sy Liefde en Sy Vrede sal jy voel; want jy sal leer om jou hart te open om die ryke gawe van jou Hemelse Vader te ontvang, die altyd wag om tot jou in te vloei.

,,Ek, die Liefde van jou Vader, het jou hierheen gelei, hier by die voetbank van jou Vader se Troon. Weet dat jy nooit verlate was nie, nooit alleen gesoek het nie. Gods Liefde verlaat nooit één van die kinders van die Vader nie. Niks kom tot jou by toeval nie. Van die dag dat jy gebore word in hierdie wereld, is die Gees van jou Vader by jou; Sy wakende oog oor jou. *Alles* wat gebeur, wat jou oorkom, hetsy

goed, of hetsy skynend kwaad, alles is bestiering! Dikwels dink jy, jy is verlate; dink jy jy is in onoorkomelike moeilikheid verval, maar dit is altyd die Bestierende Hand die jou lei deur ondervindinge om jou op te bou. Ja, selfs wanneer jy in die diepste sonde verval, dan is dit nog die Hand van die Gees die jou lei. Jy word daarin gelei om ondervindinge deur te gaan, om jou instaat te stel om oorwinning te behaal; want, weet dit, o soekende siel, die Vader skep geen een van Sy kinders in geestelike volmaaktheid nie. Jy kan alleen volmaaktheid behaal deur opbouing, deur oorwinning. Selfs jou Middelaar, Kristus, die Soon van die Vader, kon alleen volmaaktheid bereik, deur ondervinding, deur opbouing, deur oorwinning. „Die oorwin sal alle dinge beërwe, en Ek sal sy God wees, en hy sal My Soon wees."

„Jy het nooit geweet, toe jy deur die diep water gegaan het, deur die donker gestruikel het, dat Gods Liefde altyd nog by jou, in jou, gebly het nie. Ja, in al jou pyn, in al jou kommer, sorg en leed, in al jou grootste teleurstellinge, by al jou hopelose wanhoop, toe jy geval het in die akeligste sonde, toe was dit nog altyd Gods Liefde die jou gelei het, die jou daarin gebring het, om jou te leer deur ondervinding, om jou die geleentheid te gee om die oorwinning te behaal. Dit was alles in voorbereiding vir hierdie dag, en vir die daë wat nou sal kom. Jy is voorberei om te *dien*, om te werk die werk van jou Vader, 'n groot werk, want so alleen kan jy jou kruis opneem en wandel in die voetstappe van jou Leidsman, die Kristus."

By die hoor van daardie woorde het daar 'n grote bitterheid, berou, droefheid oor my gees gekom.

Hoe kan ek in die voetstappe van die Kristus wandel? Hem volg? Ek het Hem ontken, weggestoot. Ek het Sy offer, Sy versoening verlogen! Ek het die filosofie van die „nuwe denk" aangeneem, en gesê: „Ek self is ook Gods soon, die ‚Kristus-krag' is in my ook!" En nou? Hoe kan Hy my Leidsman wees? Hoe kan ek Hem volg?

In diepe ootmoed, met trane van bitter berou, stort ek die belydenis uit aan die voete van Gods Liefde, Sy Gees:

„Ek kan nie! Ek kan nie Sy voetstappe volg nie! Ek het Hem verlogen!"

„Ja! So het Sy Apostel Petrus ook Hem verlogen, maar daardeur was Sy ontferming, Sy Liefde nie minder nie, maar groter!

„O! Soekende Siel, weet jy nog nie wat Liefde is nie?

„Maar wees getroos! Selfs toe jy die Kristus verlogen het, toe was die Liefde ook by jou, toe het Gods Gees jou ook nog gelei. Alles! *Alles!* was bestiering! Jy was gelei om al daardie boeke te lees, om daardie filosofieë te studeer, om selfs jou te onderwerp vir 'n tyd aan daardie leer! Só alleen kon jy daartoe kom om die *behoefte* vir die Leidsman, die Middelaar, te gevoel. So alleen kon jy die onvervalste waarheid, die wysheid van die Vader begryp. Nou sal jou oë geopen word, en jy sal alles verstaan. Jy sal verstaan hoedat jy gelei was; jy sal verstaan alles wat jy gelees en bestudeer het, en *waarom!* Van nou aan sal jy kan onderskei tussen die waarheid en die valsheid, want Gods Gees sal by jou bly en vir jou wysheid leer, en jou eie oë sal self kan sien.

„Van nou aan verlaat Gods Gees, Gods Liefde jou nooit vir 'n enkel oomblik nie. Ten enige tyd kan jy jou sielsoog wend na die Kristus, na die Vader, en jy is in volle, tasbare aanraking met die Gees van Waarheid met die Liefde. Vra wat jy wil in die naam van die Soon, en die Vader sal dit vir jou gee uit Liefde."

Die belofte is vervul, en word nog daëliks vervul. Want één van die lesse die ek geleer het, en nog leer, is dat God nie één van Sy kinders in volmaaktheid skep nie. So as 'n jong soekende siel kort gelede vir my vra: „Maar waarom kan God ons dan nie volmaak skep nie, as Hy almagtig is? Waarom moet 'n mens deur beproewing, deur pyn, deur vuur, leer om volmaak te word?"

Nee! dit kan nie wees nie. Dit is 'n goddelike wet dat die siel deur ondervinding, deur oorwinning moet opgebou word. So as 'n bloem wat geplant is, moet die plant eers opkom, stadig opgroei, die blommetjie uitkom, en groeiende oopgaan in volmaakte skoonheid.

Wanneer ons so ver kom om die begin van wysheid, van die kennis van God te leer; wanneer ons 'n ligstraal van die ,,Ewige Plan'' van die Vader kry, dan sien ons dat dit 'n groot wet in die Liefde van die Almagtige Skepper is, namelik dat alle vordering, alle vooruitgaan, van die kleinste tot die grootste, alleen geskied deur *één Groot Wet*, en dit is die ,,Wet van LIEFDE''! En *die wet werk* ten eerste deur oorwinning, ten twede deur *Diens!* Twyfel nie daaraan. Daar is geen vordering buite *die* wet, of buite daardie werking. Selfs die Kristus, die grote Soon van die Vader, kon alleen vordering maak onder daardie wet. Sy hele missie, Sy versoening, was behaal onder die Wet van goddelike Liefde—deur *Oorwinning* en deur *Diens!* Dink daaraan, en julle sal dit insien. En *dit* is die ,,Weg'' die Kristus ons gebring het.

,,Ek is die Lewe, die Waarheid, en die ,,Weg'', die weg van Liefde, Diens en Oorwinning. Lees maar die woorde van die Verlosser Self—daar is geen ander weg nie. Ons moet Sy voetstappe navolg en dieselfde ,,Weg'' volg, as ons Sy discipels wil wees, as ons tot die Vader wil kom deur Sy Middelaarskap. Ons moet ,,groei'' deur oorwinning, deur Diens, deur Liefde. Groei so as 'n blom na die son groei. Daar het julle die hele geheim van die leer van Kristus. Hy het geen geheim daarvan gemaak nie! Dit staat openlik in al Sy woorde, maar die mens die moet altyd sy eie dwase gedagtes inmeng in die waarheid van God; die heldere stroom van die lewenswater bemodder deur valse leerstellinge die van die vyand kom! Maar ook dit is Bestiering, Liefde! Dit word alles toegelaat, om elke siel die geleentheid te gee om te oorwin, deur aanhoudende ,,soek'', deur om te leer, sy van God gegewe verstand te gebruik, deur te onderskei!

Die belofte is vervul, en word nog daëliks vervul, sê ek? Ja! Want van toe af aan het my verlossing begin. Stadig, dag na dag, het al my moeilikheid, my twyfel, my vrees, my ongeloof weggeval van my af. Die Vrede van God het gegroei in my hart so as 'n oopgaande blom. Sy Waarheid, Sy Liefde, Sy Wysheid, Sy Regverdigheid was geopenbaar aan my, en word nog daëliks meer duidelik vir my. En dit is wonderbaar!

As 'n mens eers begin 'n begrip te kry van Gods Waarheid, Sy Liefde, Sy Wysheid, en van Sy „Ewige Plan" in Sy skepping van die Heelal! Geen mens kan dit vertel, geen pen kan dit beskrywe nie! Die begrip van die oneindige wonder, kan alleen deur Gods Gees gegee word. En dan is die menselike verstand nog te klein om meer te sien dan 'n skemering van die verbasende, die eindelose wonder! So eindeloos, dat dit die Euwigheid sal neem om 'n konsepsie te kry van die onbeperkte Wysheid van die Skepping.

Maar dit is nodig vir die soekende siel om, al is dit ook maar net 'n gissing te kry van die „Ewige Plan" van die Skepper. Wanneer hy dié begin te kry, dan val al die moeilikheid, die vrees, de twyfel, die ongeloof, vanself weg.

Dit help nie om die donker te beveg nie, ook nie die donker in jou verstand, dan alleen met één wapen. Daar is geen mag in die heelal wat die donker kan verslaan nie, dan één mag alleen. Die mag is die Lig. Bid om die Lig van Gods Waarheid in jou hart, in jou verstand, dan verdwyn die donker vanself, en dan verdwyn al die pyn, die kommer, die verdriet, die angs. Ja die dood self! Want al daardie dinge is skaduwee, veroorsaak deur die behoefte aan Gods Lig. Waar die heldere Lig van Gods Waarheid in jou hart, in jou verstand groei, dan verdwyn al die skaduweë, een na die ander.

Wanneer Gods Gees die geestelike oë oopmaak, en die Lig van Gods waarheid in die hart laat skyn, dan kom die „Soekende Siel" op, uit die duisternis van die Hel! En dan— dan gaan hy in die Hemel van Gods Lig!

'n Grote wysgeer het gesê, „daar is maar net één groot sonde, en dit is die *Onkunde.*" Kristus Self het gesê, „Ek bring vir julle die waarheid van die Vader, en die waarheid sal vir julle vry maak"—van die Onkunde—die begin en oorsaak van alle sonde. Die onkunde is die groot wapen van die bose vyand, die prins van die duisternis.

Mag Gods Waarheid vir elkeen van ons vry maak!

---

## DEEL V.

## DIE LIG.

Ek hoor een of meer van my lesers vra :—

,,Maar hoe weet *jy* dit alles? Hoe het die Liefde van God, Sy Gees, met jou gepraat? Kan jy dan die stem van die Liefde, die Gees, hoor?"

Die van my lesers wat geleer het om in die ,,stilte" tot die Geestelikheid te nader, en om daar alle inspirasie te ontvang, om te nader selfs tot aan die voetbank van Gods troon, sal nie so 'n vraag vra nie.

Maar daar is andere, die nog nie geleer het hoe om tot hul Vader te nader nie. Hoe moet hulle leer? Waar is die geheim? Kristus Self het vir ons die geheim vertel! Maar, helaas! Die leer van Kristus is so bemodder deur ortodoksie, deur die ingemengde leer van mensegedagtes, dat weinig nou die ware leer van ons Heer verstaan of nog volg!

Hoor wat sê die Meester :

,,Maar gy, wanneer gy bidt, gaat in u binnekamer (van u hart), en u deur gesloten hebbende, bidt u Vader Die in die verborge is; en u Vader, die in die verborge siet, sal u het in het openbaar vergelde."

As daar iemand hierdie woorde lees wat nog nie geleer het om in die ,,stilte" van die binnekamer tot sy Vader te nader nie dan weet hy nog nie die grootste genot van die Vrede, die Liefde, die sy Vader wag om vir hom te gee! Leer daardie geheim as jy wil smaak hoe dit voel om die Hemel in te gaan, terwyl jy nog op aarde lewe; leer dit, dan sal jy elke dag hoër oprys uit die hel van Aardse Donker, tot in die Hemelse Lig! En dan? Dan, as jy met geduld en stilswye op jou Vader wag, dan sal jy jou antwoord seker kry!

,,Wees stil, en wag op u God."

,,Maar zij die op den Heere wachten, zullen de krachten

vernieuwen, zij zullen opvaren met vleugelen, gelijk de arenden; zij zullen lopen en niet moede worden, zij zullen wandelen en niet mat worden."

Die belofte is vir elkeen die God verwag!

Van die dag dat ek my antwoord gekry het, het ek opgegaan uit die donker na die Lig!

Geen menseleerstelling kon my nou meer verfoei, mislei, of verwar nie. As ek nie dadelik in staat gestel is deur die Gees, of deur my nou siende oë, om die waarheid af te skei van die valse, en om te weet wat die skeidslyn tussen die goddelike waarheid en die leuns van die vyand is nie, dan gaan ek in die „stilte" en vra my Verlosser, of van die Vader Self, want die twee is Eén, en dan kry ek my antwoord, seker en gewis; vroeër of later. As ek net met diepe erns, met sterk begeerte, en met ware geloof soek, dan feil die antwoord nooit.

„*Alles* wat gij van den Vader vraagt in Myne naam, gelovende dat gy het ontvangen zult, die sal Hy u *zeker* geven." Dit is die belofte. En die woord van Kristus bly ewig waar, nou sowel as toen Hy dit uitgespreek het; twyfel *nooit* daaraan nie. Dit is die *twyfel,* wat die belofte vernietig.

Van die dag dat ek my antwoord gekry het, het ek baie geleer. Alles wat voorheen vir my duister was, het nou verander in Lig. Waar eers verwarring was, daar was nou alles duidelik en verstaanbaar. Toe ek begin om 'n skemering te kry van wat die „Goddelike Plan" is, toe ontvou my geestelike verstand elke dag, sodat al die ou vraë van die verlede wat my in twyfel en wanhoop geja het, nou 'n antwoord gekry het wat alles duidelik gemaak het.

Deur die Gees van Waarheid was ek gelei om in my geestelike verstand te ontvou soas 'n blom wat oopgaan, sodat waar ek vroeër wraak en toorn en onharmhartigheid in die Skepping, in die natuurwette, in die toestand van die mensdom rondom my gesien het, daar kon ek van toe af aan niks dan *Liefde,* Wysheid, en Regvaardigheid sien! Toe God in Sy liefde my oë oopgemaak het, sodat ek Sy doel, Sy „Plan" kon verstaan, toe begin ek vir die eerste maal te begryp wat dit beteken om die gewoonheid te uiter: „God is Liefde"! Toe

het ek begryp dat die hele Skepping, met al die vasgestelde wette van die Heelal, onderworpe is aan *Eén grote Wet*, namelik LIEFDE! *Alles* is gebou op die fondament van daardie wet. Niks is geskape, niks bestaan, niks kan bly bestaan buite daardie wet nie, die wet van die Goddelike Liefde. En voordat die soekende siel 'n beginsel maak om daardie wet te verstaan, kan hy nie veel vordering maak in geestelike kennis nie. Dit is die beginsel der wysheid, die fondament van die kennis van alles wat goddelik is.

Van dat ek begin het om die Liefde van die Vader te verstaan, het my verstand so ontwikkel, my insig so gegroei, dat ek nou nie meer in die vlakte van twyfel of ongeloof behoef te dwaal nie! Nou kan ek te enige tyd opklim na die bergtoppe van die wysheid, deur alles te toets met die Liefde, deur in die „Stilte" te gaan, en van die Alwetende, die Geheel Wysheid, Self te vra om my Lig te skenk!

Ja! Ek het baie geleer van dat die Lig na my toe gekom het. Nou is ek self verbaas oor my vroeëre blindheid; nou het ek net één groot begeerte, en dit is, ek wil so graag die Lig meedeel met iedereen die ek ontmoet. *Dit* is ook bevat in die „Wet van Gods Liefde"! So gou as 'n siel die Liefde voel, verstaan, dan word hy so vervul met die Liefde, dat hy dit nie alles kan bevat nie, en dan dwing die Liefde hom om uit te gaan, en die Liefde mee te deel aan sy medemens, sy broers en susters. Al Gods verligte kinders het *die* gevoel, en die Gees laat nie toe dat die gevoel ontwyk mag word nie.

Wanneer 'n siel daardie stadium bereik, dat hy die Lig kan sien, die Liefde kan verstaan, dan verlaat al sy onrus, alle vrees vir hom, en dan word hy vervul met 'n vrede wat al die vervolging, of die spot van die wereld nie kan wegneem nie. Daar is net één ding wat die diepe gevoel van vrede kan wegneem, en dit is die selfsugtge inhou van die Vrede en van die Lig, sonder om mee te deel aan andere.

Selfsug en Gods Liefde kan nie saam woon in één hart nie. Daarom word die verligte siel gedwing om mee te deel aan sy naaste. Daarom skryf ek hier die verhaal. Daarom wil ek graag vertel van alles wat ek nou geleer het om te verstaan van die sake van die Godsdiens, van wat die Gees my oortuig

het omtrent die „Waarheid", die waarheid van die Geestelikheid, en van die Geestelike Wereld, waar *alles* waarheid is.

Ek kan nie alles vertel wat ek geleer het nie, dit sal te veel plek neem om tenvolle te skrywe, en ek wil ook nie graag die leser moeg maak en verveel nie. Ek wil net so hier en daar 'n aanduiding gee dan kan die leser self die saak verder ondersoek.

Wat ek wil vertel is nie ortodoks nie. Niemand kan ortodoks wees, en terselfder tyd ook 'n volgeling van die Kristus wees nie. Geen leraar het ooit gelewe wat minder ortodoks was dan onse Heere nie. Lees maar wat hy gesê het aan die ortodokse skrifgeleerdes en fariseërs! Dan sal julle goed verstaan.

Nee! Laat ons ons kruis opneem en in Sy voetstappe volg, kos dit wat dit wil. Sy voorbeeld is alleen waardig om te volg, al haat die ortodoksie ons daaroor.

Ek wil ook nie dogmaties wees nie; nie vir 'n oomblik wil ek voorgee dat ek alleen in die besit is van die volle waarheid, nog minder dat *ek* volmaak is en nou die volle waarheid in my besit het nie! Nee, my vriend! Geen mens is volmaak. God skep geen één van Sy kinders in volle volmaaktheid nie. Sulke volmaaktheid sal nie veel blywende waarde besit nie. Ons moet *groei* in volmaaktheid.

Ek groei ook nog; en hoop om altyd nog te groei. Ek is nog maar jong in die groei naar die Geestelike volmaaktheid. Maar wat ek ontvang het van die Liefde en van die Geest van die Vader, die het ek om-niet ontvang, en ek wil dit om-niet meedeel; miskien kan ek 'n soekende siel op sy weg 'n bietjie nader aan dié waarheid help, 'n klip uit sy pad rol. En daar is grote klippe somtyds in die pad! Ook skerpe doorns. En dit is 'n voorreg wat die Vader aan Sy verligte kinders gee om „Diens" te doen aan hulle jongere broers en susters, deur om die klippe uit die pad te rol, om die doorns te verwyder. So alleen kan *'n verligte siel in die spore van Kristus volg!* So alleen kan hy vordering maak, opwaarts, na die Vader, deur *„Diens"* aan sy medeskepsels...... Dit is één van die voornaamste lesse die ek geleer het—deur die Liefde. Maar ek kom weer hierop terug.

## DEEL VI.

## DIE GROTE WET—LIEFDE!

Die eerste en grootste les wat ek moes leer was omtrent die Kristus.

Wie is Kristus?

Wat was, en is Sy werk, Sy missie?

Die Versoening?

Voordat ek daardie les leer, kon ek nie verder gaan nie. Dit was die middelpunt van al my soek, die moeilikheid om dit te verstaan was die oorsaak van al my twyfel, my wanhoop, my moedeloosheid.

Ek kon die ortodokse leer nie aanneem nie!

Ek was oortuig in die diepte van my hart, sowel as in my verstand, dat die God van die Heelal *moet* volkome Liefde, Wysheid en Regvaardigheid wees. Hy kon nie iets anders wees nie. Dit was eenvoudig 'n saak van onmolikheid dat Hy in die minste kon kort kom in daardie hoedanighede! Selfs die logika bewys dit. Maar logika is nie nodig om dit te bewys nie. Die Skepper het in elke siel 'n ingewortelde kennis hieromtrent geplaas. Die kennis is nie altyd 'n bewuste teenwoordigheid nie; maar daar kom 'n tyd in die ewolusie van elke siel dat daardie kennis ontwikkel, ontvou, en dan kan dit nie weerstaan of geïgnoreer word nie.

Ek kon nie glo dat God so onalmagtig, so onwys kan gewees het om Sy kinders so onmagtig, so onvolmaak te skep, dat hulle nie Sy wil kon, of wil volbring nie, of om Sy hoë wette te gehoorsaam nie. Nog minder kon ek glo dat God Sy skepsels na 'n ewige marteling van helse vuur kan verdoem omdat hulle so onvolmaak, so onmagtig geskape is. Minder dan alles kon ek glo dat God in Sy onredelike toorn en wraak teen Sy hulpelose skepsels so onversoenbaar kon wees, dan alleen deur die offerande van die lewe en die bloed van Sy Enig-

gebore Soon! Sulk 'n leer het vir my gelyk na Godslastering. Sulk 'n leer ontken alle Liefde, alle Regvaardigheid, alle Wysheid aan die Almagtige Skepper van die Heelal!

Nee! *Van* die God, die *my* diepste sielsbewustheid erken het, kon geen onvolmaaktheid kom nie. Alles wat Hy skep moet volkome goed wees, en onfeilbaar bekwaam om Sy wil te volbreng, om Sy Goddelike „Plan" ten volle uit te voer!

Alles wat *is*, is deur God geskape uit Hemself! God *is* *alles*-goed. Uit Hem kan niks kom wat nie *alles*-goed is nie. Gevolgelik moet die mens, Gods hoogste skepping, ook geheel *goed* wees! Die mens *moet* Gods wil volbreng, *moet* Sy *Plan* ten volle uitvoer!

„En God skiep die Hemel en die Aarde, die Lig en die Donker, die bome en die diere, en God skiep die mens, in Sy Eie beeld skiep Hy hem.... en God zag dat het *goed* was!" Ja, alles wat God skiep, en nog daëliks skep, *moet* goed wees, want Hy *is* goed!

Dus, die mens *moet* ook goed wees!

Waarom dan Gods *Toorn* teen die mensdom? Waarom dan die dood, die *bloed* eis van Sy Geliefde Soon?

Nee! Ek kon dit alles nie glo nie! Nie soas dit vir my geleer is van kleins af nie; nie nadat ek my eie verstand en bewusheid gekry het,en vir myself begin te dink het nie!

En dit was *my* „Hel" gewees!

Ek wou so graag in die Kristus glo, so graag my harte liefde aan God, die Almagtige Skepper van die Heelal, Die ek so volmaak, so heerlik rondom my sien, ten volle toewy!

As ek in die dag die wonderbare, die lewegewende son, die skone natuur rondom my sien, as ek in die nag die oneindige wonder van die Heelal van sterre, van Wereld sonder end aanskou, dan wil my hart bars van verlangende Liefde, die alles gemaak het deur Sy woord van Liefde!

Maar dan dink ek om Sy „toorn", Sy „wraak" jegens Sy eie skepsels, soas die Kerk my geleer het om te dink; dan is dit of my hart verhard, verander in steen! So 'n God van wraak, van onregvaardige toorn, kon my nie aantrek nie. Hy verstoot my! Geen wonder ook nie!

Maar ek het nie geweet nie. Dit was nie die God van Liefde wat daar die Hel vir my gemaak het nie! Dit was die Mens! Hulle wat vir my sulke dinge geleer het dat God Sy kinders verdoem na 'n ewige Hel van marteling! Dat Hy die bloed van Sy Geliefde Soon geëis het tot versoening!

Dit was die modder wat die „Skrifgeleerdes", die Godsgeleerdes gemeng het met die Lewenswater van Gods Liefde, Sy Waarheid.

„Nou ja," vra iemand, „as die mens dan *goed* geskape is, waar kom dit dan vandaan, dat daar sulke slegte en onvolmaakte mense is, wat Gods kinders so verkeerd leer, en hulle mislei tot in 'n Hel van twyfel, ongeloof en wanhoop? Waarom is daar dan sulke valse en onbekwame leraars? Waarom is daar dan diewe, leuenaars, dronkaards, skelms en moordenaars?"

My vriend, dit is juis die vraag wat ek gevra het; en waarom dat dit nodig was vir Kristus om te ly en sterwe vir ons versoening? Dt was juis die antwoord op daardie vraag wat ek gesoek het, en wat my gedrywe het om die wereld van leerstellinge, van sektes en van filosofies deur te soek vir 'n antwoord.

Dit was daardie vraag wat my naderhand gedrywe het om die maklike weg te volg, en maar te probeer om die leer van Teosofie, en van die „nuwe dink" (new thought) aan te neem, die ons verseker dat ons as Gods kinders erfgename is van Sy almag, en Sy wysheid, en dat ons in ons self volmaaktheid besit; en dat ons altoos vordering maak naar groter volmaaktheid deur die werking van die Wet van „oorsaak en gevolg," selfs die leer van die „Spiritisme" (Spiritualism) was vir my baie aantreklik, namelik dat elke siel groei na volmaakthed, selfs na die sogenaamde dood; dat daar geen ewige straf of verdoemenis is nie. Dit alles was nie teenstrydig teen Gods Liefde, Sy Wysheid, en Sy Regvaardigheid nie.

Maar Kristus?

Hulle almal laat die Kristus uit!

Dit kon ek nie lang aanneem nie. Vir 'n tydjie het dit

my tevrede gestel, maar heel spoedig het ek uitgevind dat ek die Liefde van 'n persoonlike Kristus nie kan afgee nie!

Ek het dit nie toe geweet nie, maar later toe my oë oopgegaan het, toe het ek gesien dat dit alles geskied het onder die leiding van Gods Gees. Dit was nie somaar blinde dwaling en rondvoel nie.

En toe ek nie 'n antwoord op al daardie bowegemelde vraë kon kry nie, toe het die leidende Gees, die Gees van Gods Liefde, my daartoe gebring om te bid! Eers kon ek nie bid nie, maar toe die sluis oopgetrek was, toe stroom my gebede op tot God as 'n onkeerbare stroom! Maar dit was nie uit eie wil nie! Dit was onder die invloed van Gods wakende Gees.

„Diepte roep tot Diepte!"

Uit die diepte van my siel het ek tot my Hemelse Vader geroep. Sag en teder, maar sterk en kragtig, het die Liefdevolle antwoord gekom:

„Kind! Wees stil, en wag op die Here u God en Hy sal u sy Waarheid verklaar, Sy Liefde openbaar!"

Maar met ongeduldige angs hou ek aan:

„Heere my God, ek het U Waarheid gesoek die ganse wereld deur! Ek het gesoek by die wat U Naam verklaar, wat sê hulle is die herders van U skape! Ek het gesoek by die wysgeer, by die filosoof, by die „Godgeleerde", maar kan dit nie vinde nie! Ek het gesoek in al die leerstellinge, in al die filosofies wat aanspraak maak op U Openbaringe, maar te vergeefs! De een wederspreek die ander! U waarheid, U liefde, kan ek nie vind nie. My hart is ontroerd tot die dood toe! Ek lê te kruipe in die slyk en modder van moedeloosheid, van wanhoop en twyfel. Ek het geroep en gevra; daar is geen antwoord in die mensekennis, in al die wetenskap van mense wysheid nie! Nou is ek gedrywe deur die nood om tot U, my Vader, te kom. By U alleen soek ek nou na U waarheid, U liefde! Antwoord Gy my, of ek gaan verlore in die donker van *onkunde*.

Lieflik en soet fluister die sagte antwoord:

„Kind! Wees stil, en wag op die Heere u God, en Hy sal

u Sy waarheid, Sy liefde Self openbaar: „Die vra sal gegee word, die soek sal vind, vir die wat klop sal ooppgemaak word."

En ek voel my angs verdwyn, my pyn bedaar. As 'n stroom van lewenswater op 'n dorstige land, voel ek die Vrede invloei in my hart.

En my oë was geopen, en ek kon *sien!* As 'n helder Lig, wat byna blindend was, het die lig in my verstand geskyn. Die Lig groei helderder en skoner elke dag. Vandag groei die Lig nog meer skitterend en glansryk, na mate dat my verstand ontwikkel en ontvou.

Die Gees het vir my alles duidelik gemaak, en nou verstaan ek byna alles wat eers vir my so donker en teenstrydig was. Die bron van die Lewensfontein is helder!

Dit was vir my duidelik gemaak dat alles wat bestaan in die ganse Heelal *goed* en welgeskape is, en wat nog meer is, alles moet *goed* en wel bly, ewig en altoos! En wat nog wonderliker is: *Alles moet,* altoos en altyd, nog meer vorder en groei in groter volmaaktheid.

Daar is *één* groot Wet in die Heelal! Onder daardie wet is alle ander wette onderworpe: Die *„Wet van Gods Liefde."*

Volgens daardie hoogste Wet is daar niks wat stil staan nie. Daar is beweging in alles! En alle beweging is vooruit en opwaarts, naar volmaaktheid, nader aan God! Niks in die Heelal kan daar die Wet teenstaan nie. Dus, die mens is ook goed en wel geskape! Gods werk kan nie anders dan goed en wel gedaan wees nie! Deur God is niks geskape wat nie in die uiteinde, in die laaste, *goed* is nie.

Die mens is geskape met die doel dat hy moet groei na volmaaktheid, deur ondervinding en deur oorwinning! Die mens kan die doel, die *„Plan"* van sy Skepper, nie ontduik nie. Hy sal *moet* groei uiteindelik in volmaaktheid, of hy wil of nie.

Maar die mens het 'n seker mate van vrye wil. Hy kan groei na volmaaktheid, nader na God sy Vader, nader na sy bestemde geluk, deur gehoorsaamheid, deur gewillige vordering in die voetspore van die Kristus, of die mens kan groei deur lyding en deur pyn en smart, stadig maar seker.

In dit alles is Liefde so groot, so onbeskryflik wonderbaar, dat ek nie sal probeer om dit hier duidelik te maak met 'n paar onvoldoende woorde nie.

Mensewoorde is so swak om die ewige waarhede van die Almagtige, die Alwyse, te beskrywe; net een aanmerking wil ek hier nog maak. Die wat die swaarste groei, deur die meeste pyn en deur die meeste smart, die se groei sal meer volmaak wees, dan van die wat maklik vorder sonder swaar! Maar hierdie onderwerp is so wonderlik! So belade met die liefde van die Vader, dat dit te aanloklik is om oor te skrywe. Men weet nie waar om op te hou nie. 'n Hele boek is nodig om net 'n begrip te gee van die wondere van die „Goddelike Plan." Dit is so oneindig groot, so onbeperk in volmaaktheid, so diep in wysheid, dat wanneer 'n siel begin om te verstaan, en te begryp, daar nooit 'n einde skyn te kom aan die Lig die daagliks instroom in sy verstand, en in sy hart, aangaande die hoogte en die diepte, die breedte en die lengte van die wysheid, die Almag, en vooral die *Liefde* van die Skepper.

En toe ek die „Plan" begin te verstaan, toe begin ek ook die Versoening, die Werk van die Middelaar, die Kristus, te verstaan. Maar laat my hier duidelik sê en erken, dat my oorgee ten laaste om te glo in die Versoening, in die Missie van Kristus, nie gekom het deur oortuiging van my verstand nie! Nee, my verstand het *nog* altyd geweier om Hem te erken en te ontvang.

My oorgee aan die geloof in Kristus, is ek nou bly om te weet, was, simpel en bloot, ingedring in my hart deur die oortuiging van Gods Gees. Ek was deur de Gees daartoe gebring om te erken, ten spyte van my verstand, van die logika, dat Kristus van die Vader gestuur was uit Liefde, en uit *Liefde* alleen om Sy kinders op een of ander manier te help!

Ek het Sy versoening aangeneem ten spyte van alles wat my gedwing het om Hem te logen! Ek kon dit nie verstaan nie. *Ek verstaan dit nou nog nie ten volle nie!* Maar Gods Gees het my in my hart oortuig dat Kristus *uit Liefde* neergedaal het uit die Hemel om ons te help, en dat God Hem toe-

gelaat het om te kom, *uit Liefde alleen!* Daar was geen toorn, geen wraaksug van die Vader om te versoen nie.

Ek het Hem aangeneem deur geloof, ontvange van Gods Gees! Maar na die geloof het die oortuiging ook gekom .

Nadat ek deur die Gees gelei was, en nadat die oë van my verstand geopen was, sodat ek Gods „Plan" kon verstaan, toe was die versoening ook verduidelik—ten dele! So as bo gesê, ek kan selfs vandag nog nie die volle maat van die wonder begryp nie. Somtyds skyn dit of ek 'n skemering van die diepste mening van die versoening kan begryp, maar dan word die Lig so helder, dat my oë verblind word, en my verstand gaan staan doodstil!

Dit is nie my plan om hier in die diepte te gaan van die misterie van die Versoening nie. Dis genoeg om te sê dat Gods Gees dit vir my openbaar het, dat dit geen *offerande* was om Gods toorn, Sy wraak, teen Sy onvolmaakte kinders te versoen nie. Inteendeel was dit 'n openbaring van Sy Liefde! Die grootste openbaring van Goddelike Liefde wat die mensdom kon ontvang? Ja! Kristus Self is die Hoogste Openbaring van Gods Liefde. Kristus Self het ook nie Sy lyding, Sy dood aanskou as 'n *offerande* nie. Dit was vir Hem die grootste voorreg! Die grootste voorreg die daar vir Hem, in die ganse Heelal te vinde was, om die grootste vordering te maak die molik was vir Hem, om volgens die grote Wet van Gods Liefde, *Eenheid,* te bereik met Sy Vader deur oorwinning, deur Selfverlogening van die grootste aard, daar Hy van Sy alreeds bereikte heerlikheid neergedaal het om vir ons 'n „Weg" te baan na die Vader, en om vir ons die geheim van oorwinning te openbaar, die geheim van Gods Koninkryk, die Koninkryk van Gees en Waarheid, gevestig op die Goddelike Liefde.

## DEEL VII.

## DIE GODDELIKE „PLAN".

En nadat ek sover gekom het dat ek Kristus *aangeneem* het as my Leidsman, toe was ek 'n nuwe mens. Ek sê dit nie in die ou ortodokse mening nie. Ek meen dat ek 'n nuwe mens was na liggaam, gees en verstand—hier! Op die oomblik! Ek het nie in die hoop gelewe dat ek nou 'n kans staan om die verdoemenis van helse vuur te kan vry kom nie—en dat ek die reg sal hê om ewig op die goue strate van die Hemel te loop, harp in die hand, om met die engele saam te sing, psalme en gesange, sonder einde nie.

Nee, tot na die liggaam was ek nou 'n ander skepsel. Toe die Vrede van de Kristus in my hart invloei, toe val al my kommer en sorg van my af. Ek het toe gevoel dat „*Alles is* Wel", al my sake en al my belange is nou in Sterke Hande! Ek moet net my plig doen na die beste van my vermoë, en niks kan verkeerd gaan nie. En toe daardie Geestelike Vrede gekom het, toe voel ek tot my eie verwondering, dat al my ou liggaamskwale stadig verdwyn! Al my gesondheid en al die krag van my jeug het terug gekom! Dit was of daar nie plek in my sisteem meer was vir siekte of swakheid nie. Gods Liefde en siekte kan nie saam bly nie!

En nie alleen my liggaam nie, maar my verstand het ontwikkel en gegroei by die dag; en groei nou nog, net soas my liggaams gesondheid.

Dit was, en is nou, asof Gods Gees in my woon, en dat daar niks is wat ek nie kan verstaan, of begryp nie. As ek nou 'n teorie lees, dan weet ek sonder veel kopbrekings, wat waar is en wat onwaar is.

Nou verstaan ek al die boeke wat ek van tevore gelees het! Dit is of daar 'n lig dwarsdeur hulle skyn, en ek weet

juis net wat hulle bedoel, waarom hulle geskrywe is, en welke deel is waar en goed, en welke is vals en verleidelik.

Geen geheim van die Heelal, geen verborgenheid van die Geestelike wereld, skyn vir my te diep om nou te verstaan nie. As iets nog dan te groot, te wonderlik is om te begryp, dan gaan ek in die ,,stilte'', en dan is dit of my verstand oopgaan, en daar skyn 'n lig wat deur alle verborgenheid deurdring, wat alles verduidelik! Dit is of 'n straal van Gods eie Alwetendheid deur my verstand skyn! Dit is nie meer 'n kwessie van ,,geloof'' vir my nie. Ek *,,weet''* nou. Nie *alles* nie, want God alleen is Alwetend, maar ek *groei*! En dit is die ,,Plan'' van die Skepper, dat die siel moet *,,groei''*, altyd *groei*, totdat hy, soas Kristus self gesê het, volmaak en heilig is, soas God volmaak en heilig is!

Nou het ek eers verstaan waarom ek al daardie boeke moes lees, al daardie leerstellinge, gelowe, filosofies en openbaringe moes studeer en ondersoek.

Deur die Gees was ek gelei om myself eers te ontledig van al my voorafgevormde konsepsies van die Kristus en Sy leer, Sy werk, want dit was te veel bemodder met die leer van mensegedagte. Ja! Die Gees self het my daartoe gedwing om die Kristus te ontken, te verwerp, sodat ek die *behoefte* aan Hem kon gevoel. Toe was ek vèr om heen gelei deur onbekende en onbeminde wereldryke van kennis en openbaringe, van rykdomme, van geleerdheid en wetenskap. Vry van alle vooroordeel, want ek was ontledig van al my voorgevormde ideale!

Ek was *soekende*, en was gewillig om enige leer, enige filosofie aan te neem sonder voorliefde, solang as ek maar net Gods Waarheid kon vind.

Ek moes hulle almal ondersoek met vrye oordeel, sonder die invloed van my voorgevormde geloof, sodat ek al die waarheid wat in hulle was kon afsonder, en my *eie* maak; sodat ek toleransie, simpatie, meegevoel met almal kon leer, want sulks is onmisbaar vir 'n volgeling van Kristus, vir een wat die werk van die Vader wil doen.

Nadat ek gelei was om die wereld heen deur te soek na

Gods Waarheid, *en nadat* ek *nog* die waarheid nog die Liefde in enig deel *ten volle* kon vinde, toe was ek op 'n wonderbare manier terug gebring na die Kristus, tot *aan die voet* van Sy Kruis.

Toe ek in die diepste van my ellende gesak het, toe ek bemerk het dat ek nou waarlik lê te sink in die modder van „die vallei van die skaduwee des doods", toe het die Kristus Self gekom, my hand gevat, en my terug gelei na die „bergtoppe" van Sy Liefde, waar die Lig altoos helder skyn.

Ten laaste het ek die *behoefte* aan Hem gevoel, en na Hem geroep; en ek het erken dat ek die Waarheid niewers kon vind nie en Hem gevra om my te help, want ek het geen ander hoop meer dan op Hem alleen! En Hy het geantwoord, soas altoos: Nie tevergeefs roep iemand na die Kristus nie! En toe ek my hart en my verstand oopgeset het vir Sy Waarheid, toet het Hy vir my *alles* duidelik gemaak.

Hy het vir my getoon dat alles wat ooit in my lewe gebeur het, van Gods Liefde gekom het. Niks kan die mens aanraak sonder die wil van die Vader nie. Al lyk dit vir ons 'n grote kwaad dat tot ons kom, dan is dit nog Liefde wat dit vir ons bring om ons ondervinding te bring, en eindelik die oorwinning.

Hy het vir my laat terug dink oor alles wat ooit in my lewe gebeur het, en toe moes ek erken dat alles ten goede gebeur het, op die uiteinde! Hoe bitter en kwaad dat dit ook al op die oomblik gelyk het.

Hy het toe ook vir my getoon waarom dat dit alles nodig was. Dit was alles begrepe in die liefdevolle „plan" van die Alwyse Skepper!

Dit sal te veel plek neem om dit alles hier duidelik te maak, en sal moet wag vir 'n later geleentheid, maar „God beskik *alle* dinge ten goede vir Sy kinders." Selfs die sonde wat ons doen, gaan nie verlore, of *bly* nie ten kwade nie. Ons sal moet die gevolg staan van ons dade, ons moet „maai, wat ons saai," maar op die laaste end dan kom die „Groot

Wet" van Gods Liefde, en verander die kwaad ten goede! Dit help alles om ons op te bou, om ons 'n stap verder te bring in ons ewolusie.

Waarom moes ek so vèr om heen soek om die Waarheid van die Kristus te leer?

Dit was nodig vir my ontwikkeling! Nodig om my Liefde, my toleransie, my medegevoel met ander uit te brei. Ek moes leer dat Gods Waarheid baie breed is, baie sye het. Dat geen een revelasie, geen enkele openbaring, die volle waarheid van die Godheid kan bevat nie; maar dat nieteenstaande dit, bevat elke geloofstelling, elke openbaring 'n sekere deel van die Goddelike Waarheid, na die vatbaarheid, na die staat van ewolusie van hom die dit besit.

Gelyk 'n diamant één lig verdeel, en uitwerp in baie verskynsels, nogtans bly dit maar die één lig.

Alle gelowe, alle openbaringe, kom van God, na die toestand, die vordering, die vatbaarheid van hen die dit ontvang. Hoe verder 'n ras of 'n volk gevorder is in hulle loop van ewolusie, hoe hoër openbaring ontvang hulle. Die Wysheid van die Vader weet die bekwaamheid, die ontwikkeling van elkeen, en Hy gee aan elkeen na sy behoefte en na sy vatbaarheid.

So gou as daar 'n behoefte bestaan vir 'n hoër openbaring, dan *moet* dit kom, want so is die Wet van Gods Liefde.

Geen mens het die reg om met 'n veragtende oog neer te sien op die geloof van 'n ander nie. Dit is alles van God, van Sy Wysheid, en Sy Liefde.

Dit is waar dat geen openbaring suiwer bly, soas God dit aan die mens gee nie. Dit is die menselike natuur om Sy eie gedagtes in te meng, en Gods leer te bemodder met sy eie onkunde, sowel as met sy gierigheid, en sy dwaasheid, sy welluste! Maar ook daarin vertoon die Wysheid van die Skepper! Ook daardie neiging van die mens het 'n doel in die grote Plan van die Alwetende Skepper. Ook daardie kwaad werk ten goede, in meer opsigte dan één. Dit bring ontwikkeling, dit gee geleentheid vir oorwinning, vir die wat bekwaam is om 'n stap hoër te gaan dan hulle teënwoordige ge-

loof. Dit gee geleentheid vir die verligte siel om oefening te kry om te onderskei tussen goed en kwaad, tussen vals en waarheid. En oorwin die soekende siel die versoeking om *maar die valse menselike leer,* wat skuil agter die waarheid van Gods openbaring, aan te neem as waarheid, dan gaan hy 'n stap hoër, dan ontvang hy hoër openbaring, *meer* waarheid, net so hoog, net so diep, net soveel as hy maar kan verlang, soveel as hy kan bevat.

Waar daar 'n opening, 'n begeerte kom na meer waarheid, meer liefde, dan *moet* dit invloei, want dit is *Wet.*

En wanneer 'n soekende siel voel dat hy nie meer tevrede is met die mate van Lig, van Waarheid, van Openbaring die hy besit volgens die geloof waarin hy staan; wanneer hy begin te sien dat daar foute in is, dat dit gemeng is met die modder van mensebegeertes, mense dwaasheid, dan is dit nie nodig vir hom om te dink dat hy nou in versoeking kom om in die sonde van ongeloof te val nie. Dit is maar net 'n teken dat hy klaar is om 'n trap hoër op te gaan, om 'n skoner openbaring te ontvang van Gods Liefde, deur Gods Gees. En wanneer die bewustheid kom, en die behoefte gevoel word, dan moet alle vrees, alle vooroordeel opsy geset word, en die hart oopgemaak word, en die behoefte *sal* vervul word.

Dit alles het die Kristus vir my duidelik gemaak, en nog baie, baie meer!

Hy het my getoon hoe dat Gods Liefde selfs die kwaad, die onkunde van die mens gebruik, om Sy Waarhede bekend te maak. Dat selfs die dinge in die ortodokse leer wat my vroeër gewalg en afsku gegee het, gebruik word ten goede.

Om maar één klein voorbeeld hier te gee. Die ortodoksie leer ons van 'n „opstanding des vleses"! nieteenstaande dat Paulus ons in 1ste Korinte 15 vers 50 duidelik sê dat „vlees en bloed nie die Koninkryk van God kan ingaan nie!" En tog verklaar die ortodokse leer in haar onkunde hier 'n groot waarheid. Daar *is* 'n opstanding des vleses, maar ver, ver nie so as die ortodoksie dit verklaar nie.

Dit is 'n waarheid wat die Gees die mens gegee het, maar dit was verdraai, sodat alleen die geestelik verligte siel

dit kan beken. Dit ook is in die Plan van die Wysheid Gods. Dit gee 'n geleentheid vir die soekende siel om te leer onderskei, en om 'n groot oorwinning te behaal deur die waarheid te skei van die wat vals is, en aldus in staat gestel word om 'n stap vorentoe te gaan. Elke sulke oorwinning bou die siel op, gee nuwe krag, nuwe ontwikkeling. Wanneer 'n mens eers die wonderbare wysheid van die goddelike Liefde begin te verstaan en te begryp, om die groeiende geestelike krag van die opgaande siel op te bou, dan kan hy maar net stil staan en bewonder, en aanbid in dankbaarheid! Sulke wonderlike waarhede openbaar sigself geduriglik aan hom die soek! Daar is geen einde aan die verbasende Wysheid en Liefde van die Voorsienigheid nie, al is dit eers gebêre in die verborgenheid! Vir 'n doel: Ek het nou begin om te sien dat alles wat vir my eers gehinder het in die ortodokse leer, 'n doel het, en dat die doel Liefde is! Niks gebeur sonder rede nie. Niks word toegelaat sonder 'n doel nie. En die doel werk altoos onder die mag van die oorheersende Wet van die Goddelike Liefde.

As daar iemand is wat tevrede is met sy ou geloof, die geloof waarin hy gebore is, dan is dit ook *wel!* Verag hom nie omdat hy anders denk as jy nie. Die geloof wat hom tevrede stel is volmaak vir hom na sy behoefte. Hy het niks meer nodig nie.

Gods Gees weet beter dan jy, of ek, wat vir hom nodig is. Wanneer sy ontwikkeling so ver vorder dat hy ontevrede word, dan sal die Liefde daarvoor sorg dat hy meer Liefde ontvang na sy behoefte. Bekommer jou nie oor hom nie. Die Kristus sê „Wat gaat dit *jou* aan! Volg *jy* My."

As jy meer lig ontvang dan hy, en jy voel gedwing deur die Gees om dit mee te deel, deel dit dan mee aan jou naaste, en laat die uitwerking oor aan die Liefde. Bekommer jou nie verder nie. Volg *jou* weg dan maar verder. Jy kan 'n perd na die water lei, maar jy kan hom nie dwing om te drink nie. Dit is ook nie nodig nie. As hy dors het, dan sal hy self drink. So ook met elke siel; op sy regte tyd, gelei deur die Liefde, sal hy dors; en as hy dors, *sal* die lewende

water na hom gebring word, deur jou, of deur 'n ander middel. Die Wet van Liefde sal sorg!

Ek het geleer om die geloof van niemand te verag nie; elke geloof bevat 'n deel van Gods waarheid. Wat nog meer is, na my oë oopgegaan het, toe het ek uitgevind dat daar in elke leerstelling, elke geloofsbelydenis, waarhede van bo is die ek kon aanneem. Met die geestelike lig die ek ontvang het was ek bekwaam gemaak om hier 'n deel, daar 'n deel van die Goddelike openbaring aan die verskillende takke van die mensdom, te neem, by elkaar te voeg en so 'n geheel saam te vorm, wat my diep insig gee in die wondere van Gods Wysheid, Sy Liefde, en Sy Waarheid. Was dit nie vir wat ek geleer het uit die gelowe van ander sektes, en van ander filosofies nie, dan kon ek nie die wonderbare Liefde, die uitstekende verhewenheid van die leer van Kristus gesien het nie. Dit het ook vir my in staat gestel om in die voetstappe van die Kristus te volg, deur toleransie, simpatie, die Liefde vir my naaste, dat is Broederlike Liefde, te bekome. Dit het my in staat gestel om die groot geheim van die leer van Kristus te verstaan en om te soek om dit te volg, n.l.: Die Broederlike Liefde, diens aan my naaste!

## DEEL VIII.

## „DIE KONINKRYK."

Ek weet dat daar Mahomedane, Buddhiste, sogenaamde „Heidene" is, die nader aan „die Koninkryk" is dan baie, baie sogenaamde „Kristene"! Hulle het, gelei deur Gods Gees, die geheim van die „Koninkryk" uitgevind!

Die Gees van God ontken, of verwaarloos, nie één van die kinders van die Vader nie. Daar is geen siel wat nie 'n kind van God is nie. Sy Vaderlike oog waak oor almal. Niemand word uitgesluit nie. *Nie één van Gods kinders kan verlore gaan nie.* Hy is die Getroue Herder. Hy ken al Sy skape by name, en sal sekerlik sorgdra dat almal veilig in die skuur van die Vader geherberg word ten laaste!

Maar ek weet ook nou, dat daar geen ander naam in die Hemel of op Aarde gegee is, dan die naam van Kristus, deur welke ons moet salig word!

Hoe kan dit wees? Wat van die miljoene ongelowige Heidene? Wat van die grootste deel van die sogenaamde Kristene, die wat Sy naam ydel gebruik, deur om in Sy naam hulle eie belange, hulle eie begeertes te bevorder, tot verwaarlosing van Sy Koninkryk? Gaat hulle dan verlore, na die Hel?

A! My Vriend! Ons kan geen beperking plaas op Gods Liefde, geen tekortkoming aan Gods Almag nie!

Alles is moontlik by God!

Dit is 'n geheim wat ek nie vir jou kan duidelik maak met woorde nie. Gods Gees alleen kan dit vir jou laat verstaan.

Jy is nog te veel vervul met vooroordeel, vooraf gevormde ideale! Nie 'n hele boek van woorde kan jou oortuig as jy nie wil oortuig wees nie. Jy moet eers vir jou self leeg

maak van jou eie swakke en beperkte gedagtes van Gods Liefde, Sy Wysheid, Sy Regvaardigheid, voordat jy selfs kan begin om te verstaan dat jou gedagtes nie Sy gedagtes is nie, dat ,,Sy weë verhoog is bo jou weë, so hoog as die Hemel bo die Aarde verhewe is!"

Maar weet dit, dat jy sal *moet* verstaan, op die ou laas! Al is dit ook deur pyn, smart en bittere trane, ten laaste sal jy moet erken dat in die ganse Heelal daar niks meer is dan LIEFDE nie! Geen verdoemenis—geen Helse Vuur, op die uiteinde nie, maar die LIEFDE alleen; en dat die naam van die Liefde is ,,*Kristus*"! God! Gees! En die drie is EEN.

En wanneer jy sovèr gekom het dat jy kan sien dat niks anders dan Liefde in *alles* te vinde is nie, dan is jy by die drumpel van die ,,Deur"! Die Deur van ,,die Koninkryk." Gaan dan in! Gaan in, o gy soekende siel, in jou hawe; jou soek is geëindig! Jy het gevind wat jy gesoek het, die geheim van die Leer van Kristus, van Sy ,,Koninkryk", die LIEFDE!

,,Gij zult de Heere uw God liefhebben met geheel uw hart, geheel uw verstand, geheel uw ziel, en met al uw kracht; en gij zult uw naaste liefhebben zoals uzelven!"

Deze twee gebode is één! Die God lief het sal sy naaste liefhê, en die sy naaste liefhet, die sal God ook lief hê.

,,Een nuwe gebod gee Ek u, kinderkens, heb elkander lief!"

En wat lê nie verborge in daardie nuwe gebod nie! Dit bevat die geheim van die ,,GROTE Wet" van die Skepper, *die hele fondament van ,,die Koninkryk Gods"!*

Wat is die ,,Koninkryk" van God? Waarin lê die vreugde, die geluk, die saligheid, die Vrede van die ,,Koninkryk"?

Hoeveel sogenaamde kristene het ooit die geheim uitgedenk en begryp?

Wat verwag jy as beloning vir jou oorwinning, wanneer jy ,,die Koninkryk" ingaan?

'n Luilekker lewe, met 'n harp in die hand, gekleed met 'n mooi wit rok, heeldag te sit en Psalme en Gesange sing, daar in die goue strate van die nuwe Jerusalem? Verwag jy

om somaar net na jou dood volmaak en heilig te wees, en dan verder niks meer te doen of te werk nie, deur die hele lange Ewigheid? Arme siel! Jy sal gou moeg en verveel wees met jou harp en jou mooi wit rok! So 'n luilekker lewe is ook onmoontlik! So'n begrip is niks anders dan die toppunt van die selfsug! En selfsug kan nie die kleinste plekkie in die „Koninkryk" vinde nie.

„My Vader werk tot nu toe en Ek werk ook," sê die Kristus.

Sien jy nou? Daar lê die geheim van die geluk van die Hemelse Ryk!

LIEFDE! DIENS!

Dit is werk! Werk vir u Vader, en werk Diens, vir Sy skepsels! Deur volhardende Selfverlogende Diens alleen is daar vordering, is daar ewige geluk en vrede.

Dit was deur Selfverlogende „Diens" alleen dat die Kristus Sy grote oorwinning behaal het oor die wereld, oor die terughoudende magte van Duisternis.—*Onkunde!*

Dit is deur „Diens" dat Kristus nog vandag Sy grootste blydskap en Heerlikheid by die Vader geniet!

Dit is deur „Diens" dat Gods engele die Hemelse vreugde geniet.

Selfverlogende Diens geskied alleen uit die Liefde. Deur Liefde alleen word dit moontlik. „Die van julle wat die grootste wil wees, die moet „*dienaar*" wees van die andere!"

„Die sigself verneder, sal verhoog word."

Die mens—die Engele Gods,—Ja alles wat IS deur die ganse Heelal, moet ewig vorder, ewig vooruitgang maak, nader na die volmaaktheid van God die Skepper. Dit geskied alleen deur Liefde, deur Diens, *deur nuttig te wees!* Alles in die Heelaal is onderworpe aan dié Grote Wet! Die Wet van Gods Liefde!

Diens! Nuttig te wees! Iemand te help. Dit is die „Koninkryk" van God. Daarin lê verberg al die genot, die vreugde, die saligheid van die Hemel. *Dit* is Liefde!

Nou! Sien jy, o soekende siel? Sien jy wat dit beteken?

Jy kan die vreugde, die vrede, die genot van Gods Koninkryk geniet—*Nou ! Hierop aarde, solang as jy nog in jou* vleeslike liggaam woon, deur Liefde, deur selfverlogende Diens aan Gods skepsels ! Liefde vir jou naaste.

Dit is die ,,Koninkryk'' van Kristus ! *Dit* bevat die hele beginsel van die ,,leer'' van Kristus. Dit is die ,,Weg'' na die Vader die Hy vir ons gebaan het.

,,Ek is die ,,Weg'', die lewe, en die waarheid''.

*Daar is geen ander reguit weg na die Vader nie : Liefde,* selfverlogende Diens aan Gods kinders.

,,Die sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar die sy lewe verloor om Mynentwil, die sal dit behou.''

,,Die sy siel wil red, moet dit verloor,'' opoffer in Diens, in Liefde.

Die hele leer van die Kristus kom maar net tot één punt, daardie punt, Liefde, opoffering van jou eie self aan God, en aan jou naaste. Die hele ,,bergpredikasie'' is maar net 'n opsomming van daardie leer.

Wanneer jy bid, soas Kristus vir jou geleer het, ,,U Koninkryk kome, u wil geskiede op die aarde soas in die Hemel,'' dan bid jy vir daardie ,,Koninkryk'' van Gods Liefde in die harte van die mensdom. En wanneer Sy Koninkryk also kom, dan is Sy wil op aarde ook volbring. Wanneer Sy Koninkryk *van Liefde, die ryk van Vrede waarlik kom?* Hoe dan?

Dan is die hele wereld verander ! Dink net daaraan ! Wat gaan dan gebeur ?

Dan sal geen mens sy daë en sy nagte bestee om uit te dink hoe om sy naaste te kort te doen nie, hoe om sigself te verryk uit die nood, die behoefte van ander nie; dan sal geeneen sê ,,dit is *myne''*, van enig iets nie. Van alles sal ons sê ,,dit is *onse.''*

Daar sal geen arme of behoeftige meer wees nie, want almal sal nou nt soek, nie om andere te bedrieë nie, maar om ander te help ! Die grootste blydskap en vreugde van elkeen sal wees om mee te deel, om te help, om te troos, om ander bly te maak, want dan sal die oë van die mensdom geopen wees, en dan sal ons waarlik verstaan, dat ,,dit saliger is om te

gee dan om te ontvang." Dan sal daar geen verdrukking, geen heersing van mag op die hele Aarde meer wees nie. Die regering van ,,Mag" sal geëindig wees, en Liefde alleen sal heers oor die ganse wereld.

Woorde ontbreek om die geluk, die vreugde, die vrede te beskrywe wat sal wees wanneer die ,,Koninkryk" van God, die regering van Liefde, neerdaal op die aarde! Dink net daaraan. Kry 'n begrip daarvan vir u self, dan sal jy sien dat daar geen beperking kan geplaas word op die geluk van die mense nie!

Dan sal daar geen ,,vloek" meer wees, ook geen ,,nag" meer nie.

En God sal dan by die mens woon; en Hy sal hun tot 'n God wees.

En daar sal geen trane meer wees nie, nie droefenis nie, ook geen dood meer nie, want Kristus het dit alles oorwin— selfs die dood!

En nou, my vriend? Wat is jou plan?

Die Vader het vir jou na Sy ewebeeld geskape. Hy het vir jou *iets* van Sy Eie hoenadigheid gegee. Hy het vir jou ook 'n eie *wil* gegee, tot 'n sekere maat toe; maar uiteindelik sal jy jou wil *moet* skik na Sy volkome en volmaakte wil.

Sy wil is LIEFDE!

Sy Liefde eis dat jy moet nader kom, nader aan jou God, moet ingaan in Sy Koninkryk van Liefde.

Jy kan gewillig ingaan en besit neem van jou erfenis die jou Vader vir jou klaargemaak het, of jy kan jou wil verset! Dit beteken maar net dat die Liefde dan verplig sal wees om jou aan te keer deur pyn, deur lyding! Dit hang van jou self af, deur vreugde, of deur pyn? Wat gaan jy doen?

Het jy opgelet, vriend, na die tekens wat rond om jou heen verskyn? Die hele wereld deur?

,,Leer van die vyeboom. Wanneer hy begin te bot, dan is die somer naby, die oes die nader."

Kristus Self het vir ons al die tekene voorsê, waaraan ons sal kan sien dat die tyd nader, dat Hy terug kom om Sy Koninkryk op te rig.

,,*Niemand weet die dag nog die uur, wanneer die Soon des Mensen sal kom, dan die Vader alleen.*''

Maar Kristus het vir ons al die tekens opgenoem die sal aanwys dat die dag naby is, dat Hy sal kom.

Al die tekens is vandag sigbaar. Dit vra nie meer 'n profeet om te sien dat die dag nader met haastige skrede, en dan? Wie van ons sal klaar wees? Sal al ons lampe vol met olie wees? Sal ons aan die kant van die ,,uitverkonere'' staan? Die wat gewillig, deur Liefde gelei, ,,die Koninkryk'' alreeds beërwe het? Of sal ons aan die kant van die ,,bokke'' staan? Die wat in die ,,Koninkryk'' sal moet gejaag word? Deur pyn, deur lyding en verdriet, deur die vrees van die dood?

Sien julle nie hoe dat die Liefde alreeds besig is die hele wereld deur, om die mens te beproef, om hom aan te drywe? Om die wat nie wil insien dat die Liefde alleen ,,die weg'' is nie, hulle deur pyn te verplig om die *behoefte* te gevoel aan Liefde? die ,,Broederlike Liefde'' wat alleen die vrede op aarde kan bring?

Die wat gewillig hulle les wil leer, en wat gewillig met vreugde en blydskap die Koninkryk van Liefde ingaan, die ontvang die ,,bruilofskleed'', en sal met die oorwinnende Kristus aansit aan die ,,fees van die bruilof''; en hulle sal wees ,,Priesters en Koningen'' in die Koninkryk van Kristus, hulle sal ,,Dienaars'' word, om groter oorwinning te behaal, deur om hulle agterblywende broers en susters te help om ook te oorwin!

Maar die agterblywende, die nie ,,uitverkorene'', die sal daar buite in die duisternis bly, ,,en daar sal wees weening en knersing der tande,'' totdat hulle leer, deur pyn en smart, deur lyding en sterwe, deur verlatenheid en droefnis—leer om die *behoefte* te gevoel aan die Koninkryk van Liefde. Totdat hulle Liefde leer vir hulle Vader, en liefde vir hulle broers en susters. Broederlike liefde, selfverlogende Diens in die naam van hul Verlosser, Kristus Jesus!

Dit mag eeu op eeu, millenium op millenium neem vir sommige om hulle les te leer; dit hang van elkeen self af hoe-

lang dat sy lyding duur; maar uiteindelik sal almal, elkeen, moet ingaan, en erken, dat die ,,Weg'' van Kristus die enige weg is: Die weg van Liefde en van Diens! Die weg van Broederlike Liefde!

Wat is ons plan, joue en myne, vriend? Gaan ons ingaan, gewillig, met blydskap en vreugde, of in pyn en lyding? God gee jou 'n vrye wil!

## DEEL IX.

### SOAS DIE MENS DINK IN SY HART, SO *IS* HY.

Die ,,Weg," die ,,Koninkryk" van Kristus is ,,LIEFDE" en ,,DIENS", selfvergetende Diens !

Menigeen sal vra : ,,Maar hoe kan ek die Liefde, die Diens bewys?" Hoe kan ek bes my Liefde vir God toon, my Diens, sowel as Liefde, aan my naaste? Kan ek dit toon deur aalmoes te doen aan die arme? Deur altoos soveel moontlik te teken op kollektelyste? Deur altoos aan die Kerk geld te gee? Deur hospitale en weeshuise te help bou en ondersteun?

Hoor wat sê jou Meester, die Kristus :

,,En gy, wanneer gy aalmoes doen, laat u linkerhand nie weet wat u regterhand doen nie!... ,,Anders het u alreeds u loon ontvang deur die eer van die wereld." ,,Want ook die heidene doen aldus."

Dit is goed en nodig om te gee aan die arme, die sieke, die weduwee en die wees, aan almal wat behoeftig is, maar ,,Laat u linkerhand nie weet wat u regterhand doen nie," anders het jy jou loon alreeds hier ontvang.

Nou, hoe dan? Is dit deur 'n getroue kerkganger te wees? Deur om na die bidure te gaan en daar ,,voor te gaan" in die gebed tot God?

,,Maar gij, wanneer gij bidt, gaat in uw binnenkamer, en uw deur gesloten hebbende, bidt tot uw Vader die in die geheim is, en uw Vader die in die geheim ziet, zal u in het openbaar vergelden !"

Sekerlik, dit is nie kwaad, maar seer goed, om na die kerk te gaan, as jy behoefte daaraan gevoel, of as jy stigting en troos daar kan ontvang. Vir menige swakke siel is dit behulpsaam en verheffend om na die kerk en biduur te gaan : Daar is ook sommige, weinige, siele, die soas Kristus gesê het, soos 'n kind geloof, sonder om te redeneer, en sonder

om foute aan te sien. Te innig goed is hulle, om kwaad raak te sien. ,,Van sulke is die Koninkryk Gods" ! Hulle vind die ,,Weg" na die Hemel, nader aan God, binne enige geloof, enige sekte, enige Kerk. Sonder veel soek is hulle alreeds ingegaan in die Koninkryk, en geen verkeerde leer, geen valse Evangelie kan hulle verlei, of terug trek van die regte weg nie. Helaas! sulke is die ,,weinige" oor hulle behoef ons geen kommer uit te oefen nie. Vir diesulke is hierdie boek ook nie bedoel nie. Dit is bedoel vir die wat soas die skrywer, teen sin en wil, verplig is om te ,,soek". Die wat ontevrede gevoel. Die wat nie bekwaam is om net die neiging van die hart te volg nie, daar hulle verstand eis om ook te verstaan waarheen die hart gaan.

Sekerlik, bly in jou kerk. Gee maar ook kollekte in die bordjie as jou konsensie dit vir jou toelaat om te doen sonder geveinsheid. Gaan maar so dikwels na die kerk en na die biduur as jy die behoefte of die neiging gevoel om te gaan. Al vind jy vir jou self geen goed daarin nie, jy kan miskien iemand anders help. Daar is geleentheid vir ,,diens" in die kerk, sowel as in 'n kantien, in die straat, of op die puinhoop van sogenaamde verlorene en gebroke siele. Waar ook al die geleentheid sigself mag openbaar vir die soekende siel, soekende om te dien, maak dit geen onderskeid waar hy dien nie, solang as dit in opregtheid van hart, sonder geveinsheid , sonder valse voorwensels gebeur.

Daar is ook so iets as die ,,Gemeenskap der Heiligen." As jy daardie ,,Gemeenskap" in die kerk kan vind, dan, ongetwyfeld, is dit goed vir jou om daarheen te gaan. Die Gemeenskap der Heiligen is 'n Hemelse vreugde, onskatbaar groot!

Maar bedrieg jou self nie. Jy kan die Koninkryk nie ingaan net deur kerk toe gaan nie! Nog minder deur geld te gee aan die kerk, aan hospitale, aan behoeftige, of aan enige doel, hoe edel en hoe hoog die doel ook al mag wees. Gods gawe, Sy Koninkryk, kan nie gekoop word met al die rykdom van die wereld nie. Waarom is dit so swaar vir 'n ryke om in te gaan in die Koninkryk? Hy dink hy kan

alles reg maak, deur geld te gee, deur hoog op subskripsielyste te teken.

Daar is net één ding wat jy kan gee, waarmee jy die Koninkryk kan bereik—dit is deur om vir *jou self* te gee! Jouself met al wat jy is, en met al wat jy besit! Jouself te onderwerp aan die Wil van God, sonder enige voorbehou! En dit is nie so swaar as dit ons voorgestel word, om ons selwe aan Gods woord te onderwerp nie, wanneer ons eers begin om te verstaan w a t die wil van God is.

Gods wil is Liefde!

„God wil nie die dood van die sondaar nie, maar dat hy die ewige lewe beërwe."

Daar was 'n tyd dat ek baie bang was om te sê „U wil geskiede", want ek het altyd gedink dat die wil van God eis dat die Kristen deur sware beproewing die Koninkryk moet ingaan! deur siekte, deur armoed, deur teenspoede, deur droefenis, en deur teleurstelling! Nou weet ek beter! Daardie dinge is maar net swepe om ons nader te bring. Dit is alles maar net die gevolg van ons eie dink, en vervolgens ons eie dade. Ons oes maar net wat ons saai.

Gods wil is blydskap, liefde, vreugde en oorvloed van alles! Ja, selfs oorvloed van alles stoffelik, wat ons nodig kan hê om ons lewe hier op aarde vol en liefelik te maak! Armoede, honger, en naaktheid, kom nie van ons Hemelse Vader nie! Van hom kom volheid van lewe, volheid van blydskap, volheid van liefde. Ja, volheid van *alles* wat ons kan begeer in onselfsugtigheid.

„Indien u die Vader bid in Myne naam, gelowende dat u sal ontvang, sal Hy u gee *alles* wat u van Hem mag begeer" sê die Kristus.

Nou ja! Aangaande die *„Diens"* uit Liefde die ons moet doen aan God en aan ons medemens? Wat moet ons doen? wat kan ons doen, as geld gee en kerk toe gaan dan nie die ding is nie.

Vriend, verstaan my goed, jy kan groot diens bewys aan jou naaste, deur geld te gee, na jou vermoë, aan die wat behoeftig is, aan weldadigheidsgenootskappe, aan sieke en hul-

pelose. Dit is ook jou plig om te gee. As jy jouself met *alles* wat jy besit aan Diens oorgee, dan *mag* jy nie terug hou waar jy sien dat jy geroep is om te gee nie. Jou rykdom is dan nie meer jou eie nie! Jy is net rentmeester daarvan.

Alles hang af van hoe dat jy gee!" Jou linkerhand moet nie weet wat jou regterhand gee nie!" Anders het jy jou loon alreeds weg: Die deug lê nie in die geld wat jy gee nie, maar in die gevoel van Liefde, van medelyde en barmhartigheid in jou hart: Dit is jou liefde, jou barmhartigheid, jou medelyde met die behoefte van andere, die jou nader bring aan God, die jou één maak met die Kristus in Sy liefde vir die kinders van die Vader.

God het geen behoefte aan jou *geld* of *waarde* nie: „Die aarde en *al* haar volheid is des Heeren." God wil net vir jou geleentheid gee om jou eie *geestelike* lewe te verhef deur die betoning van liefde en medelye.

Daar is duisende maniere waardeur die ware kristen „Diens" kan betoon aan Gods kinderen, en Liefde vir sy naaste.

Diens is Liefde; en Liefde vir jou medemens is Liefde vir God.

'n Vriendelike woord, 'n glimlag, 'n blik van medelyde, van deelneming aan 'n bedroefde siel, 'n helpende hand aan een wat geval is: 'n woord van aanmoedigingvir die wat sukkel; 'n vriendelike waarskuwing aan 'n dwalende; 'n opwysende vinger aan 'n kruipende; 'n woord van verdediging vir 'n beskimpte; 'n teken of daad van vertroue aan een die wankel in selfvertrouwe! Maar ag! waarom sal ek dit alles opnoem? Elkeen weet van honderde maniere om 'n ander op te help, te beskerm, te versterk in die voorneme om voorwaarts en opwaarts te gaan! So spoedig as daar 'n wil is, dan sal daar baie weë voorkom om „Diens" en Liefde te betoon: „Maar", sê een, „Ek het nie tyd om ander te help nie! My hande is reeds al te vol met my eie sake!" „Ja", „sê 'n ander, „maar hoe meer jy 'n ander help, hoe meer ondankbaarheid jy ontvang! Jy kry net stank vir dank!"

„Dit is alreeds meer dan ek kan behartig om my eie

behoefte, en die behoefte van my familie te voorsien; ek kan nie nog vir andere sorg nie!" Daar is altyd baie ekskuse, en baie van die ekskuse is ook nie ongegrond nie.

Maar daar is 'n manier om ander te help, om Liefde en Diens te toon, wat niks kos nie! Niks meer dan Liefde nie. Dit is ook die beste, die mees doeltreffende, die geseënste manier. Dit is die manier van die Engele Gods, van die Dienstige Geeste; ja, van Kristus Self, om ons te help!

Ken jy, my vriend, daar die manier?

So nie, dan wil ek die vir jou en almal duidelik maak. Ek wil nie graag langdradig wees nie, maar dit is 'n grote saak wat onuitsprekelik veel bedui in die lewe van 'n „Soekende Siel".

Dit sal ook nie help om dit met platheid in 'n paar woorde te sê nie, want dit word al dae gesê, sonder nadink, en niemand neem meer notiesie daarvan nie! Dit is 'n gewoonheid geworde om te sê jy moet jou naaste liefhê, jy moet goed vir kwaad vergeld, ens. ens. Maar weinig begryp die diepe verborgenheid wat begrawe lê in daardie woorde: „Seen die wat jou vloek; bid vir die wat jou haat; Gee Liefde aan die wat jou vervolg."

Abraham, Isaak en Jacob, sowel as al die ou Patriarge het goed geweet watter onkeerbare krag daar lê in 'n seën wat uit die hart kom! Wanneer jy iemand 'n seen toewens met jou ganse hart, dan is dit nie net ydele woorde wat jy uiter nie: Met so 'n seën sit jy die krag van die Almagtige self aan die werk om daardie seen uit te voer. Dit is dieselfde met 'n vloek; net die wyse, die ontwikkelde siel, weet hoe om 'n muur om homself te bou sodat die vloek van niemand hom kan aantas nie. „Die naam van sy God is 'n hoog vertrek, 'n vesting," vir die een wat weet hoe om homself daarin te versteek.

Dit is in die „Grote Wet van Gods Liefde bevat, dat wanneer iemand vir 'n ander enig seen toewens, dat die wens, die seen, *moet* geskied, namate van die krag van die wens, die seen; namate van die geloof!

Niemand kan deur 'n wens Gods Wil, of die „plan" van

die Almagtige verander nie; maar dit is in die Wil, in die plan van die Skepper inbegrepe, dat enig *Goed* dat iemand 'n ander toewens, in Liefde, sonder selfsug, moet geskied.

Dus is dit die vermoë van enigeen, deur sigself in Eenheid te bring met die Wet van Gods Liefde, om aan enig ander, vriend of vyand, enige seën te *gee,* net so asof hy die *Hand* van die Almagtige is,—deur met sy gedagtes, sy gebede, sy wense, die Almag van die Liefde in werking te set, volgens die „Wet". Deur die „Wet" kan hy gesondheid aan die sieke gee; rykdom aan die behoeftige; verstand aan die onnosele, reinheid aan die onreine, geduld aan die ongeduldige, voorspoed en geluk aan die onvoorspoedige; Liefde aan die haatdraende! Daar is niks wat die Liefde van God aan ons naaste sal onthou nie, as ons dit op die regte manier aan hulle gee—toewens, volgens die wet van Gods Liefde.

Die werking van *die* wet kan niemand keer nie. Daarom is dit onnodig vir enigeen om te sê dat hy nie in die vermoë is om ander te help nie. Die krag van die wet is onbeperk! onthou dit! Sien jy iemand in pyn, in armoed, in verdriet, in moedeloosheid, ga dan in die „stilte", in jou „binnekamer", en plaas jou gees in verbintenis met die gees van jou Hemelse Vader. Reinig jou eie hart van alle onreinheid (op dieselfde manier, deur die krag van Gods Liefde. En dan—„*Alles* wat gy die Vader sal vra in Myne naam, gelowende dat gy sal ontvang, die sal Hy u skink."

Is dit Liefde wat jy vir iemand wil gee, die Liefde wat alle onreinheid uit drywe? Trek dan Gods Liefde af na jou selwe toe, en stuur dit dan met al jou hart en siel na die een wat jy wil help.

Is dit gesondheid? Vra dan maar van jou Hemelse Vader net soveel gesondheid as jy wil hê, Hy sal meer gee dan jy vra, en gee dit dan weer aan die ander. Doen dit op die regte manier. Stel die sieke voor jou geestelike oë, en *sien* hom gesond word! Dit is *geloof*! jy moet nie net vra, en dit daar laat nie, jy moet voor jou verbeelding jou wens *alreeds vervuld sien*! Dan *is* dit vervuld! want dit beteken die ware geloof wat alles verkry!

En so met alles. Sommige dinge wat jy *so* vra, en dan weer gee aan 'n ander, kry jy op die oomblik, as jou geloof net sterk genog is. Maar daar is dan andere wense wat te groot vir *ons geloof is*: Ons is onbekwaam om dit vir onsselwe voor te stel as alreeds verkry. Moet dan nie moed opgee nie. Niks is onmoontlik vir die Liefde nie. Hou aan totdat jou geloof groei en die uitwerking bring. Sê, byvoorbeeld, dat jy 'n vriend van dronkenskap wil genees. Jou geloof is te swak om dit in één dag te verkry? Hou dan maar aan, dag na dag. jou geloof groei, en elke dag, nadat jou geloof groei, so groei die genesing van jou vrind.

Al duur dit ook jare, voordat jou geloof sterk genoeg is, hou aan. Die poging van elke dag bou jou geloof op, maak jou sterker. *Dit* is ook begrepe in die „Wet''. Elke goeie wens, elke poging om 'n ander te help, bring jou self 'n stap vorentoe, maak jou sterker. Dit is die „weg'' na volmaaktheid, na die „Kristus lewe'' !

„Dit is saliger om te gee dan om te ontvang'', want alles wat jy uit Liefde, uit onselfsugtigheid, aan 'n ander gee, ontvang jy dubbel terug op een of ander manier, deur die werking van die Wet van Gods Liefde. Dit is 'n grote waarheid wat die moeite werd is om uit te dink en te verstaan. So gou as die wereld daardie geheim verstaan, sal alle selfsug sterwe, en die Koninkryk van Liefde sal groei in die hart

Daar is nog baie meer wat ek kon skryf omtrent daardie Wet van Liefde, en hoe dat elkeen homself kan help, deur ander te help; 'n Eie seen kan verwerf deur om andere te seën; maar ek het die weg aangewys. Elkeen kan verder ondersoek en dink. Kristus self maak alles duidelik in Sy leer. Net, ons is al so gewoon om daardie leer te lees en te hoor lees, dat ons nie opmerk watter grote geheime daarin verberg lê nie.

Dit is ook nie verbode om onsself 'n seen af te trek van die Liefde nie.

Gods wil is Liefde! Dit is die wil van die Vader, dat ons van Hem begeer, gesondheid, lewe, liefde, wysheid, waarheid, reinheid, Heiligheid, *alles* wat ons van node het. As ons op

die regte manier, in ware geloof vra, dan *moet* ons dit kry. Dit is in die onweerstaanbare „Wet" van die Liefde! Dit is die *Wil* van die Vader! Daardie Wil is Almagtig, en kan nie gekeer word nie.

Maar onthou die woorde van die Saligmaker: „Soek *eers* die Koninkryk, en al die ander sal jou toegewerp word."

Die werking van die Wet van Liefde is as 'n tweesnydend swaard: Vir Liefde ontvang jy Liefde dubbel terug; vir haat, ontvang jy meer dan dubbel terug wat jy gee!

Wens 'n ander 'n vloek toe, dan keer die vloek terug op jou met onweerstaanbare krag, en jy ontvang tienmaal soveel kwaad as jy 'n ander toewens.

God Self weet dat 'n vloek, 'n bose wens op 'n ander, grote krag kan uitoefen! Daaom het Hy Bileam onmagtig gemaak om die kindere Israëls te vervloek.

Moet nooit 'n ander vervloek, of 'n bose wens toewerp nie. So'n wens, so'n vloek raak die ander een aan net soas 'n skop op die maag, as hy nie weet hoe om die vloek, die wens, skadeloos te maak nie.

Maar hoeveel kwaad so'n wens, so'n vloek aan die ander ook kan doen, die onvermydelike terugkeer is akelig vir jou self! Dit keer altyd terug met tiendubbele krag! en daar is geen manier om daardie terugkeer skadeloos te maak nie.

Hou jou gedagte altoos rein! So as jou gedagte is, *so is* jy!

Die *grootste* krag in die Heelal, agter die liefde, is die gedagte. Die Heelal is geskape deur die Woord van God!

Vóór die „Woord" was die Gedagte van die Skepper! Voor die gedagte was net die liefde.

Die mens is na die beeld van God gemaak. Hy kan geen daad doen, geen woord spreek, voordat hy die eers gedenk het nie. Van die gedagte kom *alles*, goed of kwaad. Jy kan nie 'n huis bou, 'n land ploeë. Jy kan nie eens jou hand roer nie, voordat jy dit nie eers gedink het niet. Daarom, soas jy dink, *so is* jy! Dink altoos Liefde, dan het jy Liefde; dink reinheid, dan is jy rein; dink haat en moord, en uiteindelik is jy 'n moordenaar. Dit alles is *Wet*!

Dink dat jy gesond is, dan is jy gesond.

*Jou gedagte is jou gebed.* God gee jou wat jy om bid.

Daar is nog 'n ander hoedanigheid van die mag van jou gedagte, maar dit is alles die uitwerking van één Wet. Wat jy om dink, die trek jy aan na jou toe! Wat jy jou self voorstel dat jy dit *is*, of dat jy dit besit, dan *is* dit so. Stadig of vinnig, spoedig of langsaam, wat jy jouself voorstel in jou gedagte, die trek jy na jou toe, namate van die krag, van die konsentrasie, van jou gedagte.

As jy oor reinheid dink, dan trek jy nog reinheid na jou toe; as jy om voorspoed dink, en dit vir jou voorstel as reeds in jou besit, dan kom voorspoed na jou toe. So met *alles*.

„Die wat het, die sal nog gegee word."

Pas op wat jy dink, dan is dit nie nodig om op te pas wat jy praat of doen nie, want al jou woorde en dade volg op jou dink.

## DEEL X.

## LIEFDE EN DIENS.

Ons het gesien, dat die Geestelike Koninkryk van God, die Kristus aan ons verkondig het, bestaan uit *,,Liefde'' en Diens.''* Dat Liefde en Diens aan ons naaste die ,,Weg'' is deur welke ons moet wandel om Gods Wil te doen geskied op die Aarde, soas dit in die Hemel is. Dat die ,,Koninkryk'' op Aarde sal kom wanneer die mens die mag, die ware heerlikheid leer ken wat bevat is in die Grote Wet van Gods Liefde. Kort gesê, wanneer die mensdom regtig ,,Broederlike Liefde'' uitoefen jegens sy naaste.

Wie is ons naaste?

Kristus het ons dit so duidelik gemaak, dat daar geen twyfel kan bestaan nie. Die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan toon ons dat ons nie net Liefde skuldig is aan ons eie famielielede, ons beste vriende nie; dat ons naaste nie net bevat is selfs in ons eie nasie of landgenote nie. Ons is Liefde skuldig aan elk skepsel in die Heelal, selfs aan ons vyande en vervolgers, ons bitterste teenstanders.

Voordat ons die ware ,,Broederlike Liefde'' leer ken soas Kristus dit aan ons verkondig het, is dit onmolik vir die Koninkryk van God om te kom op hierdie Aarde, of dat Sy wil kan geskiede by ons soas in die Hemel.

Dis is nou net verniet vir ons om doekies om te draai, of rond om die bos te spring. Te vergeefs is dit vir die Afrikaner om te sê ,,Kan ek die Engelsman liefhê?'' Vir die Engelsman om te sê ,,kan ek die Duitser bemin as my broeder'', of vir die Duitser om te vra ,,kan ek die Fransman Dien as my naaste?''

Die ,,nuwe noot'' klink deur die heelal: ,,Gods Wil *moet* geskiede! Sy Koninkryk moet nou neërdaal op die

Aarde." Al die tekene voorsê deur Kristus is openbaar selfs aan die onopmerkende oog. Kom gewillig; kom in deur Liefde; kom in blydskap, binne in Gods Koninkryk van Liefde en van Diens, of—kom in, gedrywe deur die sweep van bittere lyde, smart en droefenis!

Sien hoe gaat dit daar in Europa, selfs ook nou in Amerika! Gods Gees van Liefde is besig om die volke te drywe met die sweep van oorlog, hongersnood, pestilensie, Rewolusie, en al die euwele van opstand, twist, haat, nyd, en imperialistiese gierigheid. Die volke van Europa wou nie Broederlike Liefde leer nie, hulle wou nie vir hulle self verenig met die nuwe noot van Liefde nie. Hulle wou nog aanhou met die ou valse noot van „Mag is reg" te klink, en nou kyk wat is die gevolg! Hulle het die wind gesaai, hulle oes nou die dwarrelwind, die orkaan!

Verblind deur wereldse gierigheid, deur imperialistiese hebsug, wil hulle nog nie hulle oë oopmaak om te sien die grote afgrond wat voor hulle voete lê nie!

Net een ding kan die wereld red van die vernietiging. Die Broederlike Liefde! Sodra die wereld die nuwe noot van Liefde beken, en daarmee sameklink, dan eindig al daardie vreeslike lyding, van die mensdom: die bloedstorting, die uithongering van vrouens en kinders; die vervolging, die hartbrekende lyding! Dit is die liefde, die Gees van God, wat uit Liefde die mens daartoe wil drywe om ten laaste uit *pyn* te sien, wat hulle, verblind deur die Materialisme, en deur die liefdelose leer van die Kerk, nog altyd geweier het om te sien deur liefde, dat „Broederlike Liefde" alleen vrede kan bring, dat die Almag van die Liefde alleen kan oorwen!

Is dit nodig dat ons, die Afrikaner Volk, ook daardie smeltkroes moet ingaan? Nee! Glad en geheel nie! Daar is nog tyd: Gods Gees is nog besig met ons, om ons saggies, deur ligte klappies van die sweep daartoe te bring om daardie nuwe noot van liefde te klink. Ons is nog nie so diep verval in die modder van oorheersing, van gierigheid nie. Gods Gees het ons nog sover bewaar deur die kastydende hand van die Liefde, dat ons nog nie geleer het om ons geluk en voorspoed,

as 'n volk, te soek by die oorheersing van ander nasies nie. Ons het *self* te swaar gely om te soek om ander ten onder te bring. Dit was Gods Liefde wat ons, met enkele uitsonderinge, daarvoor bewaar het. Ons bewaar in voorbereiding vir die dag wat nou kom.

Laat ons dan nou as volk ons selwe verenig met die nuwe noot van Liefde wat daar deur die ganse Heelal druis in haar onweerstaanbare mag.

Deur Liefde bekom ons *alle mag*! Niks kan die oorwinning van die Liefde keer nie. Probeer dit maar eens met jou teenstander. As alles feil om hom te oorwin, dan kan die Liefde dit nog doen.

In die kleinste, sowel as in die grootste behaal die Liefde altoos die oorwinning.

Liefde is almagtig, want God is Liefde!

Liefde is die GROTE WET van die Heelal!

Deur Liefde was Hemel en Aarde geskape!

Deur Liefde alleen kan die Heelal bestaan en standvastig bly.

Deur Liefde regeer God alles wat IS! Deur Sy Liefde hou Hy die Son, die Maan, die Sterre, sowel as die Aarde, standvastig in hulle bestemde plek.

Liefde is die begin, die fondament van alles.

Wat ons Lief het, die begeer ons! Wat ons begeer, dit denk ons! Wat ons denk dit spreek en doen ons.

Maar lees wat die Bybel sê van die Liefde! Vooral die woorde van die Kristus. Lees ook wat die Apostel van Liefde, Johannes, in sy eerste Sendbrief sê; sien ook wat Paulus skrywe in sy Sendbriewe aan Korinthe en die Philippense. Daar bly niks meer oor om by te voeg nie, om te toon dat Liefde *alles* is, en *alles* Liefde in die Koninkryk van God.

Te lang was die woorde van die Verlosser aangehoor met dowe ore; te lang was Sy boodskap van die Vaderliefde herhaal deur Sy dienaars met ledige mening, soas klinkende metaal, sonder nadruk!

Nou is die tyd gekom dat Sy woorde moet verstaan word, en Sy leer gevolg word.

„God is Lig. As ons in die Lig wandel, soas Hy in die Lig is, dan het ons gemeenskap, die een met die ander. Hy die sy broeder liefhet, die bly in die Lig; maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis, en weet nie waar hy heen gaan nie, want die duisternis het sy oë verblind.''

„Liefde die feil nooit, en nou bly geloof, hoop en liefde, maar die grootste is die Liefde.''

Die Heelal is EEN: Alles wat IS, is deur God geskape uit Sy Liefde, deur die mag van Sy Woord. Elke siel wat leef is 'n kind van God, dus ons broeder, ons suster!

Die Heelal is EEN! Alles is deur God geskape, uit Hemself: Niks is uit niks gemaak nie. God is oral! God is in alles. Alles is Gees, want God is Gees. Selfs wat stoffelik en sigbaar is, is uit Gees, dus uit God Self geskape. Dus is ons Liefde skuldig nie alleen aan ons mede-mens nie, maar aan alles wat IS, want alles is God. Hy openbaar Hemselwe in die kleinste diertjie, sowel as in die grootste Wereld of Son.

God is onbeperk in Liefde, in Wysheid, in Almag, in Alwetendheid. Set geen beperking op wat jy vra van jou Hemelse Vader. Hy gee sonder maat. Daar is geen einde aan wat Hy vir Sy kinders gee tot in die uiterste ewigheid nie. Hy gee soveel as ons kan ontvang. Hy gee net wat *goed* is.

Wanneer ons hier skryf van Liefde, dan bedoel ons nie eie liefde nie, maar die ware Liefde waarvan die Apostel Johannes en ook Paulus so lieflik vertel.

„Hieraan het ons die Liefde geken dat Hy Sy lewe vir ons gestel het, en ons is skuldig vir die broeders die lewe te stel.''

„Myne kinderkens, laat ons nie Lief hê met woorde, nog met die tong nie, maar met die *daad* en *waarheid*.''

„En ons het geken en geloof die Liefde die God tot ons het, God is Liefde; en die in die Liefde blyf, blyf in God, en God in hem.''

„Er is in die Liefde geen vrees, maar die volmaakte Liefde dryf die vrees buite; want die vrees het pyn, en die vrees is nie volmaak in die Liefde.''

„Indien iemand sê : „Ek het God Lief, en haat sy broeder, die is 'n leuenaar, want die sy broeder nie lief het, die hy gesien het, hoe kan hy God Lief hê, die hy nie gesien het nie?" „En hierdie gebod het ons van Hem, namelik dat die God liefhet, die het ook sy broeder Lief."

Aldus Johannes die Apostel van Liefde.

En Paulus, in 1ste Korinthe 13 :—

„Al ware het dat ek die tale der mense en der Engele sprak, en die Liefde nie had, so ware ek een klinkende metaal, of luidende skel geworde......

......en al ware het dat ek al die geloof had, sodat ek berge versette, en die Liefde nie had, soware ek niets !"

„En al ware het dat ek al my goedere tot onderhoud der arme uitdeel, dat ek my liggaam overgaf, opdat ek verbrand sou word, en had die Liefde nie, sou dit my geen nuttigheid gee."

„Die Liefde is lankmoedig, sy is goedertieren; die Liefde is nie afgunstig; Sy is nie opgeblasen,... Sy soek sigselwe nie; Sy word nie verbitterd, Sy denk geen kwaad : „Sy verblyd Sig in die waarheid, Sy bedek alle dinge, Sy geloof alle dinge, Sy hoop alle dinge, Sy verdraag alle dinge."

„Die Liefde vergaat nimmermeer."

As ons Diens en Liefde aan 'n ander gee, dan moet ons niks terug verwag nie. Die Liefde verwag geen beloning, geen terugkeer nie, anders is dit nie die regte onselfsugtige Liefde, die wat Kristus van vertel het nie.

Daardie soort Liefde alleen kan ons op die regte „Weg" bring. Deur daardie Liefde en Diens alleen kan ons vordering maak, voorwaarts, opwaarts na die volmaaktheid van Kristus; kan ons ingaan deur die *„deur"* binne in die „Koninkryk" van ons Leidsman, ons Hemelse Koning !

Leer ons die Liefde gewillig, met vreugde en blydskap; betuig ons die „Diens" uit volle selfverloging, dan is ons van die „uitverkorene", *Liggaam* van die Kristus, die sal regeer as Priesters en Koninge, om die wat agterbly te help red, aan te lok, vorentoe te help; om deur so min dwang as moontlik in te kom in die Heerlikheid van hulle Vader. Met die Mag van

die Allerhoogste, sal ons beklee word om die kranke te genees, die blinde te doen sien, die dowe te laat hoor, die kreupele te ondersteun.

Want nie een van die „Kudde van Kristus" kan of sal verlore gaan nie. Sy versoening was nie net vir 'n deeltjie van Gods kinders nie, maar vir die *hele* Wereld. Almal sal *moet* leer, op een of ander manïer, om die Liefde van God te ontvang, en die wil van God te doen. *Die wil van God is Liefde*! Daardie *Wil* kan nie weerstaan word nie. Duur dit so lang as dit wil, maar Liefde moet oorwin op die uiteinde.

Hoor wat sê Paulus, en *hy* het geweet! Rom. 8 vs. 35: Wie sal ons skei van die Liefde van Kristus? Verdrukking of benoudheid, of vervolging, of honger of naaktheid, of gevaar, of swaard?

Vs. 38: Want ek is verseker dat nog dood, nog lewe, nog engele, nog owerhede, nog magte, nog teenwoordige, nog toekomende dinge.

Vs. 39: Nog hoogte, nog diepte, nog enig ander skepsel, ons sal kan skei van die Liefde Gods, welke is in Kristus Jesus, onse Heere.

# DEEL XI.

## OPSOMMING.

„Dog te vergeefs eer hulle My, lerende leringe die gebode van mense is." Matth. 15 vs. 9.

Daar is nog veel wat ek wou geskrywe het aangaande sekere punte wat ek hier voor aangeraak het, maar die ruimte ontbreek. Dit is te hope dat ons weer 'n latere geleentheid sal kry om dieper in te gaan in sommige van die ewige waarhede van die Heelal, en van die onuitputtelike geheime van die geestelikheid, geheime wat openbaringe kan word vir elkeen, want Kristus belowe, „Die wat soek sal vind, en vir die wat klop sal opegedaan word."

Ek wil hier nou nog net 'n korte opsomming gee van 'n paar punte, wat kan dien tot aansporing vir verder soek, vir sommige van my lesers.

Is daar uitverkorene?

Ja, daar is!

Kan dit dan wees dat God so onregvaardig is om sommige uit te soek bo die andere, om Sy Liefde, Sy Waarheid te ontvang?

Nee! Sekerlik nie! God is skoon Liefde! suiwere Regvaardigheid!

Wat beteken die leer van die Uitverkiesing dan?

Die ganse Helal, Hemel en Aarde, stoflik en geestelik, bestaan uit trappe, een bo die ander, trappe van VORDERING, van die kleinste plantjie of diertjie, op, op, van plant tot dier, van dier tot mens, van mens tot Engele, van die Engele tot by die Allerhoogste, die Vader van 't Heelal.

Die vordering geskied deur „Diens", *nuttig* te wees, uit *Liefde.*

Hoe hoër op in ontwikkeling, hoe groter, hoe magtiger is die Liefde, die Diens. Daar is geen ander vordering, geen ander seleksie nie.

Die hoogste vreugde, in die hoogste Hemele, bestaan uit ,,Diens'', deur Liefde, aan God, aan Sy kindere.

Dit is hier die *Grote Les* waarvoor die mens op aarde kom om te leer. Elke lewe op die aarde van 'n mens, is maar net één dag op skool. En die één grote les om te leer is dat daar geen groter vreugde, geen saliger heerlikheid is, dan selfverlogende Liefde en Diens. *Dit* is die Evangelie van Kristus, die Blyde Boodskap; die ,,Weg'', wat ons terug lei na die Vader. Die Kristus Self het Sy grote oorwinning, Sy heerlikheid behaal deur Liefde, deur Diens.

Kristus sê: ,,My Vader werk tot nu toe, en Ek werk ook.'' Joh. 5 vs. 17.

Daar lê ons voorbeeld. Op tot in die hoogste Hemel, na die grootste heerlikheid, is die ,,Weg'', ,,Liefde'', ,,Diens''.

Die uitverkorene waarvan ons lees in die Bybel is hulle wat vèrste gevorder is in die Diens en in die Liefde. Daarom word hulle verder verhoog tot Priesters en Koninge, om hulle broeders en susters, die wat nog agterbly, verder te Dien uit Liefde, deur hulle op te help, nader te kom aan die ware Koninkryk.

,,Neem u kruis op en volg My.''

,,Dra die een die ander s'n laste.''

Help die kreupel hond, vat die hand van jou swak broer, lei die blinde, voed die hongere, *genees die kranke*. Troos die treurende, gee Liefde aan die liefdelose—dan is jy één van die ,,uitverkorene''. En dit *is* 'n groot voorreg, want aldus word jy geleentheid gegee om verder te vorder, om op te gaan om één te word met Kristus. Ja! om 'n mede-erfgenaam te word van Sy Heerlikheid, 'n deel van Sy geestelike Liggaam, 'n Priester en 'n Koning in Sy Koninkryk.

Maar nie een van die agterblywende sal verlore gaan nie. Gods Liefde, nog minder Sy Regvaardigheid, kan dit toelaat nie. Dit kan neem so lang as dit wil, honderde, duisende of miljoene van jare (daar is geen tyd in die ewigheid nie) maar

uiteindelik sal elkeen *moet* ingaan in hulle erfenis, as Gods kinders, in die Koninkryk van Liefde en van Waarheid.

Is daar dan geen Hel nie?

Ja! Daar is 'n Hel! Die Hel wat ons vir ons self maak deur die „helse" leer van 'n ewige verdoemenis aan te neem. Die Hel wat die Priesters vir ons gemaak het, vir hulle eie belang en voordeel—om vir ons te vertel dat God so Liefdeloos, so onregvaardig kan wees om Sy kinders na 'n ewige marteling van pyn te kan verdoem. Hulle het dit gedoen om hulle arme dupe die vrees in te jaag, en om hulle te dwing om vir hulle, die Priesters, meer geld te gee, om vir hulle te red van daardie self gemaakte Hel.

Dit is van daardie Hel dat Kristus ons vry maak. „Ek verkondig julle die Waarheid van die Vader, en die Waarheid maak vir julle vry!" Die Waarheid van Gods Liefde.

Die *vyand*, die teenstander, gebruik daardie valse leer, daardie „Helse" leer, om ons terug te hou van die Hemelryk! Hy gebruik dit om die swakke siele te drywe na ateïsme, agnosticisme, Godlogening, ongeloof, materialisme. Hy weet goed dat geen ontwikkelde siel in daardie leer kan geloof, sonder om die Liefde, die Regvaardigheid van God te ontken nie.

Is daar dan geen straf vir die sonde nie?

Ja, sekerlik, die sonde word gestraf! *Die sonde bring sy eie straf.* „Wat die mens saai, dat moet hy sekerlik maai." Daardie wet kan nie ontglip word nie, dit is inbegrepe in die „Wet van die Liefde."

Dit bring ons weer by 'n ander groot leuen van die „Vyand", die sê dat ons die oes van ons saai kan vry kom al is dit ook in die laaste uur, die laaste oomblik van ons lewe, deur alleen te sê dat „ons geloof in die Versoening van Kristus!" Daardie is 'n ander leuen wat baie sonde veroorsaak, wat baie swakke terug hou, vir 'n lange tyd, om die Koninkryk te soek!

*Dit* is nie die Versoening van Kristus nie! Dit is geen Liefde nie!

'n Woord van geloof op my sterfbed kan nie my hele na-

tuur verander nie, en my so rein, so volmaak maak, dat ek bekwaam is om God te ontmoet nie, om in Sy teenwoordigheid te staan!

,,Wat die mens saai, dat sal hy moet maai.'' Dit is die wet van die Liefde.

God straf nie die sonde deur 'n ewige verdoemenis van pyn nie!

Die sonde bring sy eie straf. *Alle* kwaad, pyn, siekte, teenspoed, droogte, vloed, slegte regeringe, oorlog, hongersnood, pestilensie, aardbewinge, storme, ja alles, is maar net die gevolg van ons eie sonde, ons eie liefdeloosheid. Haat sit bose magte aan die werk, net soas Liefde die goede magte van die Vader aan die werk sit.

*Kwaad moet kwaad verslind.*

Die kwaad *moet* oorwin word, verander word in *goed. Dit* is wat Kristus ons leer hoe om te doen: Deur die Liefde, en deur die Liefde alleen.

Daar is maar net één manier om vordering te maak, om op te gaan in Heiligheid, om Salig te word, en dit leer die Kristus vir ons: ,,Neem u kruis op en volg My!'' ,,*Ek* is die ,,weg'', die lewe en die Waarheid.''

Hoe?

Deur oorwinning! Oorwinning van die Wereld, van ons eie selfsug, van alle eiebelang. Ja, selfs die dood het Kristus oorwin. As ons Hem wil volg, dan moet ons ook oorwin. Maar deur Sy oorwinning het Kristus dit so maklik vir ons gemaak.

Hy het alreeds die vyand klaar verslaan. Sy oorwinning was ook vir ons. Maar ons moet dit aanneem deur in Hem te geloof, Sy kruis op te neem en Hem te volg.

,,En My juk is nie swaar nie, My kruis is lig, vir hom wat in die ,,Weg'' volg wat Ek gebaan het, die weg van Liefde.'' Liefde vir jou Vader, en veral Sy kinders, jou broers en susters.

En wat meer is, Kristus *gee* vir ons alles wat ons nodig het om te oorwin. Hy gee krag, geloof, moed, ja, Hy gee selfs

die Liefde, as ons maar net dit wil ontvang, deur Sy Gees van Liefde.

Nee, ons word nie versoen tot die Vader *in ons sonde* nie, maar Kristus versoen ons deur ons die oorwinning te gee deur Sy eie oorwinning.

Voordat Kristus vir ons oorwin het, toe was dit nodig om elk biesondere sonde te oorwin; selfs nou nog bring die Gees tot ons elke versoeking die nodig is om ons op te bou in krag en in Heiligheid; om ons sterk te maak tot Diens. Maar, so gou as ons die voornaamste sonde oorwin—dat die *Onkunde* is, waarin bevat is haat, nyd, afguns, selfsug, dan ontvang ons die Liefde, ,,die waarheid maak ons vry."

En wanneer ons die Liefde ontvang, dan is die oorwinning, so te sê, klaar! Ten minste die eerste groot oorwinning is klaar, want dan is ons op die ,,Weg" van Kristus.

Dan is daar geen Hel meer vir ons nie! Nie hier op aarde, nog minder daar in die toekomstige lewe die ons ingaan oor die brug wat genoem word die ,,Dood", maar—Daar is geen ,,Dood" nie!

Wat algemeen die ,,dood" genoem word kan ons ook 'n brug noem: Maar ek noem dit liewers 'n nuwe geboorte 'n geboorte in 'n beter en meer verheerlikte lewe. Maar nog beter, en met meer waarheid kan ons dit noem 'n terugkeer! Terugkeer na ons eie tuiste; want ons eigenlike tuiste is die Hemel. Ons kom daar vandaan, want ons kom uit van die Vader, en ons moet weer daarheen terugkeer, na ons dag op skool, hier in die stoffelike wereld. Keer op keer, totdat ons klaar geleer het, alles oorwin het, deur aanneming van die oorwinning van Kristus.

Ons kan ook nie ledig terugkeer na ons Vader nie. Ons was hierheen gestuur om osn lesse te leer; om ons karakter op te bou deur ondervindinge; om ons bekwaam te maak om verder te vorder deur Diens te doen aan ander. Ons kan nie terugkeer voordat ons die bestemde lesse geleer het nie, die nodige ondervinding, die bepaalde toevoeging tot ons karakter, behaal het nie.

Vir 'n tydjie kan ons terug gaan na ons tuiste, om nuwe

krag te ontvang, om die genot van die Heerlikheid van ons Vader te geniet, maar ons sal moet terug kom, keer op keer, totdat ons met ons Leidsman kan uitroep: „Dit is volbrag, Oorwinning is behaal!"

Hy, ons Leidsman, Kristus, het dit vir ons maklik gemaak. Hy het die „Weg" *vir ons gebaan* en klaargemaak.

Dit was baie swaar vir die ou Voortrekkers om die weg te vind en maklik te maak. Deur veelsukkel, veel verdriet, bloedstorting en trane het hulle die weg berei tot in die verste Zoutpansberge. Maande en maande met groot verlies van hulle diere, hulle besittinge, hulle gesondheid, het hulle moes sukkel om daar te kom, en om 'n spoor te trap vir die wat volg. Nou? Nou gaan ons daarheen in 'n paar daë vir 'n plesiertoertjie! Dit is 'n aangename ondervinding om die reis te doen. Net so het Kristus vir ons die „Weg", terug na die Vader, vir ons maklik en aangenaam gemaak. Die Weg die Hy vir ons gebaan het, lei deur Liefde! Dit is die heerlikste *ondervinding, die grootste vreugde, die verhewenste* blydskap om daardie Weg te volg! As ons maar net gehoorsaam en in Sy voetstappe volg!

So gou as ons regtig in die „Weg" van Liefde kom, sodra as ons tree vir tree, in die voetstappe van ons Leidsman begin te wandel, dan? Dan begin ons heerlikheid. Dan val al ons laste af van ons skouers. Dan bemerk ons skielik dat ons nuwe asem haal, nuwe kragte besit. Dan is dit één blydskap op die ander: Dan voel ons so lig asof ons wil vlie! Die duisternis vlied! Alle vrees, twyfel, sorg en kommer verdwyn.

Dan vind ons uit dat Kristus nie alleen die „Weg" vir ons gebaan en maklik gemaak het nie, maar dat Hy ons alles toevoeg wat ons nodig het op die pad. Die Lig van Sy Waarheid straal op ons weg, dag en nag. As ons moeg word, dan gee Hy ons nuwe krag en moed. As ons honger, dan gee Hy vir ons Lewensbrood om te eet. As ons dors, dan gee Hy vir ons die Lewenswater om te drink. Naar siel en liggaam gee Hy vir ons gesondheid en krag. Dan is daar *niks* vir ons onmoontlik nie, want *alles* wat ons van die Vader vra in Sy

naam, dit word ons gegee—sonder maat—ingedruk en oorlopend!

Dag na dag staan ons meer verbaas oor die nuwe krag, die nuwe voorspoed, die nuwe segeninge die ons ontvang. Dan vind ons uit dat die Wereld alle mag verloor het om ons seer te maak, want al die kragte van die natuur, sowel as van die geestelikheid, is ywerig om ons te gehoorsaam, om vir ons tot Diens te wees, „in Syne Naam." Ons voel so vol van die Liefde, van die Almag van ons Vader, dat dit vir ons lyk asof niks in die wereld vir ons onmoontlik is nie. Ons bekommer ons nie meer oor wereldse skade of teenspoed nie, want „Die Aarde is des Heeren en die volheid daarvan", en wat aan die Vader behoor, behoor ook aan ons.

„Soek eers die Koninkryk, en al dese andere dinge sal u toegeworpe worde!"

Nee! Daar is geen eintlike dood nie! Die „dood" is 'n poort die lei na ons tuiste, na die ware heerlikheid en Liefde van ons Vader. Die aflegging van ons aardse liggaam is maar net soos die aflê van 'n ou uitgediende baadjie om aan te trek die heerlike „bruilofskleed" die ons ontvang van ons Hemelse Vader in die naam van Kristus.

Dit is 'n dwase gewoonte om rou te dra oor die sogenaamde „dood" van ons dierbare! Wanneer ons eers die regte waarheid, die eientlike betekenis van daardie nuwe geboorte verstaan, dan sal dit 'n geleentheid wees vir vreugde, vir feesviering, in plaas van rou, trane en jammerte! Kristus het die dood oorwin. Daar is nie meer dood nie! Heerlike gedagte! Maar ons durf daarom ook nie die sogenaamde dood, daardie nuwe geboorte, soek v o o r die tyd nie. Om oorwinning te behaal, om te leer hoe om selfverlogende Diens te doen, is dit nodig vir ons, om die volle bepaalde dag van ons skool hier op aarde uit te bly. Ons moet eers ons les ten volle leer. Dit is ons plig om gewillig, ja, met blydskap, hier te bly so lang moontlik, so veel te leer, so veel ondervinding te behaal, as ons maar kan, want dan volbring ons die wil van ons Vader, die ons hierheen gestuur het.

Die mate van ons geluk in die tuiste van ons Vader, is afhankelik van die mate van ywer waarmee ons ons lesse geleer het, en na mate ons al die geleenthede, die ons ontvang het, gebruik het.

As ons nie ons les leer nie, as ons nie oorwinning behaal nie, soas Kristus vir ons geleer het, dan sal ons moet terug kom na die skool, keer op keer, net soos 'n stoute kind, en ons les oorleer, ons ondervindinge herhaal met swaarder pyn dan te vore, totdat ons gehoorsaam, en oorwinning behaal.

Dit is alles begryp in die „Wet van Liefde", want God is Liefde.

Ek weet dat sommige dinge wat ek hier sê nie ortodoks is nie. Ek weet ook dat ek gal en giftige venyn van die vyand van die „Teenstander" op my aftrek deur wat ek skrywe. Maar soas ek alreeds gesê het, ons kan nie volgelinge van Kristus wees en terselfder tyd ortodoks wees nie.

Daar was nooit 'n Leraar minder ortodoks dan die Kristus nie; nooit 'n Meester wat die ortodoksie meer veroordeel het dan ons Leidsman nie. Ons kan ook nie in Sy voetstappe volg nie as ons bang is vir wat die ortodoksie mag sê of doen, bang vir die vervolging van die vyand, as ons uit vrees swyg wat die Gees ons gee om te verkondig.

As daar iemand is wat twyfel aan wat hier gesê word, dan vra ek niks meer nie, dan dat hy, of sy, die leer van Kristus Self moet ondersoek en bedink. Lees dit alles oor in die Lig wat hier gegee word. Ontledig jou van die vrees vir die ortodoksie, gaan in die diepte, in die geestelike waarheid van die woorde van Kristus, en kyk of jy nie groter, dieper waarhede daarin vind nie dan jy tevore daarin gevind het met die verduisterde lig van die dogmatiese leer van die ortodoksie? Lees die wonderbare woorde oor en oor, en „soek"! en jy sal verbaas wees om uit te vind dat nuwe Lig, glansryke Lig, elke keer, sig meer en meer openbaar! Lig wat die „Weg" vir jou sal meer en meer duidelik maak. As jy op die regte manier lees, soek, dan sal jy uitvind dat die „soek" meer interessant, meer belangstelling wekkend is, dan die beste ver-

haal, die ontroerendste roman, die jy ooit gelees het. Neem bevoorbeeld die feit dat ons terugkom na die aarde (re-inkarnasie).

Kristus hetgesê: „Eer dat Abraham was, is Ek.... „Ek *Is*, Ek was, en Ek sal kom!"

„Nu spreek Ek tot u met gelykenisse, maar wanneer Ek weer kom sal Ek openlik vir julle die Waarheid van die Vader verklaar."

Hy het vir Sy discipels vertel dat Johannes die Doper Elias was, en ook dat Elias weer sal kom! Soek self, en jy sal nog meer sulke wonderbare verklaringe kry. En wanneer jy dit kry, lees dit met die Lig wat Gods Gees vir jou self gee en nie met die verduisterde lig van die ortodoksie nie.

Moet nie ander na-aap nie, selfs nie die wat vir jou sê dat hulle alleen Gods waarheid besit en verkondig nie. Drink by die oorspronkelike bron van die Fontein van lewende water. Soek, en Gods Gees sal vir jou Sy Wysheid openbaar, helder en onbemodderd deur menselike gedagtes.

*Wees jou self,* Gods Ewebeeld, soas Hy vir jou geskape het, goed en bekwaam om Sy wil te volbring! en Sy Wil is Liefde! En die Wil van Liefde eis dat jy in die Lig moet wandel, vorentoe, opwaarts, nader na die volmaaktheid van jou Hemelse Vader. Jy kan alleen vorentoe, opwaarts gaan, deur vordering, deur die oorwinning van die Onkunde, die wortel van alle kwaad.

In die ortodoksie is daar geen vordering nie, want soas alles wat dogmaties is, staan dit stil. Maar niks kan stil staan nie: Wat nie vorentoe gaan nie, gaan agteruit, agteruit, dieper in die *onkunde*!

En nou is dit nie die tyd om stil te staan, nog minder om agteruit te gaan nie. Op die oomblik stort die Gees 'n vloed van heldere Lig, geestelike openbaringe uit op Gods kinders, die hele Wereld deur, in voorbereiding vir die Wederkoms, die tekene waarvan so duidelik geopenbaar word aan almal, maar voornaamlik aan die wat hulle oë oophou, *wat Hom verwag.*

En die wat wil deelneem in die voorbereiding vir Sy koms, aan die verwelkoming van hul Koning, kan nie bekostig om

stil te staan, of om agteruit te gaan in die onkunde. Gods Gees roep ons toe: Open julle oë, sien die vyeboom se botsels! Die somer is naby: Hy kom! Berei Sy Weg!

„Dan staat er voor my oog 'n Ladder weer
„En Eng'len gaan omhoog en daal neer
Hulle wenk en roep my,
Kom nader, naderby,
Gy pelgrim, kom naby,
By onse Heer."

„Ek is die Lig en die Waarheid."

Ons kan alleen nader kom, *naby onse* Heer, deur ons hart en ons verstand oop te maak om te ontvang die Lig en die Waarheid die Hy aan ons stuur om ons bekwaam te maak vir Sy Diens.

## DEEL XII.

## VERDERE OPSOMMING.

Wees in geen ding besorg, maar laat u begeerte in alles door bid en smeek, met danksegging bekend word by God." Fil. 4 vs. 6.

,,Dra elkanders laste, en vervul also die Wet van Kristus." Galaten 6 vs. 2.

Die Helal is Eén! Alles is Eén, in God die Vader die alles geskape het, uit Sigself.

Ons is almal Gods kindere, van die kleisnte tot die grootste! Van die fynste plantjies, tot die slimste, die mees ontwikkelde mens! Almal Broeders en Susters. Ons is Liefde, sorg, belangstelling skuldig aan almal, aan *alles*!

Die ,,Broederlike Liefde" is die Wet van Kristus. Ontken ons die wet, dan is ons geen volgelinge van Kristus nie. ,,Een nuwe gebod gee Ek u, namelik dat julle elkander moet lief hê."

Ons durf daardie wet van Kristus nooit vergeet nie. Dit moet die leidraad van ons hele lewe wees. In daardie Wet lê opgesluit die hele geheim van ons vordering, van ons saligheid! Deur die volhou van daardie gebod alleen kan ons ons kruis opneem en ons Leidsman volg, kan ons die oorwinning behaal oor die selfsug, die eie begeertes, wat bedoel die grootste moontlike oorwinning.

Hoe kan ons daardie Wet volbring? Ek het alreeds veel gesê vorentoe, hoe dat ons die gebod van Kristus kan volbring deur Liefde aan ons naaste. Nog 'n paar punte wil ek aanhaal as 'n herinnering van wat Kristus ons geleer het. Nie omdat ek iets nuuts kan toevoeg aan wat ons Meester ons alreeds geleer het nie, maar net as 'n aansporing om weer Sy grote lesse te ondersoek, en met nuwe Lig te begryp.

Ons moet nie 'n mens oordeel na sy uiterlikheid nie. Moet nie sy geestelike ontwikkeling skat na sy kerk toe gaan, sy kollekte gee, sy skynheiligheid nie. As hy 'n ware volgeling van die Kristus is, dan sal hy nie vir ons in sy uiterlikheid laat sien wat binne is nie. Dan sal sy ,,binnekamer'' heilig wees. Hy sal sy lewe reel volgens sy Liefde vir God, en nie volgens die opienie van die wereld nie. Sy gedrag sal 'n kwessie wees tussen hom en sy God.

Oordeel liewers glad nie. Laat die oordeel aan God oor.

Vooral, moenie 'n mens se Godsdiens, sy geloof veroordeel nie! Dit is 'n kwaad wat van die Bose kom, gebore uit die sektarianisme. Sektarianisme is 'n middel bemin deur die teenstander, en veroorsaak veel vertraging in die vordering van 'n soekende siel. Dit is alleen die Almag van die Liefde wat daardie groot kwaad kan verander en gebruik ten goede. God sy gedank vir daardie Almag van Liefde, en vir die Wet van Liefde, wat alles beskik ten goede.

Daar is Eén magtige waarheid! As ons die verstaan en aanneem, dan weet ons die ,,Grote Wet'', die Geheim van die Helal. Alles wat *Is*, is uit en deur die wil van God. Gods Wil is LIEFDE.

Niks kan gebeur, of bestaan, sonder die Wil van die Almagtige nie.

Dus, alles wat IS, wat gebeur, is GOED!

Deur daardie Wet is alles geskape en daarop is die Helal gevestig, sodat die miljoene van sterre, van werelde in onbreekbare orde, gereeld hulle eindelose beweging volhou sonder dat daar één van hulle 'n oomblik buite tyd geraak. Aldus is gevorm die Ewige tydperk, die klok van die Heelal, die wat nooit één sekonde te laat of te vroeg die uur aanwys nie.

Wanneer ons daardie geheim verstaan, dan verstaan ons wat die groot Siener bedoel 't toe Hy gesê het: ,,Die kennis van God is die beginsel der Wysheid''; want dan verstaan ons die ,,Ewige Waarom.'' Dan weet ons die rede van ons eie wese. Dan eindig al ons twyfel, al ons teleurstelling, al ons verdriet, ons angs, kommer en sorg, want dan weet ons die *waarom*.

Die Almag van Gods Liefde verander alle skynbare kwaad in goed, ten goede van Gods kinders. Dan weet ons dat op die uiteinde is daar geen kwaad nie. Of liewers—laat ons so sê—op die uiteinde is daar net één kwaad wat moet verander word in goed, en dit is die *Onkunde*! Die onkunde is die wortel, die begin van alle kwaad, want soas Kristus gesê het, ,,Die waarheid maak ons vry." Vry van onkunde!

Ja, ek weet dat ek dit alles alreeds eenmaal gesê het, maar, sulk 'n wonderbare waarheid is altyd wêrd om te herhaal, meer dan éénmaal.

Ons kan oor bogenoemde waarhede dink, veral oor die ,,Grote Wet", waarop die Skepping gegrondves is, vir dae, vir jare, vir ons hele lewe lang, maar dan kan ons nog nie die oneindige diepte, die wonderbare Wysheid van daardie Magtige Geheim uitput nie. As ons nie ons bedinking verhef bo alle stoflike wysheid, op, op tot in die hoogste geestelike verstand nie, dan gaan ons gedagte stilstaan, en ons verbeeldingskrag kom geheel en al te kort. Maar as ons in die gees ons verstand ontwikkel, dan word dit alles duideliker vir ons, elke dag.

Voordat ons verder gaan, om alle misverstand te voorkom, en om die Vyand nie die kans te gee om my woorde te verdraai, wil ek verduidelik wat ek meen wanneer ek sê dat daar geen kwaad is op die *uiteinde* nie, dan die Onkunde alleen!

Wat word bedoel met die ,,uiteinde" (the ultimate)?

Vir die meeste van ons bedoel dit nie die einde van ons teenwoordige lewe nie; dit gaan veel verder. ,,Vir die Almagtige is 'n duisend jaar as één dag, en één dag as 'n duisend jaar." ,,In die Ewigheid is daar geen tyd nie." Dit is te sê, tyd het geen waarde daar nie. As 'n mens aan die strand van die—menselik gesproke—onuitputbare oseaan staan, en 'n emmer sout water daaruit skep, dan het daardie emmer water geen waarde nie, want die voorraad van soutwater is onbeperk. Net soveel beteken 'n duisend jaar uit die Ewigheid.

Die Onkunde is 'n groot kwaad, vir ons, menselik gesproken, want die Onkunde het die mag om 'n siel te vertraag,

erg te vertraag op sy terugreis na die heerlike tuiste van Sy Hemelse Vader. Dit is 'n bittere kwaad vir sulk 'n siel, want also moet hy soveel langer sukkel in sy reis opwaarts, en hoe langer hoe swaarder. Sy reis kan vertraag word vir eeue, duisende, miljoene van jare, as hy weier om sy lesse te leer, en om uit te kom uit die Onkunde. Daarom is die Onkunde die groot kwaad wat moet verander word ten goede deur die Liefde—op die uiteinde. Hoe? Dis 'n wonderlike Wet, daardie Wet van Liefde! Daardie koppige siel wat so lang geweier het om sy Vader se Wil te doen, en hy die wat die lange, lange, sware weg van pyn, droefheid en hartbrekende duisternis moes bewandel, onder die drywende sweep van die Gees, sy vreugde, sy saligheid is groter, wanneer hy daar kom, ten laaste, in die Heerlikheid van sy Vader! Dit kan ook nie anders nie. Na sy bekering, en sy terugkeer na sy Vaderhuis, het die verlore soon beter geweet, dan sy tuisblywende broer, hoe om die genot van sy Vadershuis te geniet.

Ander kwaad dan die onkunde is daar eintlik nie, op die uiteinde! Wat ons in ons teenwoordige onkunde vir „kwaad" aansien, vir die straffende Hand van 'n tot toorn verwekte Vader, is niks anders dan 'n teken van die tedere erbarming van die Liefde! God straf nie die sondaar nie. Die sonde bring sy eie straf deur die onkeerbare, die magtige Wet van Liefde. Dit is nie toorn nie. Dit is Liefde! Elke kwaad, wat tot ons kom, werk ten goede vir ons. Dit bou ons op in karakter; dit gee ons krag tot oorwinning van die Onkunde. As 'n versoeking tot ons kom, en al oorwin ons nie daardie versoeking nie, al val ons in daardie versoeking, al doen ons daardie sonde, dan verander die Wet van Liefde die hele ondervinding nog vir ons ten goede!

Hoe? Dit is alles lesse wat ons leer! Dit is alles oefening om ons op te bou in krag om ten laaste daardie versoeking, daardie sonde te oorwin, wanneer hy weer kom. En weer kom, sal hy, totdat ons hom eintlik oorwin, en dan kom hy nie weer nie.

Net soos 'n kind wat nie weet om sy vingers uit die vuur te hou nie, voordat hy eers gebrand het! *Dan* weet hy goed

dat vuur brand, en dan word hy nie weer versoek om sy hand in die vuur te steek nie.

Ek weet goed dat, volgens die dogmatieke ortodoksie, ek hier uiting gee aan 'n kettery! Maar dink tog, my vriend! Dink tog met die volle verstand die jou Skepper, jou Hemelse Vader vir jou gegee het! Kan jy daaraan glo, dat die Almagtige Skepper, die God van Liefde, die Alwyse, die alleen Regvaardige Vader, sal toelaat dat jy in versoeking sal val, wat Hy goed weet dat jy te swak, te onkundig is om teen te staan, wanneer Hy nie van plan is om dit ten *goede* te beskik vir jou nie? Kan jy glo, kan jy vir 'n oomblik dit aanneem dat die Liefdevolle Vader vir jou sal verdoem na 'n Ewige Vuur van Marteling en Pyn, omdat Hy vir jou so onvolmaak geskape het! Is dit nie die ergste Godslastering om so 'n gedagte te koester! Is dit nie beter om jou Liefdevolle Vader te eer deur te geloof dat Hy weet wat Hy doen, en dat alles wat Hy doen goed is nie? Dat dit alles begrepe is in Sy Volmaakte „Plan", in Sy Grote Wet van Liefde, dat die mens moet vorder, vooruit moet, opwaarts gaan deur ervaring, ondervinding, opbouing, deur oorwinning, na die Voorbeeld van ons Leidsman, die Kristus, die Geliefde Soon van die Vader?

My vriend, is jy 'n ou bejaarde grysaard? Dan weet jy goed dat toe jy 'n kind was dat jy telkens, keer op keer, jou vingers in die vuur (die Sonde) gesteek het, totdat jy uitgevind het dat daardie vuur vir jou brand. Doen jy dit vandag nog? Toe jy jong was, het jy nie vir sommige van jou medemense gehaat nie? Het jy nie probeer om met haat, twis, rusiemaak, met kwaaiigheid, met te toon dat jy self jou man kan staan, om vir jou teenstander te oorwin nie? En nou? Het die Gees van Liefde nog nie vir jou oortuig dat Liefde beter en sterker is nie? Het jy nog nie uitgevind dat daardie vuur van haat en twis brand nie? Dat die Broederlike Liefde veel sterker is om te oorwin, om vrede en geluk vir jou te bring nie? So ja! Dan het jy oorwin! Dan gevoel jy ook dat daardie sonde van jou jeug vergewe is, dat jou Vader dit nie meer vir jou toereken nie, want jy het dit oorwin deur die Krag van die Liefde, deur die voorbeeld van Kristus!

So nee! Dan is jy nog nie 'n volgeling van Kristus nie. Dan sal daardie versoeking weer kom, totdat jy dit oorwin. En daardie vuur sal vir jou seerder brand, elke keer dat jy jou hand daarin steek!

Grysaard! Is dit nie jou ondervinding nie? Erken die Waarheid, gee God die eer, en dank jou Hemelse Vader vir daardie Grote Wet van Liefde die vir jou so teder, so saggies, met sulke diep erbarming leer om in die voetstappe van die Kristus te wandel.

Gee God die Eer! Vertrou op Sy Liefde! Geloof in Sy Regvaardigheid! Moenie langer God laster nie, deur te dink dat Hy minder Regvaardig is dan jy, minder Liefde betoon dan Sy skepsels! Sal jy jou kind verdoem tot 'n ewige marteling van vuur, omdat hy éénmaal ongehoorsaam gewees het? Of sal jy vir hom met sagte liefde tug, en vir hom vermaan en sê: „Neem jou voorbeeld uit die ondervinding, merk op dat kwaad pyn veroorsaak, en—moenie weer sondig nie"?

Het Kristus ooit één sondaar verdoem? Nee! Hy het hulle kwale genees, en vir hulle gesê met Sy teder, liefdebelade stem: „Ga heen in vrede, u sonde is u vergewe, sondig nie meer nie. „My genade is vir u genoeg."

Geluk lê nie in aardse rykdom nie, nog minder in die eer en goedkeuring van die wereld. Daardie dinge is alles skadu, voorbygaande, valse genot. Die Vrede lê in die ontwikkeling van die Siele Lig, verkry deur ervaring, deur opbouing, deur groei! Die groei van ons geestelike verstand, sodat ons in die Gees kan sien, kan hoor!

Dit is die „weg" waartoe die Gees van Kristus ons lei. Dit is die weg van Liefde en onbaatsugtige Diens, die „Weg" van Kristus.

Voordat ons daardie weg gewillig bewandel, is dit nodig vir ons om eers die *behoefte* daaraan te gevoel. Al ons ervaring in die weg van sonde, van selfsug, van wereldse begeerte, en die daarop volgende lyde, is bedoel om ons daardie behoefte te doen gevoel.

Dit is die ervaring waardeur die wereld as 'n geheel nou

deurgaan. Die wereld gaan deur 'n Hel van pyn en smart, 'n eie gemaakte Hel, om die wereld te dwing om die behoefte te gevoel aan die Liefde. Om die wereld as 'n geheel te oortuië dat die Liefde van God, die Liefde vir die medemens, die „Broederlike Liefde", alleen vrede en geluk kan bring.

Die wereld sal *moet* daardie les leer, net soas elk indiwidu die les moet leer. Die Gees van die Liefde dring daarop aan. En die Gees is Almagtig, en kan nie weerstaan word nie, nie altyd nie!

So spoedig as die wereld daardie les geleer het dan eindig die regering van die Mag! Dan sterf die Imperialisme en sy broeder en bondgenoot, die kapitalisme. Dan begin die regering van Liefde. Dan kom die „Koninkryk van Kristus" op aarde. Dan sal Gods Wil geskied hier, soas in die Hemel.

Vrind! sien jy dit nie kom nie? Sien jy nie die rose Lig van die dageraad, die aanbreek vandie dag van Vrede, saggies, lieflik, stadig aankruip daar oor die berge van die horison?

Hoor jy nie die gedruis van die leër Gods, die aanstroom? Die leër van Engele, heilige, verloste siele, die kom om die dageraad te verwelkom?

Sal ons langer vertoef? Sal ons langer teen die stroom opgaan? Sal dit nie beter wees om in te spring! In te spring in daardie magtige stroom van, deur Liefde gedronge, Dienaars, en saam met die stroom ons Liefde, onse Diens toe te wei aan ons Vader, aan Sy kinders?

Sal dit nie die grootste Heerlikheid wees vir ons om as 'n volk voor te gaan in daardie stroom nie! Beter om al ons verlange na voorspoed, na roem, na grootheid, na die Vryheid, te verkry deur die Grote Wet van die Vader? Die Wet van Liefde, die Broederlike Liefde?

Dit is ons aangewese lotsbestemming as ons dit wil aanneem! Die tyd van geweld is voorby. Ons kan nie as 'n volk groot word met die mag van geweld nie. Ons kan oneindig groot word deur die wereld voor te gaan in die gebruik van die grote, onkeerbare mag van die Liefde!

Ek is oortuig daarvan dat die Afrikaanse volk 'n uitverkorene volk is. Uitverkore, nie om ander volke te vernietig, te

onderdruk met geweld, met bloedstorting nie! Maar uitverkore om die wereld te red van eie vernietiging, deur vóór te gaan in die uitoefening van Gods Grote Wet van Liefde, die Broederlike Liefde. Alle tekens wys daartoe: Ons is die enigste volk die nog in die geestelike vryheid verkeer vir sulk 'n taak. Al die neiging van die volksgees is daarheen. Gods Liefde het Self vir ons daarvoor toebereid deur kastyding, deur lyding, deur ervaring! Selfs ons swakhede, ons sonde as 'n volk, was 'n voorbereiding. Die Grote Wet van Liefde werk met ons as 'n Volk, net so volmaak as 'n indiwidu!

Ons lotsbestemming is beslis in die ,,Ewige Plan" van die Allerhoogste. Wee die een die daardie lotsbestemming teëwerk. As hy die wind saai, sal hy die stormwind maai. Hy sal homself vind tussen die boonste en die onderste meulsteen.

,,Die meule Gods maal vreeslik stadig, maar hulle maal baie fyn!"

## DEEL XIII.

## DIE „HEILIGE BEKER".

„Heb u naaste lief as uselwe."

„Doe aan andere, soas jy wil hê dat 'n ander aan jou moet doen."

„Dra die één die ander s'n laste."

Maar is daar dan nie ook gevaar, dat ons die broeder of suster kan benadeel deur te veel vir hulle te doen? Kan dit nie gebeur, dat ons die sondaar versterk in sy kwaad nie?

Ongetwyfel! Veel kwaad kan so gedaan word.

Dit sal nie broederlike liefde wees nie, om te voldoen aan die smeek van die dronkaard vir geld om drank te koop nie. As 'n moordenaar vir ons 'n mes vra om sy vyand dood te steek, sal ons dit vir hom gee? Ons kan ook geen liefde betoon deur om die luiaard in sy luiheid te versterk, deur hom te voed en te kleed sonder dat hy daarvoor werk. Ons kan geen „Diens" bewys aan ons medemens deur om uit sagmoedigheid en liefde die kwaad goed te keur.

Ons plig is om die kwaad te vermy. Ons moet ons verstand gebruik. Ons moet waak dat ons nie die kwaad voed en versterk deur die skyn te gee dat ons dit goedkeur. Kristus het nie geskroom om die skynheilige Fariseër te veroordeel, om die eersugtige skrifgeleerdes te berispe! Maar hy het ook nie vir hulle gehaat nie, vir hulle verdoem na 'n ewige Hel nie! Hy het geween oor hulle bittere oes die hulle sal moet maai, deur die pyn wat hulle sal moet deurgaan voordat hulle Liefde en selfverlogening kan leer. Met tedere Erbarming het hy Jerusalem (Die Jode) toegeroep „Hoe gaarne het Ek u wil beskerm onder My Arms, gelyk 'n hen haar kiekens beskerm onder haar vleuels."

Met diepe medelyde het Hy Sy vervolgers aangesien, en getrag om hulle die „Weg" te leer, om vir hulle „vry" te

maak deur die Waarheid van Sy Vader. Maar Hy het goed geweet dat dit vir hulle nodig was om hulle eie weg te bewandel, totdat die pyn van hulle ondervindinge hulle sal drywe om die behoefte van die Liefde, en die waarheid te gevoel. Hy het nie getrag om enigeen met geweld te bekeer van hulle dwaling nie.

„Kom tot My allen gy die vermoeid en belas is." Maar Hy kon nie hulle las vir hulle dra nie, voordat hulle tot Hem kom en Sy Leer aanneem, Sy waarheid ontvang nie!

Ons kan ons broeder oor die swaar klipperige pad help; ons kan sy bloeiende wonde opbind met die salf van Liefde en medelyde. As hy val kan ons hom optel en vir hom die regte pad wys. Ons kan die Lig van ons eie kennis en waarheid op sy weg gooi! Ons kan vir hom opwys na die groter Lig van die Waarheid en Sy Hemelse Vader. Maar ons kan nie sy pad vir hom loop nie. Hy moet self sy eie pad betree, sy eie inwendige las dra. Ons hulp kan maar net uiterlik wees, behalwe dat ons vir hom kan bid en seën.

Ons kan raad gee, lig en liefde: Ons kan selfs een kant van sy las vat en dit help ligter maak. Vooral kan ons hom help om die onkunde te verslaan!

Maar ons durf nie ons broeder berowe van die voorreg om sy les te leer nie. Ons kan vir hom also groot skade aandoen.Ons kan vir hom verplig om weer te kom en sy half geleerde les geheel weer oor te leer onder veel swaarder omstandighede. Dit is deur sy ervaring, deur sy lyde, deur sy „val en weer opstaan", dat hy moet leer, leer om self te oorwin. Ons eie oorwinning sal ons broer niks help nie. In die skool kan geen kind in die plaas van sy vrind leer nie.

Ons durf ook nie ons hulp terug hou nie. Daar is baie wat ons kan doen sonder om ons vrind te berowe. Veral kan ons hom help om te *soek* na die Waarheid wat hom sal vrymaak van sy las. Maar as hy nie wil luister nie, jou nie wil toelaat om te help nie; nie wil glo dat jy vir hom die regte Lig kan aantoon nie, bekommer jou dan nie daaroor nie. Doen net jou plig, wat jou konsiense vir jou sê wat reg is; laat die res oor aan die Gees van Liefde.

Dit is jou geleëntheid om self vorentoe te gaan, om nader aan die Liefde te genaak, deur jou hulp aan te bied, deur jou Lig te laat skyn. Laat die sukses van jou werk oor aan die Almag van die Liefde. Jou beloning is dieselfde. As jy maar net uit Liefde jou gewilligheid betoon, dan is jou loon seker.

As jy dink dat jy meer geestelik Lig ontvang het dan jou vrind; as jy dink dat jy hom kan help, laat dan jou Lig skyn as 'n Lamp op sy weg. Maar as hy nie die lig wil aanneem nie, wees nie bekommer daaroor nie. Gods Gees weet wat goed is vir jou vrind; en sal vir hom gee net wat hy bekwaam is om te ontvang na sy ontwikkeling in die gees. Jy durf nie jou Lig wegsteek onder 'n koornmaat nie, want jy weet nie of Gods Liefde jou wil gebruik om 'n ander op te help nie! Dit is jou voorreg, jou geleëntheid; maar wanneer jy sien dat jy jou vrind geen goed kan doen deur om vir hom dinge te verkondig wat hy nog nie kan begryp nie, daar hy nog te ver agter is in sy ewolusie, swyg dan! Wag op die Here u God. Die Gees sal hom lei na sy vatbaarheid.

Maar moenie dan daardie swakke broer verag nie: Hy is jou broeder, net maar nog jonger dan jy. Wanneer hy verder vorder in sy ewolusie, in die lering van sy lesse, dan sal hy die Lig wat jy het, ook ontvang! Daar was 'n tyd in jou eie ewolusie toe jy net so agter was as hy. Gaan jou weg, volg jou eie inspirasie, help ander wat nog wag op jou hulp en lig, en dank God vir die voorreg om jou broeders en susters te kan help.

Daarom is dit dat ons nie die geloof en die Godsdiens van 'n ander mag verag nie. Elke Godsdiens, elke leerstelling, hoe agter in ontwikkeling, hoe kort van die volle Waarheid ook al, het 'n deug, volbring 'n seker mate van werk in die „Ewige Plan" van die Alwyse. Daar is Waarheid in almal, hoe klein en verduisterd dit ook mag wees; maar die bereik die doel van die Liefde. Elke kind in die skool moet eers die A.B.C. leer, voordat hy die hoër klasse kan ingaan; ook so met die leerling in die geestelikheid.

Selfs die ortodoksie het sy deug, bereik 'n doel van die Alwyse. Die siele wat nog verbonde is onder die ortodoksie het

nog sekere lesse om te leer, wat hulle op geen ander manier kan leer nie. Die wysheid van Gods Gees, van Liefde, is onfeilbaar. Dit is nie vir ons om te oordeel nie. Ons kan maar net ons eie plig vervul na die beste van ons vermoë, ons eie ontvange Lig volg. Kristus sê: „Wat gaat dit *jou* aan, volg *jy* My."

Soas ek alreeds tevore gesê het, daar was 'n tyd dat dinge in die ortodoksie, in die Kerk, my gewalg, en 'n afsku gegee het. Soas ek nou weet en goed verstaan, was dit ongetwyfel nodig vir my om deur daardie stadium van gevoelens te gaan, nodig vir my eie ontwikkeling, nodig dat ek my moes ledig van alle voorgevormde gevoelens en gedagtes. Maar ek is dankbaar om te sê dat ek nou daardie stadium verby is. Ek verag nie meer daardie leerstellinge, of enige andere nie. Daar is ook ortodoksie in andere gelowe en leerstellinge, dan in die sogenaamde Kristelike Kerk alleen; vorme meer verfoeilik dan die. Ek verstaan nou die doel, die *goed* daarvan. Dit is alles begrepe in die Alwyse Plan van die Bestiering. Wanneer ons oë geopen is, dan eers begin ons in te sien dat waarlik „God bestier alle dinge ten goede vir sy kinders"? Dan kan ons met Paulus sien en uitroep met verbaasde bewondering: „O diepte des rykdoms beide der wysheid en der kennis Gods! hoe ondoorsoeklik is Sy oordele, en onnaspeurlik Sy weë.

„Want wie het die sin des Heeren geken? Of wie is Sy raadsman gewees?

„Of wie het Hem eers gegee, en het sal hem wedervergolde word?

„*Want uit Hem, en deur Hem, en tot Hem is alle dinge.* Hem sy die heerlikheid en der ewigheid, Amen." (Rom 11 vs. 33 tot 36.

Ek ook wil Hem die heerlikheid toeken; Hem dank vir die Lig wat my geleer het om niks te verag wat van Hem uitkom nie, om enig iets vir onheilig aan te sien nie wat Hy geheilig het nie.

Nou verag ek nie meer die ortodoksie nie, nee nie die simpelste, die eenvoudigste geloof van die minste van die kleintjies van die Vader. Ek vra net dat die Vader my ook

dié voorreg wil gee om sommige van Sy ,,klein kindertjies" te help om hulle les te leer, om vorentoe, en opwaarts te gaan, te nader aan die Grote Lig van Sy Waarheid wat Vryheid gee van alle gebondenheid. Ek vra net om gehelp te word om in die voetstappe van my Meester, die Kristus, te volg, om te help om die ysere ketens van die Grote Vyand, die *onkunde*, te verbreek. Ek ag dit vir die grootste voorreg om aldus gebruik te word; as ek maar net kan slaag om één of meer ,,Soekende Siel", die dwaal in die moeras van ongeloof en twyfel, veroorsaak deur die beproewende teënstrydighede van die ortodoksie, te oortuig, dat nieteenstaande enigiets wat die *Onkunde* mag verklaar, dat God is Regvaardig, Hy is Almagtig, en bowe alles, God *is Liefde* !

Daarom is ek oortuig, dat enig ,,Soekende Siel", die so ver gevorder is in sy ewolusie, dat hy ontevrede is met daardie teenstrydighede, en dat hy om daardie rede begin te twyfel en te wankel in sy geloof, dat dit maar net nodig is vir hom om te begryp dat die grootste wet in die Heelal die Liefde is, dan sal hy begin om te *soek;* en dan begin hy om nader te kom aan die ,,Weg", want dan is daar die belofte syne—,,Die soek sal vind, vir die wat klop sal opgedaan word."

Nou weet ek, waarom dat daar sondige mense is. Nou weet ek waarom daar soveel teleurstelling is, soveel swaar, lyding, vrees, onrus, siekte, armoede, oorlog, haat, nyd, bedrog, en al wat teenstrydig is met die ,,Wet van Liefde!"

Ek weet, omdat die *Waarheid* my vry gemaak het, en maak my nog elke dag meer Vry!

Is dit te veel gesê? Twyfel jy daaraan? Geloof jy dan nie in die beloftenisse van die Kristus nie? Wil jy ook weet? wil jy ook *vry* wees? So ja, stoot dan weg van jou al jou voorgevormde opienies, jou bygelowe, gevorm deur die ,,leringe van mense", en soek die Lig van Gods Waarheid by die *Bron* van Gods Wysheid; soek dit daar op die bergtoppe van Gods Liefde, en, geloof my, jy sal nie teleurgestel word nie.

En dan? Dan kom daar 'n stroom van verdere beloftenisse, deur Kristus Self gegee, die dan jou eie word, en jy sal elke

dag meer verwonder staan om uit te vind hoe dat daardie beloftenisse invloei na jou toe.

„Soek eers die Koninkryk, en al die ander sal jou toegeworpe word!"

Dan vind jy uit, ja waarlik! „Alles wat jy die Vader sal vra in My naam, sal Hy u skenk!" en „Eer dat jy vra, sal Hy gee!"

Die eerste, wat jy sal ondervind, sal wees, dat hoemeer jy die Liefde van die Vader begryp, hoe meer sal jou Liefde groei, nie alleen vir God nie, maar ook vir jou medemens, vir *alles* wat die Vader geskape het! Dan begin jy die hele wereld, die natuur te aanskou met verligte oë, met verheerlikte genot en verstand. En hoe meer die Liefde groei, hoe meer groei die Vrede! En met die Vrede kom „al die ander dinge" wat jy kan begeer. Gesondheid na siel en liggaam! Voorspoed en tevredenheid! En vergeet nie dat die een wat tevrede is, die is in die Hemel!

Dan begin jy voel dat jy nie meer dieselfde mens is wat jy tevore gewees het nie. Jy voel so lig as of jy soos 'n voël kan vlie; as of jy nie kan moeg word nie, want jy is vervul met die Lewe, die gesondheid, die energie, die geeskrag van die Almagtige.

Dan begin jy te voel dat „Alle dinge vir jou moontlik is", want Gods Almag is in jou deur die geloof!...... Geloof jy dit? So nie, dan is jy nog nie 'n Kristen nie, want dan geloof jy nie die beloftenisse van die Saligmaker nie. En voordat jy geloof, dan natuurlik kan jy nie.

Niks sal dan vir jou onmoontlik wees nie! Daar sal niks wees wat jy nie kan doen om jou medemens te help nie. Niks wat jy van jou Vader vir jou broer of suster kan vra wat Hy nie sal gee nie. Miskien gee hy dit nie net soas jy dit verwag nie, want Hy weet beter dan jy wat goed is: Hy sal ongetwyfeld veel meer gee dan jy vra of verwag.

Sover het ek geskrywe, en ek het gedink dat ek nou klaar het, dat ek die boodskap die ek ontvang het afgelewer het! Maar dit lyk vir my toe of ek die hele lange verhaal, hierin

bevat, tevergeefs geskrywe het. Met veel gesukkel, met baie woorde, en onnodige herhaal, het ek getrag om my boodskap te doen, maar tevergeefs! My woorde is onvoldoende! My taal is te swak om my boodskap die ek ontvang het duidelik af te lewer.

Sover was ek dan gekom dat ek byna in moedeloosheid gedink het dat ek geheel gefeil het om my werk te doen, en dat ek maar moet tevrede wees om dit oor te laat aan 'n meer bekwame pen—toe gebeur dit dat ek 'n boek opneem en daar 'n gedig lees die ek al meermaal gelees het; ek het dit vantevore gelees met genot, maar nog nooit met sulke verligte oë as nou nie. Nou sien ek, dat daardie gedig (geneem uit die „Rosicrusian Cosmo Conception" deur Max Heindel), my hele boodskap bevat in 'n paar bladsye, beter dan ek dit kon vertel in 'n hele boek!

Daar bly niks oor vir my dan om daardie verhaal hier weer te gee in so weinige woorde as moontlik, anders is my boodskap nog nie ten volle afgelewer nie.

Sommige van my lesers het dit seker al gelees. Dit is „The Vision of Sir Launfal", deur Lowell. Meeste van julle het seker al veel gelees van die legende van die „Holy Grail", dus is dit nie nodig vir my om veel daaroor te sê nie. Die „Holy Grail", was die „Beker" wat die Heere Jesus en Sy discipels uitgedrink het by die geleëntheid van sy laaste Avondmaal. Die „Heilige Beker" was bewaard gebly deur middel van Joseph van Arimathea. Dit het lang gebly onder die sorg en bestiering van Heilige Engele. Ten laaste raak dit verloor, sodat niemand geweet het waar dit was.

Daar was veel fabels vertel van die wonderwerkende krag van daardie Heilige Beker, te veel om hier weer oor te vertel. Maar genoeg om hier te sê, dat die vernaamste hoedanigheid van die Beker was hierin vervat, dat die een wat die Beker in sy bewaring het, was onoorwinbaar deur enige vyand, hetsy aardse, of geestelike! Die besitting van daardie Heilige Beker gee aardse rykdom, ligamelike krag en gesondheid, sowel as die hoogste geestelike volmaaktheid. Dan kan geen sonde hom oorwin, geen verleiding hom laat val, geen vrees hom doen be-

swyk. In 't kort hy besit „*Alle Mag*" ! Al die beloftenisse van die Kristus word sy eie, want die besit van die Beker heilig die bewaarder so, dat hy selfs die heilige Engele tot dienaars het.

Dit was dan ook die begeerte van elke hoogmikkende persoon om die gelukkige één te wees wat sal uitvind waar daardie Heilige Beker was, om dit in besit te kry, sodat hy die heerlike beloftenisse kan ontvang.

In die middeleeue, die tyd van die Ridders, was dit dan ook 'n gewoonte van vele jong Ridders van Ambiesie om uit te gaan om te soek na die „Heilige Beker."

Ek hoop, dat elke leser die diep symboliese mening van daardie „soek" sal verstaan ! Dit is maar 'n fabel, maar dit is net soas één van die gelykenisse van Kristus, bedoel om ons 'n les te leer.

Daar gaan vandag nog baie jong (en oue ook) Ridders uit om daardie „Heilige Beker" te soek, net onder 'n ander naam ! Dit is nou nie so erg die mode as toe, om so te soek nie, want die wereld wat net stoffelike rykdom waardeer, is baie geneig om so 'n „soekende siel" te bespot as 'n dwaas ! En tog is daardie „soekende siel" die ware wysgeer van ons tyd ! Dit is hy, of sy, wat olie vir hulle lampe sal hê wanneer die Bruidegom kom. Dit is daardie spottende wereldling wat Kristus bedoel deur die „dwase maagde", wat te laat sal soek na die „olie" vir hulle lampe. Nou die verhaal.

„Sir Launfal, 'n jong Ridder, vol van hoë ambiesie, en hoogmoedig op sy skoonheid, die prag van sy blinkende bewapening, en die Edele bloed in sy adere, verlaat sy kasteel om te gaan soek na die „Holy Grail", die Heilige Beker, die besit waarvan hom sal verhef tot die grootste, en die mees beroemde Ridder in die Wereld.

Op sy skild is gegraveer 'n glinsterende kruis, die symbool van die tedere sagmoedigheid, die nederige Liefde van ons Saligmaker; maar sy hart is vervul met hoegmoed, met trotse veragting vir die arme en behoeftige !

Toe hy weg ry van sy kasteel ontmoet hy 'n arme leproos, 'n bedelaar, die smeek om 'n aalmoes. Met 'n blik van veragting laat hy sy perd verby pronk, terwyl hy die bedelaar 'n

stuk goudgeld toewerp, soas men 'n been na 'n hongerige hond toegooi!

„Die leproos tel die goud nie op van die stof nie.
„Met pyn in sy hart dink hy—
„Beter vir my 'n arme man se korsie brood,
„Beter die seën van die behoeftige,
„Al keer ek ledig terug van sy deur:
„Dit is geen ware aalmoes wat die hand kan hou.
„Hy gee maar net die waardelose goud—
„Die wat gee deur 'n gevoel van plig;
„Maar hy die wat meedeel van sy weinig
„En gee vir Die wat *ongesien* is—
„Vind daardie draad van albehoudend Prag
„Wat loop deur alles en allen verenig,
„Geen hand kan die geheel van sy aalmoes bevat
„Maar die hart gryp dit met gretige palme
„Want die goddelike gaan met dit, en berg 'n voorraad
„Vir die siel wat verhonger het in die duisternis tevore."

Sir Launfal het lang gesoek die wereld deur na die Heilige Beker, maar te vergeefs—hy kon dit nie kry nie. Hy het so lang gesoek in vreemde lande, en in onbekende streke, dat hy oud en arm en afgedaan ten laaste terugkeer na sy kasteel—'n ridder gebroke van hart, en gereinig van sy hoogmoed en vermetele veragting vir die arme. Net één ding het hy gevind gedurende sy lange „soek"! En dit was nederigheid! Hy was nou van 'n sagmoedige en medelydende hart. Dit wil sê, hy het begin om bekend te raak met die groot geheim van die Heelal, die Mag van die Liefde."

Dit het vir hom lang geneem. Hy moes eers baie swaar kry; deur honger, armoed, teleurstelling, verlatenheid, wonde en pyn, in siel en liggaam. Dit was sy vermetele hoogmoed, sy eiegeregtigheid wat vir hom so lang opgehou het van om sy les te leer, en vir hom gehinder het om *vry* te raak, deur die Waarheid!

Dit is niks om oor te verwonder nie! Dit is maar die gewone loop van die menslike natuur! Dit is also vir ons bestem in die „Ewige Plan" van ons Vader. Sy Liefde eis dat ons self

moet leer deur ondervinding, en ten laaste die „prys" moet behaal deur oorwinning, anders is die bekroning van geen waarde vir ons! Dit is alles Liefde! Dit hang van onsself af, hoe lang dat ons die Gees weerstaan. Ons kan die tyd verkort deur gehoorsaamheid, te eniger tyd. Net so gou as ons gehoorsaam, en die ,,kraal" ingaan, dan hou die sweep op om te klap, want dan is dit nie meer nodig nie. Die Liefde laat nie die minste pyn toe, sonder oorsaak of behoefte nie. Sodra as ons gehoorsaam, en onself verenig met die wil van God, dan hou alle straf, alle lyding, alle teënspoed en teleurstelling op, want dan ontvag ons *alles* wat ons begeer van ons Vader in die Hemel! Dan begeer ons ook niks meer nie, dan wat in Sy Wil is.

Ten laaste keer Sir Launfal terug na sy kasteel—oud, geboë, uitgeleef en gedaan; alleen! teleurgestel! Hy kom by die deur van sy kasteel, en word weggeja, soos 'n veragte bedelaar! Iemand anders het besit geneem. Hy is nou geheel verstoot en sonder selfs die nederigste tuiste. Maar min berou het hy oor werelds verlies.

,,Nie meer op sy skild is geblason die kruis,
,,Maar diep in sy hart is die teken wat hy dra, —
,,die insignia van die lydende arme."

In diepe weemoed draai hy weg van sy eie kasteel, om nou te soek na 'n andere Beker, die beker van medelye om sy dors na die Liefde te stil.

Nou ontmoet hy weer die Leproos, die bedelaar: maar die ontmoeting was geheel anders dan die eerstekeer. Sir Launfal groet hom as 'n vrind, 'n ewemens en 'n gelyke! en sê:

,,......Nou sien ek in jou,
,,'n Beeld van Hem die gesterf het op die Hout.
,,Jy ook het gedra, die doornenkroon.
,,Jy ook was deur die wereld verag en gehoon.
,,Aan jou lewe ook het die wereld nie ontken
,,Die wonde in die hande, die voete en die sy!

,,Erken deur Hem as Sy hand —
,,Sien! *deur Hem* gee ek aan jou!

Toe hy dit gesê het kom daar 'n glans in die oë van die leproos, wat 'n herinnering aan Sir Launfal bring; Hy ken en onthou die bedelaar, hulle eerste ontmoeting! Hy word vervul met berou oor sy minagtende hoogmoed van daardie tyd.

,,Sy hart in hom verander in as en stof.
,,Hy verdeel in twee, sy laaste korsie brood,
,,Hy breek die ys op die verbylopende stroom,
,,En gee vir die arme bedelaar te eet en te drink."

'n Skielike gedaanteverwisseling neem plaas!

,,Geen leproos kruip langer aan sy sy!
,,Voor hom staan 'n verheerlikte Gedaante!

,,En die Stem die sagter is dan die Stilte, sê:—
,,Voorwaar, dit is Ek, wees nie bevrees!
,,In vele lande, sonder baat,
,,Het jy jou lewe spandeer, soekende na die Beker.
,,Sie—dit is hier!—die beker die jy
,,Maar nou, by die stroompie gevul het vir My,
,,Die korsie brood is my liggaam, gebreek vir jou
,,Hierdie water, My Bloed, die Ek gestort 't op die Kruis;
,,Die Heilige Maal, is gehou, voorwaar,
In wat ons *deel* met 'n ander se nood.
,,Nie wat ons *gee* nie, maar wat ons *deel*—
,,Want die gawe *sonder* die gewer is ledig;
,,Wie sigself gee met sy aalmoes voed drie—
,,Sigself, sy hongerende naaste en My!"

Ten laaste het Sir Launfal die ,,Heilige Beker gevind: Hy het die geheim van die ,,Weg" van die Kristus geleer; die Weg van Liefde, Selfopoffering. Geleer om te gee, soas Kristus gee—*Sig Self*!

Waarlik, Sir Launfal het *oorwin.* Van toe af aan was hy die gelukkige Ridder, hy was in besit van die ,,Holy Grail'', die Heilige Beker wat vir hom alle mag, alle vreugde, alle blydskap, alle rykdom bring :

Elkeen van ons kan ook daardie ,,Heilige Beker'' vind, deur te soek, te soek na die ,,Weg'', die Weg van die Kristus; Broederlike Liefde, Selfverlogende Liefde! *Daar is geen ander Weg nie!* Geen ander ,,Holy Grail'' !

**Slot.**

## NOTA.

Hierie verhaal was geskrywe op die 12de Januarie 1919 en het verskyn in die Spectator (Pretoria), van die 14de Junie 1919 tot die 4de Julie 1919.

Die leser kan nou self sien en oordeel hoeveel van die voorspellinge, hierin bevat, alreeds letterlik vervul is; en hoeveel word nou nog elke dag verder vervul!

# DIE JAAR 1925.

## 'N DENKBEELDIGE VERHAAL.

Dit was alreeds ses maande dat Dirk Vorster, as 'n vooruitstrewende boer dit nodig gedink het, om ook die mode te volg, om vir hom 'n lugkar aan te skaf. Hy kon al ordentlik met die ding werk, en het nie geaarsel om grote distansies af te ry met sy lugmasien nie.

Hy het alreeds tweemaal na Natal toe afgeseil (van sy plaas in die Vrystaat oor die Drakensberge). Altwee maal het hy 'n entjie om gery, sodat hy die Drakensberg kon oorkruis deur 'n nek, waar die berge nie so hoog is nie; want hy was bang om oor te vlie waar die berge so danig hoog oprys. Maar *die* keer het hy besluit dat sy beheer oor sy lugkar nou so volmaak was, dat hy dit kon waag om reguit oor die hoë toppe van die,—in die wolke rysende,—berge te vlie. Sover as hy weet het niemand nog ooit oor daardie hoë dele gevlie nie, en dit het hom nog meer aangespoor om met die onderneming deur te gaan; Dit sou 'n nuwe ondervinding wees. Sy lugkar kon vier mense dra, maar hy sou alleen gaan, want hy was van plan om die kar swaar te laai met die nodige goed wat hy wou koop in Durban. Dit sou hom maar weinig meer dan twee uur neem vir sy reis.

Hoe heerlik was dit tog nie om, soas die arend, in die lug, sy vlerke oop te sprei, en op-op-op te gaan tussen die wolke in—reg in die gesig van die oostelike son. Nou is die berge reg vóór hom. Die hoë koppe is reg in sy koers! Sy elewasie is nie hoog genoeg omhulle toppe vry te raak nie. Sal hy so 'n bietjie swaai en hulle mis ry? Nee! met 'n nuwe waaggees maak hy 'n arend kinkel in die lug—op-op-op! Nou is hy bo oor die hoogste kop tussen die drie! Hy voel nog sy bloed gloei van oorwinning, toe merk hy onraad! Sy masien

begin skielik af te sak! Hy het in 'n lugsak geraak, waar die lug so dun is, dat die masien sy elewasie verloor. Daar is nie gevaar nie; die lugkarre word nou so veilig gemaak, dat dit byna onmoontlik is om ongelukke te kry met hulle. Dirk het darem bietjie in die harrewar geraak. Met sy verlies van elewasie kon hy die twede kop nie oorkom nie. Hy maak weer 'n swaai met die oogmerk om hoër te klim. Te vergeefs! Sy masien sak—maak wat hy wil! Dit is iets ongewoons dat die kragtige masien geen antwoord gee aan sy opgaanroeder! Daar moet 'n besondere leë lugsak wees tussen daardie drie hoë koppe. Dirk kyk af na die grond; wat hy daar sien laat hom so skrik dat hy deurmekaar raak. Hy vat aan 'n verkeerde slinger, sy dryfrad gaan staan! Hy sak, sak nog meer voordat hy die ding weer kan aanloop kry.

Toe hy afgekyk het, toe het hy 'n diep-diep leegte daaronder gesien; duisend, twee duisend voet diep, omring met onklimbare kranse. In die haastige blik die hy gevang het, kon hy sien dat daar mense-handewerk te bespeur was, daar onder in die diepe leegte, groen lande, selfs 'n troepie vee!

Sy masien het nou al soveel hoogte verloor, dat hy geen kans kon sien om te maneuver om weer op te gaan nie. Die noute is te eng om te draai en op te swewe na die hoogte; daar is geen ander plan dan om te land! Daar in die diepe leegte moet hy land! Binne 'n minuut staan hy langs sy masien in 'n stuk land met pampoene beplant. Verbaas staan hy rond te kyk. Nog nooit, sover as hy weet, het iemand die hoogte tussen die drie koppe beklim om uit te vind wat daar lê nie. Hoe kom dit dan dat hierin die diepe leegte bewerkte lande en tuine lê? Nie alleen was dit mense handewerk, maar dit was van geen Kaffer of Boesman, dit was die werk van beskaafde hande! Dáár lê 'n stuk mielies—hier 'n groentetuin met boontjies, wortels, uie, en andere groente, alles in nette akkers, en in rye geplant, met 'n voor om dit te benat met water van die stroom wat glinsterend voorby geloop het uit die rotse in die weste! Daar staan ook twee pragtige jong perskebome vol van heerlike Natal perskies, met hulle geel vleis en rooi wange!

Waar kom dit alles vandaan?

So ver hy kan sien is die leegte omring met hoë kranse, nergens minder dan 'n duisend voet hoog nie. Daar was nie één plekke wat 'n bobejaan kon uitklim nie, wat nog te sê 'n mens.

Nog staan hy in verbasing die wonder te aanskou, toe hoor hy 'n stille, bedaarde stem hom toeroep:—

,,Goeimôre, Dirk, en waar kom jy dan vandaan? Is die grote oorlog dan nog aan die gang; en is dit dan ook hier in ons land uitgebreek, dat jy ook al met 'n vliegmasien rond vlie?''

Nog meer verbaas, kyk hy om,—daar aan sy regterhand staan 'n man! 'n Man met rooibruin baard en lang rooibruin hare, wat afstroom tot op sy skouers. Hy was gekleed met 'n velbroek, 'n velmantel hang om sy linkerskouer; op sy kop was 'n velhoed, blykbaar self gemaak; sy voete was ook bedek met ru gemaakte velskoene. In sy mond het hy 'n grote, donkerbruine seroet gesteek, terwyl hy bedaard staan 'n groot wolk rook uit te blaas, en met 'n glimlag van vergenoeging die verbasing van sy besoeker te aanskou.

,,*En wie is jy, en hoe ken jy my naam?*'' vra Dirk, nou onbekwaam om verder te verwonder.

Die ru gekleede vreemdeling stap nader, gee Dirk die hand en sê: ,,Maar ken jy my dan nie, Dirk? Het jy dan al vir Piet Venter so gou vergeet?''

,,Piet Venter! Is jy Piet Venter!'' Hy kyk hom noukeurig aan.—,,Ja, waarlik, jy is Piet Venter! Maar Piet, liewe man, hoe kom jy dan hier? Ons het jou al vir sewe jaar opgegee vir dood!''

Is dit dan al sewe jaar?'' vra Piet. ,,'n Mens vergeet die maande en jare as jy so sonder koerante en briewe lewe. Ek kry nie eers 'n rekening meer nie, van ek hier bly!''

,,Jy het weggeraak, verdwyn—laat my sien—dit was in Augustus 1918—was dit nie? Nou is dit 20 Desember 1925: sewe jaar en vier maande van dat ons jou perd in die veld gekry het, en nie kon uitvind wat van jou geword het nie. Maar

hoe kom jy hier in die vreselike diepe gat in die Drakensberge?

,,Dit is 'n lange geskiedenis, Dirk. Ek het seker net soas jy hier gekom, per ongeluk. Maar kom laat ons huis toe gaan, jy is seker dors, ons gaan melkdrink, dan kan ons praat."

Ten laaste sit hulle twee onder 'n groot doringboom, elk met 'n groot kalabas vol suur bokmelk.

,,Nou Dirk," sê Piet, ,,dit is sewe jaar en meer, dat ek laaste nuus van julle wereld gekry het—wat is die nuus daar buite? Is daar al vrede? Toe ek hier gekom het, was die grote oorlog hard aan die gang, en dit het gelyk of daar nooit 'n einde aan sou kom nie."

,,Ja!...... daar is vrede!...... vrede op Aarde en vreugde in die Hemel! Maar my storie is baie lang, Piet, vertel my eers hoe kom jy hier, dan sal ik jou weer alles vertel. Ons bly as 't ware nou op'n nuwe Aarde, en 'n hervormde wereld is geskape! Sê eers vir my waarom het jy so verdwyn, waarom het jy vir Sannie Joubert, daar in die Kaap-Kolonie, so in die steek gelaat? In Desember sou julle trou, en in Augustus verdwyn jy sonder spoor, sodat ons net jou perd in die veld gekry het. Waarom het jy so gemaak? Sannie treur, en wag nou nog vir jou!"

,,Wag sy nog! Is sy nog nie met 'n ander getrou nie?" vra Piet met 'n nuwe lig in sy oë.

,,Nee! sy wag nog. Kom Piet vertel my alles!"

,,Wel Dirk, ek sal die storie so kort maak as ek kan, ek is nuusgierig om te hoor hoe dit daar buite gaan.

,,Jy weet natuurlik dat ek te perd dorp toe gery het, om die pos te haal. Ek was haastig om 'n verwagte brief van Sannie te kry. Ek het my geweer saam geneem met die doel om 'n bok te skiet, met my terugry. Met die pos in my bladsak oor my skouer (Sannie se brief was in my binnesak) het ek uitgedraai op my terugreis, om hier aan die voet van die berge 'n rebok te skiet. Dit was nie so danig ver uit my pad nie, en ek was seker ek sou nie verniet gaan nie. Ek het gou ook 'n bok gekry, maar net toe ek hom wou skiet, spring hy kort om, en verdwyn toe agter 'n bos teen die voet van 'n krans. Ek

gaan toe nader om te sien wat van hom geword het, en tot my verbasing sien ek toe net 'n nouwe klipskeur. Ek laat my perd toe agter (ek het geweet hy sou nie ver weggaan nie) en volg die bok deur die klipskeur. Daar was net 'n enge passasie, daar was nie 'n uitdraaikans vir die bok nie, want die krans was aan weersye net so glad as 'n muur. Soms vir lange distansies, het die passasie reg onder die kranse ingegaan, sodat dit byna te donker was om te sien. So nou en dan kry ek 'n blik van die bok in die verte; so het ek geweet dat hy nog vóór my was. Dit het lang geduur, sodat ek al moeg geword het; maar ek word hoe langer hoe koppiger. Ek was gedetermineerd om die bok te volg, want ek was nou baie nuusgierig om uit te vind waar gaan die noue paadjie heen, waarvan nòg ek, nòg iemand anders, iets van geweet het, tevore. Na 'n lange wandeling sien ek ten laaste die bok ingaan in 'n opening onder die berg in. Ek volg nog en na omtrent tweehonderd tree deur die donker gang te volg, kom ek uit—uit hier in hierdie wonderlike, eienaardige, verbasende leegte. Toe ek uit kom in die lig, en weer kon sien, sien ek sowat twintig rebokke loop, nie 'n honderd tree van my of nie. Hulle kyk op naar my toe, maar was nie in die minste bang vir my nie. Toe het ek somaar geweet dat hier niemand van te vore gewees het nie, en dat dit 'n private kraal van die bokke was. Twintig tree na my linkerhand sien ek ook 'n stuk of tien mooi, opregte boerbokke loop. Ek het later besluit dat hulle afkomstig is van een of meer verdwaalde bokke, wat hier te lande gekom het, net soas ek deur die rebok te volg. Ek voel toe jammer om die onbevreesde rebokke of van die mak bokke te skiet, en gaan toe maar dieper in, in die leegte, die bokke steur hulle nie eers aan my nie. Ek bekyk toe die plek, en skat die leegte sowat vier honderd morge groot, en vind toe uit, soas jy nou self kan sien, dat dit omring is met hoë, onbeklimbare kranse.

,,Ek het somaar verlief geraak op die aardige boom begroeide plek en gaan toe dieper in om dit verder te besien. Ek vind toe 'n pragtige fontein water wat sterk deur die middel van die leegte loop, en dan weer teen die oostelike krans ver-

dwyn. Die grond, hier in die duisend voet diepe gat in die aarde, was regte vrugbaar; ek sit my neer onder 'n boom en begin te dink: Hoe lekker sou dit nie wees om hier te bly nie, as Sannie net by my was, en nooit weer terug te gaan daar na die buitewereld nie. Dan is ek vry van al die ellende wat die wereld bevat: Oorlog, rassehaat, politiek, en al die jingostreke; om nie te praat van die winkels, koerante, rekeninge, twistige bure, en alle andere dergelike dinge nie."

„Ja," val Dirk hom hier in die rede, „jy was maar altyd 'n koddige kerel, Piet. Ek het altyd gesê jy het 'n streep. Maar gaan aan."

„Daar is nie veel meer te vertel nie. Toe ek nog so sit te dink, voel ek meteens die aarde onder my skud, asof dit oprys onder my. Daar was 'n gekraak en gedreun in die kranse, sodat my bloed begin stil te staan van angs. Ek spring op, maar daar was nergens kans om te vlug nie; tot die bokke staan te verskrik en beangs om uitvlug te soek. Die klippe begin te val en te rol van die kranse, sodat die geraas my ore verdoof het. Toe was alles weer doodstil. Ek weet nie hoe lang die aardbewing geduur het nie, maar vir my was dit seker 'n jaar lang. Toe ek by my verstand kom, hardloop ek na die passasie om te vlug, om hier uit die gedoente uit te kom. Ek was laat! Die opening het toe gesak! Ek en die bokke was vasgekeer."

„En toe?"

„O, niks meer nie," met 'n optrek van sy skouers, „die volgende dag het ek weer by my volle verstand gekom; ek het gou gesien dat daar nie 'n kans was vir 'n bobejaan om uit hierdie gesinke kloof uit te kom nie. Binne 'n jaar tyd was ek heel tevrede om hier in die stilte te bly. Hier is rus en vrede, en ek is ontslaë van al die tweedrag en twis daar tussen die mense. Alles gesê is daar geen plesier om tussen die mense te bly nie, solang as die Satan nog regeer op die aarde. Daar is geen liefde of eensgesindheid meer nie. Daar is net oorlog, slegmaak, verraai, twis, tweedrag en alles wat 'n Hel van die Godvergetende ou aarde maak! Hier is ek heel

tevrede, as ek net vir Sannie hier kon hê. Haar het ek baie gemis."

„Jy is 'n koddige kerel, Piet," sê Dirk. „Maar wag tot ek my storie vertel het, dan sal jy anders praat! Sê my eers, waar kom al die beskawing vandaan wat jy hier verrig het. Waar het jy die saad vandaan gekry om jou lande en tuine te beplant?"

„Dit het Sannie vir my gestuur."

„Sannie-vir-jou-gestuur! Wat praat jy, man!" roep Dirk hom met verbasing aansiende.

„Die dag op die pos het ek 'n pakkie van Sannie ontvang, daar was 'n heel kolleksie van alle soort saad in wat sy gestuur het om ons tuin mee te beplant, in gereedheid vir ons troudag, die volgende Desember. Daar was alle soorte van die beste saad in: pompoene, wortels, bone, beet, selfs 'n handvol mooie mieliepitte, waterlemoene en patat-kalbaspitte."

„Waar kry jy daardie seroete vandaan?" vra Dirk nog diep verwonderd.

„Ek maak dit. Daar was ook tabaksaad in Sannie se pakkie. Man, my ontbreek niks! Daar was tot melkkalbaspitte in, sodat ek jou kan onthaal in alle beskaafheid met die melk van my bokke. Vleis is volop; ek vang soveel hase, bosduiwe, en ander voëls as ek nodig het. As ek lus het vir bokvleis, dan slag ek 'n rebok of 'n boerbok—wat meer is nodig?"

„Waar kry jy vuur?"

„Ek het twee dosies vuurhoutjies gehad, ek het nog 'n volle oor. Hier is volop brandhout, 'n soort hout wat lang brand; ek hou die vuur aan die brand dag en nag. Daar is nog baie wat ek jou kan vertel, maar ek dink dit is nou jou beurt om te vertel; later begin ek weer."

„Waar sal ek begin?"

„Sê my eers, waarom ry jy met 'n vliegmasien?"

„Dit is maar net een van die kleinste veranderinge wat daar buite plaas geneem het van dat jy hier kom wegkruip het. Almal wat in tel is, ry nou met 'n lugkar. Net oue en senuagtig mense, ry in motorkarre. Kar en perde word nie meer

gesien nie; perde word net gebruik op plase en dorpe om te werk, soas om te ploeë of so. Daar word nie eers meer nuwe spoorweë gemaak nie. Dit word bereken dat dit goedkoper en makliker is om al die vervoer te doen met groot vragdraënde lugskepe. Dit is veiliger om met 'n lugkar te ry nou, dan met 'n spoortrein."

„Man, jy verstom my! Maar begin maar liewers by die begin, van die tyd dat ek weggeraak het. Hoe het die oorlog uitgeloop? Dit was nog in volle gang toe ek hierheen gekom het. Wie het gewin?"

„Niemand eintlik nie. Hulle het eers gereken dat Duitsland dit verloor het, maar daar het toe nog baie dinge gebeur. Daar het eers 'n wapenstilstand gekom in November 1918. Toe het dit gelyk of Duitsland klaar was. Toe, later, het die grote wereld vredeskonferensie plaas geneem. Met en na die vredeskonferensie het dinge eers begin te gebeur."

„Hoe so?"

Die wapenstilstand was aangeneem deur Duitsland op seker vredesvoorstelle van President Wilson. Die vredesvoorstelle was voorlopig aangeneem deur al die moënthede, maar toe die vrede eintlik moes begin, toe het die jingoes weer geobjekteer! Die jingoes van Engeland, ondersteun deur seker regeringshoofde van Frankryk en andere, wou Duitsland geheel verbreek en vernietig. Hulle het geobjekteer teen die vryheid van die see. Hulle wou die Volkerebond so eensydig maak, dat imperialisme die oorhand sou neem erger dan ooit. Daar het toe 'n warboel, erger dan ooit tevore ontstaan met geheel 'n ander verdeling van partye. Onder andere, Amerika het oorgespring, en toe—en toe!"....

„Ja—en toe?" vra Piet, met grote belangstelling.

„Man, ek weet nie hoe om jou te vertel nie! Die hele wereld was toe deurmekaar. Niemand het geweet wie was vriend of vyand nie. Elke dag was daar grote veranderinge, en nuwe ontploffings! Dit was rewolusie op rewolusie, oorlog op oorlog, pestilensie op pestilensie, hongersnood op hongersnood, warboel op warboel! Anargie het regeer! Ek sê vir jou, die Satan het toe regtig losgebreek op die wereld! Nie

één land het vry geraak nie. Almal moes die verwoesting van rewolusie, pestilensie en hongersnood deurgaan, totdat die Satan sy rol klaargespeel het, en die ou wereld gereinig was van die verwoestende gees!"

„Arme ou aarde," sug Piet. „Het al die mense dan van hulle verstand geraak?"

„Ja! Niks anders nie. Selfs die natuur het deel geneem, want aardbewinge en storms het gewoed! Droogtes en verspoelinge het verwoes! Dit het waarlik gelyk of die oordeelsdag nou op hande was!"

„En wat was die end?"

„Uiteindelik het die demokrasie self sake in hande geneem. Aan die een kant was Bolsjewisme op sy regte plek gesit, as te oordrywend en te eensydig vir die ene kant, aan die ander kant was jingoisme en imperialisme vir altyd gedood en 'n einde aan gemaak."

„Hoe het hulle dit reg gekry?"

„Die hemel weet alleen! Maar toe die warboel tot 'n bedaring gekom het, toe was daar geen koning meer in enig land; daar het ook nie één oorgebly van al die ou regeringsmanne en voormanne van die vroeëre oorlogstyd nie. Al die ou jingo oorlogmakers het verdwyn soos mis! Hulle was maar tog te bly as hulle net 'n kans kon kry om hulle koppe weg te steek in die geheimste gate van die berge, toe die storm oor hulle losgebreek het. Min van hulle het ook vry gekom, want die woede van die volke, toe hulle ontwaak het, was as 'n verwoestende storm, en hulle wraak was nougeset op die vroeër leidsmanne wat hulle, deur hulle jingogees en hulle imperialisme, so in die verdoemenis gelei het, wat die hele wereld in oorlog, in rewolusie, en in verwoesting gebring het. Vandag is daar ook geen Empaaier meer nie; daar is ook geen koninkryk meer nie. Die hele wereld is verdeel in republieke. Elke nasie het die reg om sigself te regeer soos hulle wil Daar is ook geen kans vir oorlog meer nie!"

„Die Volkerebond?"

„Die Volkerebond is gestig, volmaak en kragtig. Elke nasie, elke republiek, is vas verbonde om, as Imperialisme sy

kop weer wil uitsteek, daarop te trap, en dit te verbrysel. As énige land wil oorlog maak, dan moet hy teen die Volkerebond, die hele wereld oorlog maak?"

„Sal dit werk?"

„Uitstekend! Die Uitvoerende Raad van die Volkerebond sit gedurig. As 'n nasie klagte wil maak teen 'n ander nasie, dan besluit die judisele komitee van die Raad wie is reg, en dan moet die ander so skik. Ek sê vir jou, man, daar is nou ‚Vrede op aarde en vreugde in die Hemele'!"

„Hoe kan daar vrede en vreugde wees?" sug Piet, diep peinsend. „Daar is nog altyd kapitalisme en vervolgens is daar nie nog altyd armoede nie?"

„Verstaan jy dan nog nie, Piet?" sê Dirk ernstig. „Daar is byna geen kapitalisme, geen armoed meer nie. Kapitalisme en armoed is byna dood, saam met jingoisme en imperialisme!"

„Man, jy verbaas my! Hoe het hulle dit reg gekry?"

„Piet, dit lyk vir my, hoe langer en hoe duideliker ek probeer om jou die dinge te maak verstaan, hoe dommer en onnoseler dat jy word! Kyk, man, deur die onbegrensde rykdom te beperk. Geen man durf nou meer rykdom vergader nie, dan nodig is vir sy onderhoud. Al wat hy meer dan 'n seker som vergader vat die Staat. Elke man is geregtig op 'n seker inkomste, elke man ontvang dieselfde inkomste, òf hy die laagste, òf die edelste werk doen."

„En die sieklike, die ou mense, die wese?"

„Die Staat onderhou almal. Die inkomste van almal is eenders. Elkeen werk net na sy kragte is."

„En die luie,—die wat te lui is om te werk?"

„Die wat te lui is om te werk, word as kranksinnig beskou. As hulle kranksinnigheid alleen bestaan uit loutere luiheid, dan word hulle net op kaboemielies gevoer, totdat hulle herstel. Hulle herstel gewoonlik gou."

„Dit is alles te wonderlik om te glo! Wat het dan van al die rykdom van die wereld geword?"

„Daar is nie meer rykdom nie,—soos in die ou dae. Ek het vir jou gesê daar is nie meer konings op aarde nie, selfs

„Koning Goud" is geval. 'Goud' het geen mag meer nie!"

„Goud geen mag meer nie!"

„Nee! Goud word nou net gebruik soas yster en ander metaal, in diens vir die mensdom. Sy regering is op 'n end!"

„En wat sê die goud-magnate van Johannesburg daarvan?"

„Johannesburg is nie meer nie. Die goudstad lê in 'n puinhoop voor meer dan twee jaar al: Die grote Babelon is geval!"

„Liewe aarde, wat sal jy my nog meer vertel! En dit is alles in die laatste sewe jaar geskied? Ek wonder wat jy my nog meer sal vertel!"

„Man, dit sal weke en maande neem om jou alles te vertel, wat in die sewe jaar gebeur het. As ek begin dan weet ek nie waar om op te hou nie!"

„Jy het my nog niks vertel wat hier in Suid Afrika gebeur het nie. Arme Suid Afrika! Dit het vir my begin lyk of daar nooit weer rus of vrede vir ons dierbare land sal wees nie."

„Arme Suid Afrika! Man, wat praat jy! Gelukkige Suid Afrika—nou! Daar is nie 'n gelukkiger land dan Suid Afrika in die hele wereld nou nie!"

„Het Suid Afrika dan al die ellende wat jy van vertel—rewolusie, pestilensie en hongersnood—vry gespring? Waarom was ons dan so gelukkig?"

„Nee, ou vriend, nie so nie! Suid Afrika moes alles deurgaan. Ons liewe ou land moes ook deur die smeltkroes gaan, en die beproewing was ook baie swaar. Baie het beswyk! Almal het swaar gekry."

„Hoe so? Het ons Engelse vriende—nee, ek sal liewers sê, het die Engelse jingoes dan gemaak soos hulle ons belowe het? Hulle het mos gesê, dat, wanneer hulle met die Duitsers klaar het, hulle dan met die Afrikaners sal begin om ons reg te sit?"

„Hulle het probeer, maar dinge het anders uitgedraai dan hulle verwag het."

„Het die *rewolusie dan van die Nasionaliste gekom?* Het hulle gerebelleer om 'n republiek te verkry?"

„Nee, nee, so nie! Die jingoes het hulle geterg en uitgeskel, sleggemaak, en alles in hulle vermoë gedoen om die Nasionaliste te dwing om oor te gaan tot rewolusie, maar die rewolusie het nie van hulle gekom nie!"

„Van wie dan?"

„Dis moeilik om te sê. Daar was stakinge, hongersnood, pestilensie, en—en wat nog meer. Uiteindelik was dit net so'n deurmekaar spul as in Europa. Vernaamlik was dit tussen die kapitaliste en arbeiders. Maar dit het nie lang geduur nie. Die regte Arbeiders het spoedig uitgevind dat imperialisme en jingoisme, niks anders was dan kapitalisme. Baie van die leiers en voormanne van die Arbeiders was ook maar imperialiste, maar die ware Arbeiders het hulle gou uitgevind, en *vir hulle omvergegooi. Die Arbeiders het ook uitgevind, na*dat hulle valse leiers verdwyn het, dat hulle politiek, en die van die Nasionaliste maar één en dieselfde is. Toe het die twee partye verenig. Meeste van die Arbeiders was alreeds republikeins, maar toe die Engelse volk hulle jingo regering vernietig het, en Engeland 'n republiek verklaar het—toe—toe was almal republikeins! Gou-gou was daar nie meer één jingo of imperialis in geheel Suid Afrika nie. Vandag is daar nie Engelse of Boere, of Jingoes of Imperialiste, nog minder 'n kapitalis in die land nie. Ons is almal ware Afrikaanse patriotte nou!"

„Man, maar wat vertel jy my? Is die ou wereld verdwyn? Bly ons dan nou in 'n nuwe wereld? Is dit dan wonder op wonder?"

„Ja, kerel, dit is niks anders dan 'n nuwe eeu wat ons in leef, 'n eeu van Vrede en Liefde."

„Die duisendjarige vrede?"

„Dit lyk so, dis seker die begin van die millennium! Die wonderlikste is, daar is nie alleen vrede tussen volk en volk, tussen land en land nie, maar ook tussen kerk en kerk, tussen man en man! Daar is vrede in die politiek, vrede in die samelewing, vrede in die Godsdiens!

„Ongeloofbaar!"

„Maar die wonderlikste van alles is—Suid Afrika! Ons liewe Suid Afrika het ten laaste in sy erfenis ingegaan. Daar gaan 'n lig uit van Suid Afrika wat die hele wereld verlig! Suid Afrika gaan die wereld vooruit, en dien tot 'n voorbeeld en 'n model vir al die ander lande! Uit Suid Afrika ontstaan die lig wat heerlike strale uitwerp oor geheel die aarde! Strale van vooruitgang, van vrede, van liefde, van eensgesindheid, van nuwe beginsels tot seën en voordeel vir die mensdom! Strale van kuns en wetenskap! Uit Suid Afrika het die eerste strale van vrede uitgegaan, wat die verwoesting op die aarde tot 'n eind gemaak het."

„En—en—Dirk, jy sê nie vir my nie, is Suid Afrika ook nou vry? Staan ons nog onder 'n vreemde vlag?"

Dirk spring op sy voete, ontbloot sy hoof, rys sy oë hemelwaarts en sê met eerbiedige, ernstige stem: „Piet, my vrind—dank ons liewe Heere, Suid Afrika is vry! Ons eie vlag waai oor ons, God alleen is Koning, Kristus Self regeer oor ons land! Aan die hoof van elke departement van ons regering staan getroue Afrikaners. Die Afrikaners, van welke ras ook, *gebore of aangenome, is in die grote meerderheid!* Baie van ons ou vyande het verander in vrinde! En die beste van alles, ons vryheid het, so te sê, van die hemel gekom, so natuurlik, so deur die bestierende Hand beskik!"

„Ag, man! Jy laat my bloed huppel in my are van blydskap! Kerel, jy laat my verlang om terug te gaan na my volk, my ou land!"

„Man, nou sal ek nie meer tevrede hier kan bly nie nie!" Hy spring op sy voete. „Vrind neem my terug, terug na die wereld, dat ek ook die nuwe wereld kan sien en beleef! Of, of—Dirk, Dirk—my ou vrind, spot jy dalk net met my? Kan al die dinge gebeur wat jy sê? Het jy net hier gekom om my bly te maak, deur valse stories van liefde, vrede, en vryheid, om my hart te doen breek van teleurstelling? Is alles wat jy my vertel het waar? Is dit waar, Dirk?"

,,Dis alles waar, Piet, dis waar! Alles wat ek jou vertel het, is maar die begin. Dis maar 'n skets van ons nuwe geluk. Kom, kerel, kom! Klim op my lugkar, en ek sal jou neem waar jy self kan sien dat die tyd aangebreek het, wat die engele van gesing het: Vrede op Aarde, Vreugde in die Hemele, in die mense 'n welbehage! Kom, Piet, kom!"

F. J. HAARHOFF,
Posbus 92, Graaff Reinet.

12de Januarie 1919.

SLOT.